UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE PROBLEMATIEK VAN TE VROEË SKOOLVERLATING EN DIE MOONTLIKHEID VAN PEDOTERAPEUTIESE HULPVERLENING

deur

Stefanus Francois Marais Crous

B.A., T.H.O.D., B.Ed.

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die Fakulteit Opvoedkunde,
Universiteit van Pretoria.

Leier : Dr. T.R. Botha.

Pretoria. Desember 1975.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Geldelike bystand wat ontvang is van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en die Universiteit van Pretoria vir die uitvoering van hierdie navorsing, word hiermee met dank erken.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## DANKBETUIGINGS

My opregte dank en waardering word hiermee betuig aan :

Dr. T.R. Botha vir sy bekwame leiding en onbaatsugtige opoffering ;

Prof. P.J.J. du Plessis en Dr. J.W.M. Pretorius vir hulp en leiding ;

alle skoolhoofde vir die inruiming van tyd en plek waar die hulpverlening kon plaasvind ;

my eggenote vir haar aanmoediging en opoffering wat grootliks bygedra het tot die voltooiing van hierdie verhandeling ;

my ouers vir hul aanmoediging en belangstelling.

Aan God al die dank en eer.

# INHOUDSOPGAWE.

## HOOFSTUK I

Bladsy

### INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN PROGRAM VAN DIE ONDERSOEK.


1. Inleiding .......... 1
   1.1 Die aard en omvang van die probleem te vroeë skoolverlating .......... 1
   1.2 Voltooide ondersoeke na die problematiek van te vroeë skoolverlating .......... 2
2. Probleemstelling .......... 5
   2.1 Faktore ten grondslag aan te vroeë skoolverlating.. 5
      2.1.1 Die gesinsituasie .......... 5
      2.1.2 Die skoolsituasie .......... 7
      2.1.3 Die milieu .......... 8
      2.1.4 Die arbeidsituasie .......... 10
      2.1.5 Die eie persoonstruktuur .......... 11
      2.1.6 Organiese faktore .......... 12
   2.2 Die implikasies van te vroeë skoolverlating .......... 12
      2.2.1 Die gebrekkige aktualisering van moontlikhede .......... 13
      2.2.2 Gebrekkige normidentifikasie .......... 13
      2.2.3 Gebrekkige niveauverheffing .......... 14
      2.2.4 Die stigting van 'n wêreld-in-opposisie .......... 16
      2.2.5 Ongewenste groepsvorming .......... 17
      2.2.6 Gebrekkige roepingsbewustheid en nie-verantwoordbare beroepskeuse .......... 18
      2.2.7 Die te vroeë skoolverlater as ontoereikende toekomstige opvoeder .......... 20
   2.3 Samevattende probleemstelling .......... 21
3. Doel van die ondersoek .......... 22
4. Verdere opset van die navorsingstudie .......... 22
5. Verwysings .......... 24


## HOOFSTUK II

### PEDOTERAPIE TEN AANSIEN VAN POTENSIEEL TE VROEË SKOOLVERLATERS


1. Inleiding .......... 26

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bladsy

1.1 Die noodsaaklikheid van pedoterapie aan die potensieel te vroeë skoolverlater ............... 26

1.2 Die huidige stand van pedoterapie aan potensieel te vroeë skoolverlaters in hoërskole ............ 29

2. Die vorme van pedoterapie ........................... 31

2.1 Spelterapie .................................... 32

2.2 Beeldterapie ................................... 33

2.3 Gespreksterapie ................................ 35

3. Moontlikheidsvoorwaardes vir gespreksterapie ........... 37

4. Verloop van die gespreksterapeutiese gebeure ........... 39

4.1 In kommunikasie tree met die potensieel te vroeë skoolverlater .................................. 40

4.2 Die potensieel te vroeë skoolverlater laat handel. 41

4.3 Die potensieel te vroeë skoolverlater nie laat handel nie ..................................... 42

5. Kriteria ter evaluering van die gespreksterapeutiese gebeure ............................................. 42

5.1 Word die potensieel te vroeë skoolverlater, as kind-in-nood, gesteun tot 'n betekening van die sinvolheid van sy eie bestaan? .................. 43

5.2 Kom die potensieel te vroeë skoolverlater in die pedoterapie tot selfbeoordeling en selfbegrip? ... 44

5.3 Word die potensieel te vroeë skoolverlater in sy menswaardigheid raakgesien en word hy gesteun tot agting vir menswaardigheid? ...................... 45

5.4 Geskied pedoterapie met die oog op die potensieel te vroeë skoolverlater se uiteindelik sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling? ........ 46

5.5 Word die eis tot verantwoordelikheid aan die potensieel te vroeë skoolverlater gestel? ........ 47

5.6 Word norme en waardes in die pedoterapie gerealiseer sodat die potensieel te vroeë skoolverlater hom daarmee kan identifiseer? ........... 49

5.7 Kom die aangeleentheid van lewensopvatting in die pedoterapie met die potensieel te vroeë skoolverlater ter sprake? ............................... 50

6. Die essensies van gespreksterapie ...................... 51

7. Sintese ................................................ 53

8. Verwysings ............................................. 55

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


HOOFSTUK III — Bladsy

DIE WERKWYSE EN UITKOMS VAN DIE ONDERSOEK

1. Inleiding .............................................. 58
1.1 Die empiriese ondersoek ......................... 58
1.2 Afgrensing van die potensiële skoolverlaters ..... 59
1.3 Selektering van die pedoterapiegroep ............ 60
2. Pedoterapie aan die potensieel te vroeë skoolverlater .. 63
2.1 Organisatoriese prosedure ....................... 63
2.2 Hoofmomente uit die verloop en inhoud van die pedoterapie .................................. 64
2.3 Ouerbegeleiding ................................. 68
3. Die uitkoms van die empiriese ondersoek ............... 71
4. Samevattende opmerkings ............................... 75
5. Verwysings ............................................ 76

HOOFSTUK IV

ꞌn PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF OP ENKELE POTENSIEEL TE VROEË SKOOLVERLATERS WAT BY DIE PEDOTERAPIEGROEP BETROKKE WAS

1. Inleiding .............................................. 78
2. Persoonsbeelde van enkele potensieel te vroeë skoolverlaters ............................................. 78
2.1 Maria ........................................... 78
2.1.1 Identifikasiedata ........................ 78
2.1.2 Historisiteitsbeeld ...................... 79
2.1.3 Intelligensie - analise .................. 81
2.1.4 Projeksie- en ekspressiemedia ............ 81
2.1.5 Samevattende persoonsbeeld ............... 84
2.1.6 Hulpverlening ............................ 85
2.1.7 Ouerbegeleiding .......................... 86
2.1.8 Uitkoms van die pedoterapie .............. 88
2.2 Martin .......................................... 89
2.2.1 Identifikasiedata ........................ 89
2.2.2 Historisiteitsbeeld ...................... 89
2.2.3 Diagnostiseringsondersoek ................ 90
2.2.4 Samevattende persoonsbeeld ............... 94

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bladsy

2.2.5 Hulpverlening ........................ 94
2.2.6 Uitkoms van die pedoterapie ............ 96

2.3 Ria

2.3.1 Identifikasiedata ..................... 96
2.3.2 Historisiteitsbeeld ................... 97
2.3.3 Diagnostiseringsondersoek ............. 99
2.3.4 Samevattende persoonsbeeld ............ 100
2.3.5 Hulpverlening ......................... 102
2.3.6 Ouerbegeleiding ....................... 103
2.3.7 Uitkoms van die pedoterapie ........... 105

3. Samevattende opmerkings ........................ 106
4. Verwysings ..................................... 107

HOOFSTUK V

SAMEVATTING, BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

1. Inleiding ...................................... 108
2. Samevatting van die ondersoek .................. 108
3. Bevindinge ..................................... 110

3.1 Bevindinge ten opsigte van die identifisering van die potensieel te vroeë skoolverlater ....... 110
3.2 Bevindinge ten opsigte van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater by die skole ...... 110
3.3 Bevindinge ten opsigte van die onderwysstelsel .. 111
3.4 Bevindinge ten opsigte van die faktore wat aanleiding gee tot potensieel te vroeë skoolverlating ...... 112
3.5 Bevindinge ten opsigte van die uitkoms van die terapie aan die potensieel te vroeë skoolverlaters wat by hierdie ondersoek betrokke was .... 112

4. Gevolgtrekkings ................................ 113
5. Aanbevelings ................................... 114

5.1 Aanbevelings ten opsigte van die identifikasie van die potensieel te vroeë skoolverlater ....... 114
5.2 Aanbevelings ten opsigte van die onderwysstelsel. 114
5.3 Algemene aanbevelings ........................ 115

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


Bladsy

Bibliografie .......................................... 116

Samevatting .......................................... 121

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK I

# INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN PROGRAM VAN DIE ONDERSOEK

## 1. INLEIDING.

### 1.1 Die aard en omvang van die probleem te vroeë skoolverlating.

Te vroeë skoolverlating is ŉ probleem wat in die afgelope aantal jare al meer aandag geniet, aangesien dit ŉ probleem is wat onrusbarende afmetings begin aanneem. In die huidige tydsgewrig het ŉ land soos Suid-Afrika die volle lading van sy potensiële mannekrag nodig om hom op al die gebiede van die samelewing weerbaar te maak. Wat die erns van die probleem van te vroeë skoolverlating veral onderstreep, is die feit dat dit juis dié leerlinge is wat oor die nodige verstandelike potensiaal beskik, wat deur onverantwoordelike en onverantwoordbare verlating van die skool, vir die land verlore gaan.

Die te vroeë skoolverlater is daardie leerling wat nie behoorlik antwoord gee op die appèl om sy moontlikhede optimaal te aktualiseer nie en wat op "onverantwoordbare en onverantwoordelike wyse oorgaan tot die skoolverlatingsakt " (14,p.7).*
Vir die doel van hierdie ondersoek gaan dit nie net om die kind wat wel oorgaan tot skoolverlating nie, maar veral ook om dié kind wat, ondanks sy goeie verstandelike moontlikhede, ŉ onderpresteerder op skool is en wat selfs druip en daarom as potensiële skoolverlater geproklameer word. In die verband word veral aan leerlinge gedink wat oor ŉ intelligensiesyfer van 120+ beskik maar wat skolasties onder die klasgemiddeld presteer (verwys Hoofstuk III).

---

* Die eerste syfer dui die nommer van die boek in die verwysings aan en die tweede syfer die nommer van die bladsy in die betrokke boek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Soos reeds vermeld, is die problematiek van te vroeë skoolverlating ŉ probleem wat besig is om in omvang toe te neem. Uit Projek Talentopname, soos geloods deur die Instituut vir Mannekragnavorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing tussen die jare 1965 tot 1969 (3, p.91) blyk dit dat slegs 38,1% van die leerlinge wat in 1965 in standerd 6 was, hulle in 1969 in matriek bevind het. As ander faktore soos druiping, uitgeskakel word, blyk dit dat ongeveer 55% van die oorspronklike leerlingtal in die opnametydperk die skool voor hulle standerd 10-jaar verlaat het.

Uit ŉ ander verslag (19, p.89) van die Instituut vir Mannekragnavorsing blyk dit dat slegs 42,6% van die oorspronklike 7073 standerd 6 leerlinge, wat as kontrolegroep gebruik is by ŉ ondersoek na die ondergemiddelde leerling, na die minimum aantal jare eksamen in matriek afgelê het. As nou in aanmerking geneem word dat die kontrolegroep bestaan het uit leerlinge met gemiddelde en bogemiddelde intellektuele moontlikhede, dan blyk dit dat 57,4% van die leerlinge in die kontrolegroep tot so ŉ mate onderpresteer het, en daarom as potensiële skoolverlaters geproklameer kan word, dat hulle óf gedruip het óf die skool heeltemaal verlaat het.

Uit ŉ voorlopige ondersoek, soos gedoen deur die Randse Afrikaanse Universiteit, blyk dit dat "tans slegs 33% van die potensiële aantal Afrikaanse kinders aan die Witwatersrand werklik tot standerd 10 deurbring" (10, p.7).

Bogenoemde empiriese gegewens gee ŉ beeld van die geweldige omvang van die probleem te vroeë skoolverlating. Dit is ŉ skokkende feit dat meer as die helfte van die skoolbevolking wat oor die nodige intellektuele moontlikhede beskik, nie hierdie moontlikhede ten volle aktualiseer nie, en daarom nie hul plek in die samelewing na behore kan volstaan nie.

## 1.2 Voltooide ondersoeke na die problematiek van te vroeë skoolverlating.

Die problematiek van te vroeë skoolverlating, as universele probleem, is ŉ saak wat die afgelope aantal jare ŉ groot mate van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



aandag ontvang het. Hier te lande is dit veral dit Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria, wat sedert 1966 besig is met ŉ kwalitatiewe ontleding van hierdie probleem.

Du Plessis (6) lei die ondersoek na die probleem van te vroeë skoolverlating in deur te wys op die unieke situasie van die blanke te vroeë skoolverlater in die Republiek van Suid-Afrika. Hy wys ook op enkele moontlike aanleidinggewende faktore vir hierdie probleem, soos byvoorbeeld die gesinsituasie, skoolsituasie, persoonstruktuur, onderwyssisteem en arbeidsituasie. Hy beklemtoon dat die grootskaalse wegstroming van 16-jarige blanke jeugdiges uit die skole na ŉ ongeskoolde arbeidsmark, wat onversadig bly, die ernstige besinning en beplanning van een en almal verdien.

In ŉ verkenning van die leefwêreld van die skoolverlater, beklemtoon Louw (14) primêr die relasie skoolverlater-verantwoordelikheid. Hy sien die skoolverlater as iemand wat die skool op ŉ onverantwoordbare wyse en op ŉ te vroeë stadium verlaat sonder om op ŉ pedagogies genormeerde wyse antwoord te gee op die appèl om sy moontlikhede optimaal te aktualiseer en te realiseer. Hy dek ook enkele kategorieë in die leefwêreld van die skoolverlater oop. Hierdie kategorieë mond telkens uit in die verhouding skoolverlater-verantwoordelikheid.

In sy ondersoek laat Smit (18) die klem val op die etiologie van skoolverlating. Hy dek die plek van die gesin in dié verband oop, en toon veral aan in hoeverre die gesin nie na behore ŉ onsheidsruimte vir die kind kan konstitueer nie. Aan die hand van ŉ aantal "onsheidskategorieë" ontsluit Smit dan die terrein van die sosiopedagogiek en belig hy sodoende die rol van die gesin as etiologiese faktor by die probleem van potensieel te vroeë skoolverlating. Verder ontwerp hy ook ŉ aantal sosiopedagogiese kriteria deur middel waarvan bepaal kan word in hoeverre die gesin sy opgawe, naamlik die konstituering van onsheid, tot uitvoering bring.

In ŉ "pedokliniese" (ortopedagogiese) ondersoek, soos gedoen deur Ferreira (8) na die vasgelopenheid van die skoolverlater in sy leerwêreld as belewenis wêreld, deurskou hy enersyds die gesin

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as primêre pedagogiese situasie en andersyds die skool as sekondêre pedagogiese situasie. Hy belig die leerproblematiek van die skoolverlater in sy totale situasie, naamlik sy vasgelopenheid in sy leefwêreld as beleweniswêreld en wel in terme van leerwyses en leerverhoudinge. Verder wys Ferreira ook op 'n aantal antropologiese kategorieë wat die kinderlike wyses van leer in die beleweniswêreld van die skoolverlater ten grondslag lê. Dit blyk dus dat die skoolverlater nie kom tot 'n volwaardige vergestalting en aktualisering van sy moontlikheid nie, vanweë 'n nie-verantwoordbare deelname aan die leergebeure.

Die dualiteit in die leerverhoudinge van die potensieel te vroeë skoolverlater word deur 'n ondersoek van Botha (2) oopgedek. Daar word gewys op die vasgelopenheid van die potensieel te vroeë skoolverlater in die skoolsituasie, asook op sy ontvlugting van sy belewing van vasgelopenheid in hierdie situasie as grenssituasie, deur die konstituering van 'n beleweniswêreld-in-opposisie. Dit beteken dat die potensieel te vroeë skoolverlater se leerintensie ontbreek en dat hy sy behoort-te-weet negeer en berus is 'n "toestand van nie-weet-nie. Hy staan dus op die grens tussen skoolverlating en die suksesvolle voltooiing van sy skoolloopbaan.

Bondesio (1) wys op die vasgelopenheid van die potensieel te vroeë skoolverlater in die pedagogies-didaktiese situasie. Deur die kenrelasie tussen die onderwyser en die kind te deurskou, toon hy aan hoe die potensieel te vroeë skoolverlater op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse geïdentifiseer kan word soos wat hy homself kenbaar maak in die pedagogies-didaktiese situasie. Verder wys hy ook op die ortopedagogies opgawe wat genoemde kenrelasie vir die hoërskool inhou.

Putter (17) wys in sy ondersoek op die verband tussen die ontoereikende verwerkliking van die verhouding-, verloop- en doelstrukture (12) in die opvoedingsgebeure en potensieel te vroeë skoolverlating. Deur hierdie verband duidelik aan te toon, word identifisering van die potensieel te vroeë skoolverlater vergemaklik en bespoedig.

In bostaande ondersoeke word die potensieel te vroeë skoolverlater van uit alle kante belig en dit blyk dan ook dat daar 'n groot aantal moontlike faktore bestaan wat hierdie probleem

ten grondslag mag lê. Vervolgens sal daar dan aandag gegee word aan ꞌn aantal van hierdie faktore wat aanleiding kan gee tot te vroeë skoolverlating.

## 2. PROBLEEMSTELLING.

### 2.1. Faktore ten grondslag aan te vroeë skoolverlating.

#### 2.1.1 Die gesinsituasie.

Wanneer die leefwêreld van die potensieel te vroeë skoolverlater fenomenologies deurskou word, blyk dit dat die skoolverlatingsprobleem dikwels sy aanloop binne die gesin vind.

Die huisgesin, as primêre opvoedingsituasie, vorm die milieu waarbinne die kind deur die volwasse ouer opgevoed word tot sedelike selfstandigheid. "ꞌn Gesin waarin nie op verantwoordelike wyse voldoen word aan algemeen aanvaarde eise van behoorlikheid nie, kan dien as bron van oorsake vir afwykings in die wêreld-verhoudinge van die gesinslede " (vgl. 15, p.21). Brouwer (4, p.37) onderstreep ook die invloed van die gesin op die ont-plooiing van ꞌn kind se moontlikhede as hy sê: "hoe armelijker het gezinscomplex in zijn diverse facetten is, des te meer kans is er op verschrompeling van potenties".

Wanneer gesinsverhoudinge pedagogies ontoereikend gestig word, word die affektiewe (gevoelsmatige) lewe van die kind ernstig ontwrig. Onstabiele gesinsverhoudinge, wat neerkom op versteurde deelname aan versteurde onsheid, het labilisering (onstabiliteit) van die kind se affektiewe lewe tot gevolg (vgl. 3, p.93). Affektiewe stabiliteit is voorwaarde vir ꞌn kind om behoorlik te kan leer. Af anders gestel, stabiele patiese (gevoelsmatige) belewinge vorm die gepreformeerde veld vir alle verdere gedistansieerde gnostiese (kennende) belewinge. Die kind wat vanweë versteurde onsheid in die gesinsituasie, onveilig, verwerp, nie-aanvaar en ongeborge voel, se patiese belewinge sien daar labiel of impulsief uit. "So ꞌn toestand staan bekend as ꞌn patiese-oorspoelde gnostiese belewing wat beteken dat adekwate gnostisering geblokkeer word" (22, p.24). Op grond van hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



patiese oorspoeling, kan die kind sy leermoontlikhede nie na behore aktualiseer nie. Hy is vanweë sy vasgelopenheid in die gesinsituasie, patiese nie bereid om tot stellingname op gnostiese niveau (kennende vlak) te kom nie en daarom loop hy hom ook in die leersituasie vas. Langeveld ( 6 , p.103) stel dit dat "indien die biologiese versorging van die kind, sy gevoel van hulpeloosheid en sy behoefte aan veiligheid en geborgenheid deur die opvoeder pedagogies nie positeif verwerk word nie, stagneer hy in sy behoefte om sy wêreld te eksploreer (ontdek) en is hy magteloos om homself te emansipeer". Vanweë volgehoue onderprestasie, druiping en belewing van vasgelopenheid in die skoolsituasie, word die kind wat nie sy leermoontlikhede ten volle kan of wil ontplooi nie, uiteindelik genoop tot te vroeë skoolverlating (vgl. 3, p.93).

Uit vorige navorsing blyk dit dat die ouers nie altyd in staat is om die simptome van potensieel te vroeë skoolverlating te identifiseer nie, en sodoende word die moontlikheid van hulpverlening op 'n vroeë stadium bykans geheel en al uitgeskakel. Hierdie identifiseringsprobleem onderstreep die noodsaaklikheid van 'n pedagogies hooggeskoolde persoon by elke skool wat gevalle van potensieel te vroeë skoolverlating vroegtydig kan opvang en aan hulle die nodige hulpverlening kan bied, asook leiding aan die ouers van sodanige potensieel te vroeë skoolverlaters. Ouers voel hulle magteloos en vanweë die ontoereikende verhouding wat daar tussen kind en ouer bestaan, is hulle huiwerig om deskundige hulp in te win.

Wanneer ouers besef dat hulle kinders vasgeloop is in die skoolsituasie, gryp hulle in deur negatiewe optrede teenoor die kind (vgl. 3, p.94). Deur die vryhede van die kind aan bande te lê, poog die ouers dikwels om hom meer aktief by die leersituasie te betrek. Hierdie optrede bied geen oplossing nie aangesien dit die oorsprong van die probleem, naamlik die versteurde opvoedingsverhoudinge, nog verder belemmer.

Die probleem van potensieel te voreë skoolverlating kan onder andere ook opgelos word deur effektiewe ouerbegeleiding, waardeur die ouers van potensieel te vroeë skoolverlaters tot insig in die oorsprong van die probleem gelei word, en deur hulp verlening aan die kind, waardeur hy gesteun kan word tot volle aktualisering van sy leermoontlikhede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.1.2 Die skoolsituasie.

Dat ook die skool 'n aanleidende rol tot die problematiek van potensieel te vroeë skoolverlating kan speel, is geen nuwe feit nie.

Die kind wat vanweë sy gevoelsmatige ontwrigting nie kan kom tot 'n distanstansiëring op gnostiese niveau nie, loop hom vas in die skoolsituasie. Omdat die potensiële skoolverlater probleme openbaar ten opsigte van sy gerigtheid op die formele opgawe van die skoolsituasie, ontstaan daar 'n swak verhouding tussen hom en die onderwyser. Elfriede Höhn (2, p. 3) het veral in dié verband 'n bydrae gelewer. Die onderpresteerder of potensiële skoolverlater word gesien as "der schleckte Schüler" of "Schulversager". Sy bevind onder andere dat die "Schulversager" deur sy onderwysers en medeleerlinge tot 'n stereotipe gereduseer word aan wie sekere vaste kenmerke soos luiheid, moedswilligheid, ens. toegedig word. So ontstaan dan 'n negatiewe instelling teenoor die potensieel te vroeë skoolverlater wat daartoe aanleiding gee dat die affektiewe (gevoelsmatige) labiliteit (onstabiliteit), waarin die wese van die probleem eintlik gestel is, daardeur vererger word.

Ferreira (15, p.45) wys daarop dat die skool die kind moet help om self wêreld te stig en om tot 'n verantwoordbare stellingname ten opsigte van die lewe self te kom. Die vraag ontstaan egter of die skool altyd die nodige veilige ruimte vir die potensiële skoolverlater bied vanwaar hy hom op adekwate wyse op die formele leeropgaaf kan rig. Is die leerverhoudinge wat gestig word sodanig dat hy tot volwaardige en verantwoordelike aktualisering van sy verstandelike moontlikhede kan kom ? Die moontlikheid bestaan dus dat die leerruimte in die skool as sinloos en bedreigend beleef kan word.

"Die skoolsituasie is die konsentrasiepunt waarin die middelbare leerling betrek is in 'n leersituasie en waar 'n komplekse reeks faktore afsonderlik of gesamentlik andersoortig op elke unieke kind positief of negatief kan inwerk" (6, p.164).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Behalwe vir sy gesitueerdheid in 'n ongunstige gesinsituasie, waar hy gevoelsmatig so verwaarloos word dat hy hom in die skool as leersituasie vasloop, mag hy ook moontlik 'n skool betree waar die onderwysbedeling net nie aanklank by sy belangstellingsrigting vind nie. Aspekte soos verandering van skool, 'n gevoel van onveiligheid in die klassituasie en 'n vakkeuse waarin die kind nie belangstel nie, speel ook 'n rol by te vroeë, onverantwoordbare skoolverlating.

Dit is baie duidelik dat die problematiek van te vroeë skoolverlating ook vir die skool 'n ortopedagogiese opgawe inhou. Voordat enige hulp verleen kan word, sal die kind eers as potensieel te vroeë skoolverlater geïdentifiseer moet word. "Voorwaarde van sodanige identifisering is 'n kenrelasie tussen onderwyser en kind en pedagogiese geskooldheid om tot 'n begrypende deurskouing van die wêreldverhoudinge van hierdie kinders te kom" (1, p.43).

2.1.3 Die milieu.

Wanneer hier gepraat word van die milieu as 'n grondrede vir te vroeë skoolverlating, word daar verwys na 'n "heterogene groep kinders wat dit in gemeen het dat hulle in hul opvoeding en ontwikkeling deur hul milieu en agtergrond belemmer word; dat hulle tekorte ondervind ten opsigte van daardie soorte leer wat nodig is vir suksesvolle vordering op skool; dat die moontlikhede wat hul huislike en opvoedingsmilieu aanbied, hul nie in staat stel om te voldoen aan die kultuurverwagtings soos dit op skool van hulle gekoester word nie; dat hulle deur hul milieu (en nie deur hul basiese aanleg nie) in hul skoolloopbane gestrem word" (9, p.81).

"Die algemene beeld van die milieu-gestremde kind is een van 'n kind wat ondergemiddeld in sy skoolwerk presteer, 'n hoogs - onderbroke skoolloopbaan deurloop, meesal uit 'n minder gegoede gesin kom, sosiaal-maatskaplik nie ten volle aansluiting of erkenning kry nie en dikwels geografies geïsoleerd leef" (9, p.82).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die "milieu-gestremde" kind toon 'n agterstand by die kind uit 'n meer gegoede milieu en hy skep die indruk dat hy oor 'n laer intelligensie beskik. Dit gaan egter by hierdie kind nie so seer om 'n gebrekkige intelligensie nie maar eerder om 'n gebrekkige aktualisering van intelligensie, veral by skoolwerk. Brouwer (4, p.72) sê dat die mens se aanleg 'n grens is, "een niveau waarboven hij niet kan stijgen; hoe dicht hij zijn maximum nadert hangt echter af van milieuïnvloeden". Sirks (4, p.72) sê dat die mate waartoe die intelligensie tot sy reg kom "is aan de werking van het milieu, dus aan de opvoeding toe te schrijven". "'n Swak milieu laat menige intellektueel en andersins begaafde jeugdige se talentvolle diens vir die maatskappy verlore gaan vanweë die belangeloosheid van gesinsouers" (6, p.115).

Dit blyk dat die invloed wat die huislike milieu op die wording van die kind het ook van deurslaggewende belang is by die kind se vordering op skool. Hierdie kinders is ten opsigte van die gevoelsmagtige so verwaarloos dat dit ook die toereikende aktualisering van intelligensie belemmer en selfs heeltemal blokkeer.

"Die milieu-gestremde kind se huislike milieu kortwiek hom veral ten opsigte van sy taalontwikkeling, sy leervoorwaardes en sy algemene vermoë om te leer, en nie ten opsigte van die aanleer van tipiese skoolse vaardighede nie" (9, p.83). Die gebrekkige taalontwikkeling gee aanleiding tot 'n onderwysagterstand en op grond van hierdie taaltekort word die kind in alle fasette van leer gestrem. Aangesien die milieu-gestremde kind hom in die skoolsituasie vasloop en nie aan die eise van formele onderrig kan voldoen nie, wek dit by hom 'n negatiewe selfbeeld en raak hy óf heeltemal onaktief ten opsigte van sy skoolwerk óf rebellerend.

Vanweë sy milieu-gestremdheid raak hierdie kind in sy skoolloopbaan progressief agter en is skoolverlating die "demonstrasie van die lydensweg" (9, p.83) wat so 'n kind aflê.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.1.4 Die arbeidsituasie.

Die beroepskeuse van die potensieel te vroeë skoolverlater is nie pedagogies verantwoordbaar nie (vgl. Hoofstuk I, p.18) maar dit is eerder ʼn ontvlugting uit die skoolsituasie, vanweë sy vasgelopenheid in die leerverhoudinge en gepaardgaande ontoereikende antwoord op die gnostiese eis van die sekondêre opvoedingsituasie. Hierdie ongunstige toedrag van sake word verder aangehelp deur die geweldige tekort aan blande arbieders hier te lande. "Gevolg is dat daar ʼn geweldige bieëry vandag op die arbeidsmark is. Die ewewigsituasie word hierin versteur dat selfs die ongeskoolde jeugdiges deur ʼn aanloklike salaris, veral in die bedryfslewe, te vroeg van verdere skolingsgeleenthede weggesuig word" (6, p.175). Botha (3, p.95) sien hierdie situasie as ʼn uiters plofbare situasie, want "indien ekonomiese toestande ongunstig sou raak, word die onopgeleide of ongeskoolde jeugdige eerste getref".

In hierdie geval is baie ouers direk daarvoor verantwoordelik dat die kind, en hier veral die "milieu-gestremde" kind, oorgaan tot die skoolverlatingsakt. Sodanige kinders word hierin deur hul ouers aangemoedig om die skool na skoolpligtige ouderdom te verlaat aangesien hul verdienste die finansiële las van die gesin help verlig.

Aangesien die vroeë skoolverlater sedelik nog nie selfstandig is nie en sy beroepskeuse daarom nie ʼn verantwoordelik en wel deurdagte besluit is nie, is hier geen sprake van niveauverheffing (vgl. Hoofstuk I, p.14) in sy toetrede tot die arbeidsmark nie. Soos in bogenoemde paragraaf aangetoon, het sy ouers hom nie positief beroepskeuseweerbaar help maak nie. Sy toetrede tot die arbeidsmark bied hom ʼn ontvlugtingsruimte losstaande van die skool wat die stigting van besitverhoudinge in plaas van ontmoetingsverhoudinge meebring (vgl. 15, p.74). In plaas daarvan dat die te vroeë skoolverlater kom tot die stigting van leerverhoudinge en sodoende sy verstandelike moontlikhede tot volle ontplooiing laat kom, betree hy ʼn beroep sodat hy daardeur die formele skoolsituasie, waarin hy nie aan die gnostiese eise kan voldoen nie, kan ontvlug, en soek hy stabiliteit in die besittings wat hy deur sy nuwe finansiële status kan bekom.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.1.5 Die eie persoonstruktuur.

Om die aanleiding tot te vroeë skoolverlating in alle gevalle aan faktore buite die vroeë skoolverlater self te gaan soek, sou 'n miskenning van die feit wees dat hy self inisiatief en keusemoontlikheid is. Die implikasie sou dus wees dat hy aan sy gesitueerdheid uitgelewer word.

Die kind se eie persoonstruktuur kan ook 'n faktor by te vroeë skoolverlating wees. Potensieel te vroeë skoolverlaters wat binne hierdie groep val, se swak skolastiese prestasie "stems from a general personality disturbance" (13, p.48). So is sommige kinders, vanweë die aard van hul persoonlikheid-struktuur, nie by magte om hegte medemenslike verhoudinge te stig nie. Vasgelopenheid in die skoolsituasie is dan die uitkoms van onmag om te voldoen aan die eise van gewone medemenslike verhoudinge wat eie aan die skoolsituasie is.

Uit die ondersoek van Lichter (3, p.93), blyk dit dat 76% van die te vroeë skoolverlaters "wanaanpassings in die persoonlikheidstruktuur" openbaar, soos byvoorbeeld gebrek aan integrasie van seksualiteit in die persoonstruktuur, histeriese neurose en rebellistiese uitbarstings. Uit 'n studie (24) van 105 potensieel te vroeë skoolverlaters, wat oor toereikende intelligensie beskik, is gevind dat 64% van die dogters en 89% van die seuns probleme in die skool ondervind op grond van hul persoonlikheidstruktuur.

Ook Nel (16, p.92) is van mening dat kinders wat oor die nodige intelligensie beskik, kan druip (en daarom potensieel te vroeë skoolverlaters is) "weens eienaardighede ten opsigte van hul temprament en karakter". Hy noem tekortkominge in die wils- en gemoedslewe, soos oorgevoeligheid, vreesagtigheid, afwesigheid van selfbeheer, min ambisie, min inisiatief en selfvertroue wat aanleiding kan gee tot druiping.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat die grond vir te vroeë skoolverlating ook binne die persoonlikheidstruktuur van die potensiële skoolverlater gevind kan word en dat dit nie slegs eksterne faktore, soos die invloed van die gesin, die milieu, ensovoorts is wat aanleiding daartoe gee nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.1.6 Organiese faktore.

Daar is 'n noue samehang gevind tussen geestelike begaafdheid en aanduidings van liggaamlike gesondheid; so ook tussen swak begaafdheid en tipiese siektesimptome (16, p.69).

Swak gesondheid word dikwels as rede vir te vroeë skoolverlating genoem. Dit word egter ook dikwels voorgeskuif om die eintlike rede te verbloem.

Volgens 'n ondersoek wat deur Riesman, Cohen en Pearl (9, p.82) gedoen is, blyk dit dat algemene orgaandefekte en siektes debiliserend werk wanneer dit nie behandel word nie. Aangesien dit energie tap, is die kind nie in staat tot die aandagskonsentrasie en deursettingsvermoë wat sy skoolwerk van hom vereis nie.

In hierdie verband moet daar ook gedink word aan siektetoestande soos minimale breindisfunksie of selfs breinskade, waar die kind moontlik waarnemingsprobleme ondervind waarvan die ouers en onderwysers nie eers bewus is nie. Ook epilepsie, veral die toestand bekend as petit mal, kan die kind se vordering op skool sodanig benadeel dat hy tot die skoolverlatingsakt oorgaan.

Al bogenoemde faktore wat aanleiding gee tot skoolverlating en potensiële skoolverlating, sal baie deeglik in aanmerking geneem moet word by die daarstelling van 'n hulpverleningsprogram. Hulpverlening moet plaasvind met die duidelike doel voor oë om die potensieel te vroeë skoolverlater, ongeag sy besonderse remming, te lei tot sy bereikbare wordingsniveau en om sodoende as sedelik-selfstandige volwassene op volwaardige wyse by die samelewing in te skakel.

## 2.2 Die implikasies van te vroeë skoolverlating.

Te vroeë skoolverlating en potensieel te vroeë skoolverlating is 'n saak wat ernstige implikasies inhou, nie net vir die volwassewording van die kind en sy uiteindelike maatskaplike inskakeling nie, maar ook vir die ontwikkeling en welsyn van sy land.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.2.1 Die gebrekkige aktualisering van moontlikhede.

Dit is juis op grond van die gebrekkige wyse waarop die kind sy verstandelike moontlikhede aktualiseer dat hy as potensieel te vroeë skoolverlater geproklameer word. Soos reeds genoem (vgl. Hoofstuk I, p.2), is daar 'n onrusbarende persentasie van die skoolbevolking wat oor die nodige verstandelike moontlikhede beskik maar wat nie gehoor gee aan die appèl tot die volle aktualisering van hierdie moontlikhede nie.

Aangesien hierdie 'n probleem is wat steeds in omvang toeneem, kan dit deur die verlies aan optimale arbiedspotensiaal, ontaard in 'n ernstige maatskaplike probleem indien hierdie krisissituasie nie pedagogies-didakties reggestel word nie.

Op grond van die feit dat die te vroeë skoolverlater nie sy moontlikhede tot volle ontplooiing laat kom nie, beskik hy gewoonlik oor geringe skoolkwalifikasies en word hy genoodsaak tot die beoefening van 'n beroep wat min of geen uitdaging aan sy moontlikhede bied. Dit gee aanleiding tot verveling, voortdurende werksverwisseling en uiteindelik werkloosheid, veral in tye van ekonomiese insinkings. Werkloosheid in ander beskaafde lande word juis reeds in toenemende mate 'n knellende vraagstuk wat kan lei tot opstandigheid en selfs revolusie.

Langs hierdie weg word mense wat 'n sleutelrol kon speel in die ontwikkeling van hul land, nou 'n maatskaplike las wat op staatshulp aangewese is.

### 2.2.2 Gebrekkige normidentifikasie.

Die potensieel te vroeë skoolverlater gee nie op genormeerde wyse gestalte aan die verantwoordelikheid om sy verstandelike moontlikhede optimaal te aktualiseer nie. Hy kom dikwels uit 'n gesin waar die ouers 'n wangenormeerde beeld aan die kinders voorleef deur hulself skuldig te maak aan onsedelikheid, dronkenskap, rusie en wreedheid (vgl. 3, p.123). Van nalewing van die norme deur die kind, kan hier min sprake wees. Die voorbeeld wat hy van sy ouers kry, en sy nalewing daarvan, maak uiteindelik ook van hom 'n wangenormeerde mens. Die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opvoeder wat hom met die lewe van die kind bemoei, hou aan die kind ŉ rangorde van waardes voor aan die hand waarvan hy kan kom tot kennis van die goedkeurenswaardige en die afkeurenswaardige. Sonder die normatiewe is daar geen sprake van opvoeding nie, want die opvoeder wil die kind lei tot volwassenheid, en volwassenheid staan in direkte verband met die normatiewe (vgl. 11, p.62 - 63).

Vanweë sy gesitueerdheid, kan die potensieel te vroeë skoolverlater nie kom tot die konstituering van ŉ eie leefwêreld met volkseie norme en waardes nie. Hy moet noodwendig sy verantwoordelikheid ontduik aangesien steun ten aansien van die gevoelsmatige ontbreek en daarom openbaar hy hom in sy gedraginge nie op normatief gewenste niveau nie. Op grond van sy swak identifikasie met sy opvoeder, kan die potensieel te vroeë skoolverlater hom ook nie met die "lewenswaardevolle as die lewensverpligtende" (16, p.9) identifiseer nie.

Aangesien die potensieel te vroeë skoolverlater op grond van sy ontoereikende antwoord op die eise van behoorlikheid, soos deur die gemeenskap aan hom gestel, hom in die gesin- en skoolsituasie as vasgelopene beleef en daarom nie tot inskakeling in die gemeenskap kan kom nie, wend hy hom tot aansluiting by pedagogiese-onverantwoordbare groepe. Hy kan dus na aansluiting soek by jeugbendes, dwelmmiddel- en drankmisbruikers wat, netsoos hy, nie aan die eise van die volwasse samelewing kan voldoen nie en daarom ŉ wêreld-in-opposisie stig met sy eie waardes en norme. Hy soek dus na ŉ sosiaal-maatskaplike staanplek in die samelewing wat losstaan van die norme van die skool en volwasse leefwêreld (2, p.97).

Die gesitueerdheid van die potensieel te vroeë skoolverlater en die daarmee gepaardgaande direkte opposisie (vgl. Hoofstuk I, p.16) teen die volwasse norme, gee aanleiding daartoe dat hy nie kan kom tot die konstituering van ŉ eie lewe van keuses aan die hand van aanvaarde en geëerbiedigde norme nie.

### 2.2.3 <u>Gebrekkige niveauverheffing.</u>

In sy op-weg-wees na volwassenheid, is die kind steeds besig om die dinge in die omringende wêreld te leer ken. In sy belewing van die dinge in sy omwêreld is hy besig met

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dialoogvoering met dié dinge wat hy wil leer ken. Leer is dan telkens dialoogwysiging in die sin van dialoogverheffing in sy verhouding tot die werklikheid (vgl. 20, p.48). Deur sy leer is die kind dus besig om volwasse te word. Die kinderlike belewenisse as leer, wissel voortdurend vanaf ŉ paties-affektiewe niveau tot ŉ gnosties-kognitiewe niveau. Die kind is dus beide paties (gevoelsmatig) en gnosties (kennend) by sy leer betrokke (vgl. 20, p.48).

Die kind belewe dus sin en betekenis as sy paties-affektiewe belewinge en sy gnosties-kognitiewe belewinge stabiele belewinge is en sodoende sal hy kan oorgaan tot ŉ meer geordende, gesistermatiseerde en geabstraheerde niveau van leer (vgl. 22, p.28). Hiervolgens kan ŉ kind dus op ŉ steeds hoër niveau in dialoog met sy omringende wêreld tree.

Die kind se psigiese lewe openbaar hom in leer en word en in sy wording rig die kind hom op verskillende wyses tot die wêreld. "In die senior klasse van die laerskool sowel as in die hoërskool, word die eise ten opsigte van ŉ distansiëring tot die niveau van die gnostiese steeds groter en is dit juis hier waar die skoolverlater nie kom tot die aktualisering van sy moontlikhede nie" (15, p.59).

Hy wil hom nie waag aan die leerstof nie en hy kom dus nie tot ŉ verantwoordbare deelname aan die leergebeure nie. Sodoende kan hy nie die grense na ŉ hoër niveau op weg na volwassenheid oorskry nie. Sy dialoogvoering met die werklikheid is dus ŉ verskraalde dialoog. "Hy vergroot en orden nie die wêreld nie, daar is dus weinig sprake van dialoogverheffing" (15, p. 11 - 12).

Skoolverlating is dikwels die direkte uitkoms van ŉ belewing van onveiligheid in die gesin- en skoolsituasie. Die gebrek aan ŉ veilige ruimte binne die gesin ontneem die kind die waaghouding om in dialoog te tree met die ander lede van die gesin en daarom ook om in dialoog te tree met sy wêreld. Dialoogverheffing as niveauverheffing vind dus nie plaas by die kind wat nie sy leefruimte as ŉ veilige ruimte beleef nie maar wat onderwerp is aan ŉ versteurde onsheid en sy leefruimte dus as bedreigend beleef. Die kwaliteit van die onsheid bepaal dan ook die kwaliteit van die dialoogverheffing (vgl. 15, p.33) en dus die niveauverheffing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die potensieel te vroeë skoolverlater wat hom dus nie op adakwate wyse met die leerstof bemoei of kan bemoei nie, kan homself nie tot 'n hoër niveau distansieer nie en kan ook nie op so 'n wyse met die werklikheid as leerwerklikheid dialoog voer dat hy as behoorlik volwasse-wordende bestempel kan word nie.

2.2.4 Die stigting van 'n wêreld-in-opposisie.

Op grond van sy ontwrigte gevoelslewe, loop die potensieel te vroeë skoolverlater hom in die skoolsituasie vas. Aangesien hy vanweë sy versteurde belewinge, nie kan konsentreer en op abstrakte gnostiese niveau kan dink nie, is hy nie in staat om aan die eise van die leersituasie en die leervereistes te voldoen nie. Hy besef egter dat hy daarby sal baat om akademies so ver as moontlik te vorder, maar op grond van sy labiele affektiewe lewe, kan hy nie aan die eise van die formele skoolsituasie voldoen nie (vgl. 3, p.96). Hy besef dat die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede hom kan lei tot 'n goeie betrekking, toereikende besoldiging en hoë sosiale status (vgl. 6, p.91). "Die potensiële skoolverlater raak dus in 'n konfliksituasie betrokke tussen dit wat behoort te wees (die leernorme of die norme uit die volwasse leefwêreld) en dit wat is (sy vasgelopenheid in die skoolsituasie)" (3, p.96).

As vasgelopene in die skoolsituasie, bevind die potensieel te vroeë skoolverlater hom in 'n grenssituasie tussen dit wat is en dit wat behoort-te-wees (vgl. 3, p.96). Aangesien hy nie in die leersituasie tot volle ontplooiing kan kom nie, ontvlug hy hierdie noodsituasie deur die stigting van 'n wêreld-in-opposisie as ontvlugtingsruimte. Deur die stigting van sodanige wêreld-in-opposisie word daar gesoek na aanvaarding buite skoolprestasie-verband (vgl. 9, p.85). Hier kan veral gedink word aan die stigting van 'n sportwêreld as prestasie buite skoolverband. 'n Ander voorbeeld van hierdie neiging is die begeerte van die seun om 'n bromfiets te besit waardeur hy nuwe status onder sy vriende verkry en wat vir hom simbool word van ontvlugting uit die skool-situasie. Die begaafde skooldogter wat slegs maar 'n goeie vrou vir haar man en ma vir haar kinders wil word ontvlug eintlik ook die skoolsituasie in 'n inspanninglose toekomswêreld. Die potensieel te vroeë skoolverlater ontvlug dus die leerverhoudinge

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



deur die stigting van ŉ wêreld wat in opposisie tot die eise en leernorme van die volwasse leefwêreld staan (vgl. 3, p.96). Hy leef in ŉ eie, vreemde wêreld met ŉ eie waardesisteem wat kenmerkend is van opstand en verwerping van die tradisies van die ouer generasie (vgl. 21, p.10).

Hierdie wêreld wat die potensieel te vroeë skoolverlater vir homself stig, kan verskeie gestaltes aanneem soos byvoorbeeld ŉ eietydse jeugwêreld, ŉ fantasiewêreld, ŉ musiekwêreld, ŉ sportwêreld, ens. Dit gaan hier nie net om die besit van materiële dinge (bromfietse, hoëtrou radiostelle, moderne klere, ens.) nie, maar die verhouding tot die liggaam word ook verobjektiveer en wel in die sin dat die liggaam as besitting beskou word (vgl. 15, p.74). Die meer informele omgang tussen die geslagte en die vrylike wyse waarop geboortebeperkingsmiddele bekom kan word, vergemaklik die "gebruik" van die liggaam vir genotsbelewing.

Deur sy onverantwoordelike verlating van die skool en toetrede tot die arbeidsmark, word die te vroeë skoolverlater in staat gestel om deur oppervlakkige materiële vertoon self "iemand" te wees. Sy besittings bied hom die sekerheid en selfvertroue wat hy vanweë sy swak medemenslike verhoudinge moes ontbeer. In hierdie welvaartsverhouding gaan dit om ŉ eksistensialistiese genieting van die lewe (vgl. 5, p.15). In die wêreld-in-opposisie gaan dit dus om welvaart, erotisme en seksualiteit aangesien dit ŉ ongeremde soeke na genot op die vitaal-patiese niveau is.

### 2.2.5 Ongewenste groepsvorming.

Die kind wat hom in die gesin- en skoolsituasie as vasgelopene beleef, wat nie aan die norme van die volwasse leefwêreld en die gemeenskap kan voldoen nie, het geen toegangsweg tot behoorlike deelgenootskap aan en volwaardige inskakeling by die samelewing nie.

Aangesien die potensieel te vroeë skoolverlater nie by die wêreld van die volwassene kan inskakel nie, kom hy in opstand teen die norme van hierdie ontoeganklike wêreld en soek

hy aansluiting by andere wat, net soos hy, ook nie in die skoolsituasie die mas kan opkom nie en hulle as nie-aanvaar beleef in die gesinsituasie, die skool en die wyere samelewing. Hierdie kinders stig hulle eie wêreld met 'n eie waardesisteem en eie norme en hulle kom in opstand teen die norme, gesag en tradisies van die volwasse leefwêreld.

Die mens, en daarom ook die kind, is in alles sosiaal. Sy bestaan is 'n bestaan vir en deur ander (vgl. 7, p.64). Die versteuring in die sosiale lewe van die potensieel te vroeë skoolverlater, gee aanleiding tot die vorming van jeugbendes in al hul variante vorme. Gewoonlik is die bende 'n georganiseerde groep wat die kenmerke van 'n intimiteitsgroep openbaar (3, p.123). Alhoewel die lede van die bende hulle onderwerp aan die norme van die bende self, is dit gewoonlik norme wat direk teen dié van die samelewing indruis en daarom nie pedagogies verantwoordbaar is nie.

Hierdie jeugbendes maak hulle skuldig aan onbehoorlike handelwyses soos rondlopery, rook, leuentaal, slordigheid, teëpratery, seksuele wangedrag, afknouerigheid, aggressiwiteit, diefstal, oneerlikheid, humeurigheid, woedebuie, vuiltaal, nukkerigheid, wegloop van die ouerhuis, drankmisbruik (ook die gebruik en misbruik van dwelmmiddels), wraaksugtigheid, brutaliteit en grootpratery (23, p.87). Die vorming van sodanige jeugmisdadige bendes is die direkte uitvloeisel van 'n versteurde onsheid in die gesinsituasie, vasgelopenheid in die skoolsituasie en daarom 'n onvermoë tot inskakeling in die samelewing. Botha (3, p.124) stel dit as volg: "Ongewenste groepsvorming is vir die potensiële jeugmisdadiger daardie handeling wat hom daartoe in staat stel om die bindinge wat hy tuis moes ontbeer, in die a-pedagogiese of in die misdadige groep aan te knoop".

### 2.2.6 <u>Gebrekkige roepingsbewustheid en nie-verantwoordbare beroepskeuse</u>.

'n Hoë intelligensiesyfer verseker nie outomaties beroepsukses nie. Dit is bloot 'n moontlikheid wat deur die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



stigting van toereikende opvoedingsverhoudinge tot volle ontplooiing kan kom (3, p.92 - 93). Die kind as nie-volwassene is nie in staat om selfstandig tot 'n verantwoorde beroepskeuse te geraak nie. Slegs die ouer en onderwyser se sensitiewe begryping van die steunbehoewendheid van die kind in dié verband, kan hom steun tot 'n verantwoordbare beroepskeuse (vgl. 25, p.27). Alleen deur die steun van die ouer en onderwyser kan die nie-volwasse jeugdige kom tot selfstandige taakaanvaarding in sy toekomstige beroepslewe.

Die jeugdige, as potensieel te vroeë skoolverlater, wat onderhewig is aan versteurde onsheid in die gesinsituasie (vgl. 2.1) kan nie aanspraak maak op die simpatieke steun en leiding van die ouer nie en is daarom nie in staat tot 'n verantwoordelike en verantwoordbare beroepskeuse nie.

By die keuse van 'n beroep gaan dit om die aanvaarding en opneem van verantwoordelikheid. Dit is immers 'n besondere synsordelike onderskeiding van die mens dat hy die enigste wese is wat tot arbeid geroep is en dat hierdie arbeid, as taakverrigting, uitdrukking moet gee aan die vernaamste kenmerk van volwassenheid, naamlik verantwoordelikheid (vgl. 25, p.26). Aangesien die potensieel te vroeë skoolverlater, vanweë sy gebrekkige normidentifikasie (vgl. 2.2.2), sedelik nie-selfstandig is nie, is hy nie by magte om te kom tot aanvaarding van hierdie verantwoordelikheid nie.

Aangesien die te vroeë skoolverlater nie sy moontlikhede optimaal aktualiseer nie, kan daar van 'n verantwoordelike beroepskeuse geen sprake wees nie. "Hy gee dus nie gehoor aan die opdrag en uitnodiging om op volwaardige wyse iemand te word nie" (14, p.8). Die beroepskeuse van die meerderheid van vroeë skoolverlaters kom bloot neer op 'n ontvlugting van die skoolsituasie aangesien hulle hulself, vanweë hul ontwrigte gevoelsmatige lewe, vasloop teen die gnostiese eise van die hoërskool. Uit baie ondersoekverslae blyk dit dat te vroeë skoolverlating eintlik ontvlugting is en dat die neiging om te gaan werk bloot 'n rasionalisasie is van dieper liggende aanleidende faktore. Dit impliseer 'n wegbreek van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



leerverhoudinge en die stigting van verhoudinge losstaande van die skoolwêreld.

Deur sy beroepskeuse en beroepsbeoefening soek die te vroeë skoolverlater na 'n ontvlugtingsruimte losstaande van die eise van die skool waaraan hy nie kan voldoen nie. Deur oormatige geldbesit en geldgebruik, ontstaan daar by die te vroeë skoolverlater sogenaamde besitsrelasies. Deur sy geld kan hy homself in besit stel van die dinge wat aan hom status en aansien onder sy vriende verleen. Hy is sterk ingestel op genotsbelewinge en die besit van materiële dinge (vgl. 3, p.97); dit is 'n lewe van besit en genot. Die oppervlakkige materiële vertoon is dus vir hom 'n middel tot selfgelding.

Uit die waargenome persoonsbeelde van potensieel te vroeë skoolverlaters blyk dit nie alleen dat hulle beroepskeuse geheel en al ontdoen is van 'n besef van die sinvolheid van die arbeid nie, maar dat hulle toekomsperspektief óf geheel verduister is óf nie verband hou met hul moontlikhede nie.

2.2.7 <u>Die te vroeë skoolverlater as ontoereikende toekomstige opvoeder</u>.

Vanweë te vroeë skoolverlating word die skoolverlater genoodsaak tot die beoefening van "ongeskoolde" beroepe. "Met so 'n beroepsagterstand moet hy weer 'n nuwe gesin stig wat noodwendig is 'n laer sosiaal-kulturele leefklimaat sal moet leef" (7, p.74). Op grond van hierdie verskraalde milieu waar kinders skolasties nie so sterk aangespreek word nie en ook vanweë finansiële oorweginge, is die kinders van die vroeë skoolverlater dikwels gepredisponeer tot vroeë skoolverlating.

Aangesien die vroeë skoolverlater sy eie verstandelike moontlikhede nie ten volle geaktualiseer het nie en daar in hierdie sin dus weinig sprake van normidentifikasie is, is hy ook nie in staat tot voorlewing van die norm wanneer hyself opvoeder is nie. Sy sedelike onselfstandigheid word ook gewreek in sy verhouding tot die ander as sy opvoedeling. As opvoeder van die toekoms sal hy waarskynlik in sy opvoedingsbemoeienis faal omdat hy nie aan die eise van behoorlikheid gestalte kan gee nie en daarom nie tot 'n volwaardige opvoedingsverhouding met die ander in staat is nie (vgl. 14, p.6).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Omdat die skoolverlater nie die verantwoordelikheid ten opsigte van die aktualisering van sy moontlikhede kon nakom nie en hy op onverantwoordelike wyse die skool te vroeg verlaat het, is hy ook nie in staat om verantwoordelikheid vir die opvoeding van sy eie kinders te aanvaar nie. Hierdie ouers probeer die verantwoordelikheid ten opsigte van die opvoeding van hul kinders afskuif op instansies soos byvoorbeeld die skool, die kerk of ander opvoedingsinrigtings soos kosskole. Daarom word daar dan ook by kinders van sodanige ouers 'n konsekwente afwysing van verantwoordelikheid gevind.

## 2.3 Samevattende probleemstelling.

Soos uit die voorafgaande uiteensetting gesien kan word, is te vroeë skoolverlating 'n saak wat ingrypende implikasies vir die samelewing waarbinne dit voorkom, inhou. Indien die omvang (vgl. 1.1) van hierdie probleem, waaruit blyk dat meer as die helfte van die leerlinge wat oor die verstandelike potensiaal beskik nie binne die minimum aantal jare die skooleindsertifikaat voltooi nie, opnuut in oënskou geneem word, kan die erns van hierdie saak moeilik oorskat word. Die vraag is of 'n land soos Suid-Afrika dit kan bekostig om so 'n groot persentasie van sy breinkragpotensiaal verlore te laat gaan. Hoewel hierdie vraag sekerlik negatief beantwoord moet word, blyk dit tog dat daar nog nie veel gedoen word om hierdie probleem die hoof te bied nie.

Louw (vgl. 14, p.30) huldig die standpunt dat voorkoming in die pedagogiese en pedagogies-didaktiese situasie meer sinvol is as 'n moeisame pedoterapeutiese bemoeienis met die kind nadat skoolverlating 'n voldonge feit geword het. Dit mag wel waar wees, maar te vroeë skoolverlating en potensieel te vroeë skoolverlating het egter in 'n groot aantal gevalle reeds 'n voldonge feit geword. Impliseer dit nou dat hierdie kinders in hul noodsituasie gelaat moet word net omdat dit nie voorkom kon word nie? So 'n daad is nie pedagogies verantwoordbaar nie en die antwoord hierop is 'n baie besliste nee. Maar kan daar vir hierdie kinders wel iets gedoen word? Kan hulle <u>vroegtydig</u> as potensiële skoolverlaters erken word en skoolverlating sodoende voorkom word?

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Is daar by die skole genoegsaam pedagogies geskoolde onderwysers wat oor die kennis beskik om hierdie kinders wel te identifiseer? Sou die faktore wat aanleiding gee tot die neiging om die skool te vroeg te wil verlaat, diagnostiese bepaal kan word, en indien wel, is daar by die skole persone wat sodanige diagnostisering kan doen? Kan hierdie kinders gesteun word tot die oplossing van hul probleem en kan sodanige steungewing geskied aan die hand van bestaande vorme van pedoterapie? Leen alle vorme van pedoterapie hul eweveel tot die hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater of is daar vorme wat meer geskik is daarvoor as andere? Is dit nodig dat die ouers van die potensieel te vroeë skoolverlater by die hulpverlening betrek word en indien wel, op watter manier? Die vraag is dus of hierdie kinders, wat reeds skoolverlatingsneigings openbaar, gesteun kan word tot die opneem van die verantwoordelikheid om hul verstandelike moontlikhede optimaal te aktualiseer en hul skoolloopbaan te voltooi.

3. <u>Doel van die ondersoek.</u>

Die doel van hierdie ondersoek is dan ook om te bepaal in hoeverre die potensieel te vroeë skoolverlater, nadat hy as sodanig geïdentifiseer is, deur middel van pedoterapie gehelp kan word om in ooreenstemming met sy verstandelike moontlikhede te presteer en om sy bestaan as sinvol te beleef. Deur die hulpverlening moet daar gepoog word om die kind te steun tot die deurbreking van sy noodsituäsie sodat hy kan kom tot die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede en die aanwending daarvan tot voordeel van homself, sy land en volk.

4. <u>Verdere opset van die navorsingstudie:</u>

In die verdere ondersoek sal daar gelet word op die verskillende vorme van terapie en die moontlikheids voorwaardes vir en die verloop van die terapeutiese gebeure. Enkele pedoterapeutiese kriteria sal ook uitgelig word aan die hand waarvan die pedoterapeutiese gebeure geëvalueer kan word. Met die oog op verdere navorsing op die gebied van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater, sal daar in Hoofstuk III aandag gegee word aan die wyse waarop die pedoterapiegroep geselekteer is, enkele riglyne ten aansien van die verloop en inhoud van die pedoterapie sal aangetoon word en ouerbegeleiding sal

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bespreek word. In Hoofstuk IV sal enkele persoonsbeelde van potensieel te vroeë skoolverlaters bespreek word om die uitkoms van die pedoterapie beter te belig. Ten slotte sal 'n volledige bespreking van die bevindinge van hierdie ondersoek gegee word en enkele aanbevelings sal in dié verband aan die hand gedoen word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 5. Verwysings.

1. Bondesio, M.J. : Die kenrelasie tussen die potensiële skoolverlater en die onderwyser as ortopedagogiese opgawe vir die hoërskool, Ongepubliseerde M.Ed - verhandeling, U.P. 1970.

2. Botha, T.R. : Die dualiteit in die leerverhoudinge van die potensiële skoolverlater, R.G.N., Publikasiereeks Nr. 28, 1973.

3. Botha, T.R. : Die sosiale lewe van die kind in opvoeding, Pretoria Drukkers, n.d.

4. Brouwer, W.H. ea. : Schoolkinderen uit sociaal zwakke gezinnen, Groningen, Wolters, 1954.

5. Du Plessis, P.J.J. : "Individu en gemeenskap" in: Psychologia, Pedagogica, Sursum ! , U.U.B., Stellenbosch, 1970.

6. Du Plessis, P.J.J. : Die problematiek van die te vroeg skoolverlatende blanke jeug in die Republiek van Suid-Afrika, Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Publikasiereeks Nr. 19, Pretoria, 1964.

7. Du Plessis, P.J.J. : Sosiopedagogiek; opvoedingswerklikheid en maatskaplike werklikheid, McGraw-Hill, Johannesburg, 1974.

8. Ferreira, G.V. : 'n Pedokliniese ondersoek na die vasgelopenheid van die skoolverlater in sy leerwêreld as belewenis-wêreld, Ongepubliseerde M.Ed - verhandeling, U.P. 1968.

9. Garbers, J.G. : Die milieu-gestremde kind, 'n gedugte onderwyskundige uitdaging, soos in Die Unie, Augustus, 1968.

10. Hoofstad, 2 Junie 1971.

11. Landman, W.A. en Gous, S.J. : Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg, 1969.

12. Landman, W.A., Roos, S.G. en Liebenberg, C.R. : Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, Universiteitsuitgewers en - boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch Grahamstad, 1971.

13. Lichter, S.O. : The drop-outs. The free Press of Glencoe, New York, 1963.

14. Louw, W.J. : 'n Verkenning van die leefwereld van die skoolverlater, Ongepubliseerde M.Ed - verhandeling, U.P., 1967.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



15. Louw, W.J., Smit, W.J., Ferreira, G.V. en Botha, T.R. : Die problematiek van skoolverlating - In reeks "Opvoedkundige studies" nr. 64, Fakulteit Opvoedkunde (Werkgemeenskap), Universiteit van Pretoria, s.d.

16. Nel, B.F. : Druiping by skoolleerlinge.

17. Putter, H.J. : Die ontoereikende verwerkliking van die opvoedingsgebeure as aanleiding tot te vroeë skoolverlating, Ongepubliseerde M.Ed - verhandeling, U.P., 1973.

18. Smit, W.J. : Die gesin as faktor by die etiologie van skoolverlating, Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling, U.P. 1968.

19. Smith, F.B. : Die ondergemiddelde leerling : aanleg, persoonlikheid, aanpassing, belangstelling en skolastiese prestasie, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973.

20. Sonnekus, M.C.H. : Die leerwêreld van die kind as belewenis-wêreld, U.U.B. (Edms) Bpk., Stellenbosch, 1968.

21. Sonnekus, M.C.H. : Pedagogiese verwaarlosing as verskynsel in die opvoeding van die puberteitsdogter, soos in Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, Vol. 2 No. 2, Desember 1968.

22. Sonnekus, M.C.H. ea : Psigopedagogiek. 'n Inleidende oriëntering, U.U.B. (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1973.

23. Van Niekerk, P.A. : Die beleweniswêreld van die stokkies-draaier - In reeks "Opvoedkundige Studies" nr. 64, Fakulteit Opvoedkunde (Werkgemeenskap), Universiteit van Pretoria, s.d.

24. Varner, S.E. : School drop-outs, Research summary, 1967 - , Research division - National Education Association.

25. Venter, A.J. : Die gesinsituasie as beroepsorientering-situasie, Opvoedkundige Studies nr. 39, U.P., 1963.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK II

# PEDOTERAPIE TEN AANSIEN VAN POTENSIEEL TE VROEË SKOOLVERLATERS

## 1. INLEIDING

### 1.1 Die noodsaaklikheid van pedoterapie aan die potensieel te vroeë skoolverlater:

Soos in die eerste hoofstuk daarop gewys, is die potensieel te vroeë skoolverlater ŉ jeugdige wat nie op verantwoordelike wyse antwoord op die appèl wat in die pedagogies - didaktiese situasie tot hom gerig word om sy verstandelike moontlikhede ten volle te aktualiseer nie. Hy wil die skool verlaat voordat hy bereik het wat hy met sy gegewe moontlikhede wel kan bereik. "ŉ Potensieel te vroeë skoolverlater is dus iemand wat die pedagogies - didaktiese situasie op ŉ onverantwoordbare en onverantwoordelike wyse wil verlaat (24, p.15).

Daar is ook reeds daarop gewys dat daar verskeie faktore (vgl. Hoofstuk I, p.5 - 12) bestaan wat aanleiding gee tot potensieel te vroeë skoolverlating. Die kind as ope - moontlikheid is nie tot te vroeë skoolverlating gepredisponeer nie, maar aangesien hy in die opvoedingsituasie nie na wense gesteun word nie, kan hy hom nie op adekwate wyse op die leergebeure rig nie en is hy dus nie in staat tot die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede nie.

Die potensieel te vroeë skoolverlater beleef die opvoedingsituasie as ŉ bedreigende situasie wat labiliserend op hom inwerk. Aangesien die opvoedingsituasie vir hom ŉ noodsituasie is, is sy belewinge op die paties-affektiewe (gevoelsmatige) niveau, labiel. Vanweë patiese oorspoeldheid, kan hom hom nie distansieer tot die gnosties - kognitiewe (kennende) niveau nie en daarom kan hy nie sy leermoontlikhede optimaal aktualiseer nie. "Hy kom dus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie tot 'n volwaardige vergestalting en aktualisering van sy moontlikhede nie vanweë 'n nie-verantwoordbare deelname aan die leergebeure" (16, p.44).

Die potensieel te vroeë skoolverlater is dus 'n jeugdige wat in nood verkeer. Die labiliserende invloed van sy gesitueerdheid werk remmend in op sy volwassewording. Hy sal dus gesteun moet word sodat die bereikte niveau van wording weer in ooreenstemming gebring kan word met die bereikbare niveau. Daar sal dus 'n kwalitatiewe verbetering in die wordingsgebeure teweeggebring moet word. Dit kan gedoen word deur 'n verantwoordbare pedoterapie wat sy vertrek neem in die opvoedingsituasie en sodoende die potensieel te vroeë skoolverlater bring tot herbetekening en nuwe singewing aan sy gesitueerdheid.

Aangesien die potensieel te vroeë skoolverlater 'n kind in nood is wat teruggewerp en vasgevang word op die patiese belewingsniveau en daarom nie tot adekwate gnosties-kognitiewe stellingname kan kom nie, is die meeste ondersoekers op die gebied van te vroeë skoolverlating dit eens dat hy op een of ander vorm van hulpverlening aangewese is.

Ferreira (vgl. 7, p.219) sien die pedagogiese opgaaf in verband met die te vroeë skoolverlater as ingebed in twee situasies. Die ouers as primêre opvoeders, het die verantwoordelikheid om die skoolverlater as kind-in-nood op te voed tot 'n verantwoordbare stellingname in die leersituasie as lewensituasie. Tweedens het die opvoeder - onderwyser die opgawe om die skoolverlater in sy nood raak te sien en hom pedagogies - didakties so te oriënteer dat daar vir hom toekoms geantisipeer word en dat hy as volwassewordende hom sal rig op die volwasse leefwêreld en blyke sal gee van 'n verantwoorde en genormeerde deelname aan die lewenswerklikheid.

Ook Botha (vgl. 2, p.121) wys op die noodsaaklikheid van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater. Van ouers en onderwysers word daar verwag dat hulle in staat sal wees om die potensiële skoolverlater te identifiseer

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



as 'n kind wat nie reg laat geskied aan sy leermoontlikhede nie. Deur simpatieke gesagsleiding kan die affektief - patiese basis by die potensiële skoolverlater gevorm word vir sy belewing van die sinvolheid van die norme uit die volwasse leefwêreld. Botha bepleit dan ook dat ortopedagogiese hulpverlening gedoen moet word deur persone wat deeglik geskool is in die orto- en sosiopedagogiek en dat elke skool ten minste oor 'n ortopedagoog moet beskik wat ten nouste moet saamwerk met die voog- en voorligtingsonderwyser.

In sy aanbevelings wys Bondesio (vgl. 1, p.143) daarop dat die potensiële skoolverlater nood het aan pedagogiese begryping en bemoeiing om tot die sin van sy daarwees in die skool te kan kom. Gekoördineerde optrede deur ouers en onderwysers kan die potensieel te vroeë skoolverlater heroriënteer om te kom tot verantwoordbare aktualisering van sy oerintensionaliteite. Hy wys ook op die pedoterapeutiese betekenis van sportaktiwiteite, uitstappies en toere ten aansien van die potensiële skoolverlater. Hy noem ook die moontlikheid van gesinsterapie (ouerbegeleiding) waardeur die ouers van hierdie kinders begelei word tot die aanvaarding van opvoederskap as opvoederlikheid.

Om die verlies aan blanke mannekrag teen te werk, moet die probleem van potensieel te vroeë skoolverlating doeltreffend bekamp word. Putter (24, p.121) wys in sy ondersoek daarop dat onderwysers deur intensiewe pedagogiese skoling in staat gestel moet word om aan die hand van pedagogiese kriteria te bepaal of 'n kind op ortopedagogiese hulpverlening aangewys is. In die geval van die potensieel te vroeë skoolverlater moet die hulpverlening op die ontoereikend verwerklikte opvoedingsgebeure gerig wees. Deur pedoterapie en ortodidaktiese hulp kan die wording van die kind weer op die gewenste niveau gebring word.

"Die verlies aan potensiële breinkrag kan alleen teengewerk word as pedagogies hooggeskoolde hulpverleners kinders-in-nood op wetenskaplike wyse betyds kan erken deur pedokliniese (Sielkundige Diens en Kinderleidinginstitute) kwalitatiewe persoonsbeelde-in-nood uit te lig" (3, p.76).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 1.2 Die huidige stand van pedoterapie aan potensieel te vroeë skoolverlaters in hoërskole.

Volgens Putter (24, p.121) is die effektiewe bekamping van die probleem van potensieel te vroeë skoolverlating alleen moontlik deur pedagogiese hulpverlening. Dit is dus noodsaaklik dat onderwysers pedagogies goed geskool sal wees sodat die potensieel te vroeë skoolverlater vroegtydig as sodanig geïdentifiseer kan word. Die eerste taak van die skool in die bekamping van hierdie probleem is dus vroegtydige identifisering.

Uit hierdie ondersoek wat gerig is op die moontlikheid van hulpverlening aan potensieel te vroeë skoolverlaters, blyk dit dat die identifisering van die onderpresteerder geen ernstige probleme bied nie. In elke skool wat by hierdie ondersoek betrokke was, bestaan daar genoegsame bewyse dat die hoof presies weet wie die onderpresteerders is. Daar bestaan egter nog tekortkominge ten aansien van die diagnostisering van die potensieel te vroeë skoolverlater se probleme en die gepaardgaande hulpverlening.

By elke skool bestaan daar ook een of ander stelsel aan die hand waarvan die mate van onderprestasie van elke leerling bepaal kan word. Alhoewel hierdie stelsels uiteenlopende van aard is, kom almal basies daarop neer dat die leerling se I.K.-posisie in sy standerd met sy skolastiese prestasie-posisie vergelyk word. So 'n stelsel kan egter nie standhou nie, aangesien die I.K. syfer verabsoluteer word en die leerling daaraan "uitgelewer" word. Die kind word dus nie as mens beag nie maar hy word gedegradeer tot 'n blote syfer.

Verskillende skoolhoofde huldig verskillende menings ten opsigte van die faktore wat aanleiding gee tot potensieel te vroeë skoolverlating. Een hoof is byvoorbeeld van mening dat dit hoofsaaklik 'n gesagsprobleem is wat te wyte is aan die feit dat beide ouers dikwels moet werk en daar dus nie toereikende toesig oor die kind is nie. 'n Volgende is van mening dat die meer intelligente kind nie in die laerskool werklik leer om te studeer nie aangesien die appèl wat die laerskool tot sy leermoontlikhede rig, nie werklik inspanning van hom verg nie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en kan hy kom dus nie in die hoërskool na behore op die leerstof rig nie. Die gebrek aan belangstelling in die leerstof is vir 'n ander hoof die grondrede vir onderprestasie. Volgens hom stel die hedendaagse hoërskoolleerling slegs daarin belang om aan die einde van elke jaar te slaag en nie om sy verstandelike moontlikhede optimaal te verwerklik nie.

Dit blyk dus dat daar nog 'n groot mate van ontoereikende insig in die probleme van die potensieel te vroeë skoolverlater bestaan. So sal die kind wie se ouers albei werk, nie noodwendig gebrekkig presteer nie. Netso is daar ook nie by alle potensieel te vroeë skoolverlaters 'n gebrek aan belangstelling in hul skoolwerk nie.

Die hulpverlening wat volg op die identifisering van 'n potensieel te vroeë skoolverlater neem ook 'n verskeidenheid van vorme aan. Hierdie "hulpverlening" wissel vanaf 'n brief aan die betrokke leerling se ouers waarin hulle versoek word om toe te sien dat hul kind voldoende aandag aan sy skoolwerk bestee tot oorhandiging van die leerling aan die skoolhoof waar dit dan weer wissel van "mooipraat" tot 'n "pak slae". Van 'n werklike diepgaande ondersoek met behulp van diagnostiseringsmedia, na die onderliggende probleem van die potensieel te vroeë skoolverlater en die gepaardgaande hulp (pedoterapie) met die verwerking van die probleem, is daar nie veel sprake nie.

By drie skole was daar wel 'n voorligtingsonderwyser wat oor die nodige pedagogiese geskooldheid beskik waardeur hy in staat gestel word om die potensieel te vroeë skoolverlater se probleem te diagnostiseer en om aan hom hulp te verleen. Dit blyk egter dat daar so 'n groot aantal onderpresteerders by elke skool is wat op pedoterapie aangewys is (minstens die 20 onderpresteerders waarvoor die navorser gevra het en wat deur die skoolhoof aangewys is—vgl. Hoofstuk III, p.59), dat dit nie vir die ortopedagoog moontlik is om intensief op elke potensieel te vroeë skoolverlater se probleem in te gaan nie. As verder in aanmerking geneem word dat al drie hierdie onderwysers 'n akademiese vak doseer, hulp verleen met vakkeuses, beroepsleiding gee aan al die matrikulante en buitemuurse aktiwiteite behartig,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is dit duidelik dat ook hier weinig sprake van intensiewe diagnostisering en hulpverlening kan wees.

Die Sielkundige Dienste van die Transvaalse Onderwysdepartement kan 'n besondere bydrae tot die identifisering en hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater lewer. Daar bestaan tans egter nog te min klinieke om vroegtydige identifisering in alle gevalle moontlik te maak. Eers nadat die simptome in intensiteit toegeneem het sodat die probleem besonder opvallend is, kom die leerling in aanmerking vir hulpverlening. Dit is dus moontlik dat 'n groot aantal verstandelik begaafde leerlinge die skool kon verlaat het sonder dat hulle onder die aandag van die Sielkundige Diens gekom het. Ook hier bestaan dus nog leemtes ten aansien van die hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater.

Dit blyk dus dat daar nog nie voldoende fasiliteite bestaan vir die effektiewe bekamping van en hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater nie en dat die omvang van hierdie probleem dus nog kan toeneem.

## 2. Die vorme van pedoterapie.

Wanneer daar van pedoterapie gepraat word gaan dit nie om 'n fenomeen wat sy oorsprong buite die opvoedingsituasie het nie. Dumont (4, p.54) stel dit soos volg: "Therapie is niet iets wat ergens buiten de opvoeding... los van die leefsituatie ... gerealiseerd wordt. In de therapie gebeurt niets dat niet in de opvoeding zijn analogon vindt ... Elke situatie moet voor emotioneel gestoorde kinderen vanuit eenzelfde grondgedachte gepland, gestruktureerd worden". In die pedoterapie gaan dit steeds om die volwassene-kind verhouding en dit vind binne die opvoedingsituasie plaas. Daarom is pedoterapie opvoeding, maar dit is 'n méér-gerigte opvoeding met die doel om "die kind se persoonsbeeld weer reg te stel, te hervorm, te omskep, herop-te-voed, ten einde hom weer vatbaar te maak vir opvoeding langs die gewone weë" (21, p.57). Pedoterapie is dus heropvoeding. Deur middel van die pedoterapie moet die ontspoorde kind begelei word tot die aanvaarding van sy verantwoordelikhede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Deur hom bewus te maak van sy verantwoordelikhede, word hy daartoe gebring dat hy sy bestaan as sinvol beleef. Ontspoorde kinders beleef egter "anders". Daarom moet die terapie gerig wees op die belewing van die kind. "Dit beteken dat dit in die pedoterapie primêr gaan om steun aan die kind tot herbelewing as herbetekening" (23, p.40).

Wanneer daar dus van pedoterapie gepraat word, word daarmee bedoel die heropvoeding van die ontspoorde kind (in hierdie geval die potensieel te vroeë skoolverlater) wat deur die opneem van sy verantwoordelikhede gebring word tot herbelewing as herbetekening van sy gesitueerdheid. Pedoterapie aan die potensieel te vroeë skoolverlater moet ook geskied deur die opvoedingsgebeure toereikend te verwerklik en so sy belewinge te stabiliseer (vgl. 24, p.142). So word hy dan gesteun om die noodsituasie te deurbreek sodat die wêreld wat wêreld-met-nood was, gewysig word tot tuiste (vgl. 9, p.47).

Dit potensieel te vroeë skoolverlater, as kind-in-nood, is vir sy gnosties-kognitiewe hertoetrede tot sy leerwêreld op pedoterapie aangewese. Daar bestaan minstens drie effektiewe vorme van pedoterapie, naamlik spel-, beeld- en gespreksterapie aan die hand waarvan die inhoud van die terapie tot die kind gebring kan word, wanneer hulp egter aan die potensieel te vroeë skoolverlater verleen word, is dit noodsaaklik dat die vorm daarvan in ooreenstemming sal wees met sy wordingsniveau sodat dit 'n appèl sal rig tot sy wil tot deelname aan die pedoterapeutiese gebeure.

### 2.1 Spelterapie.

Die jong kind is spelend in die wêreld, dit wil sê, spel is vir hom 'n wyse van in die wêreld wees. "Om spelend in die wêreld te wees, behoort inderdaad tot die mens se kontak met die wêreld" (29, p.69). Aangesien die jong kind nog nie daartoe in staat is om sy belewinge in woorde weer te gee nie, kan sy spel met die taal van die volwassene vergelyk word. Spel is dus "de spiegel van het innerlijk leven van het kind: in het spel onthult het onbewust wat in hem omgaat, wat zijn wesen zijn en zijn verlangens, welke angsten en conflicten het heeft, welke voorvallen hem het meest bezighouden en welke mensen het bewondert" (22, p.113). Volgens Van Wyk (31, p.1) is dit vir hom die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



natuurlikste vorm van dialoogvoering met sy wêreld, "dit is 'n wyse van omgaan met die wêreld wat as spel bestempel kan word".

Die jong kind wat in affektiewe nood verkeer, is nog nie in staat om sy probleem te verwoord nie, maar deur middel van sy spel kan hy sy labiele belewinge uitbeeld. "In het spel treden de dingen en de mensen uit hun alledaagse bestaan en worden tot beeld. Gespeeld wordt slechts met beelden" (32,p.176). Aangesien die kind met beelde speel en hy in 'n anderse verhouding daarteenoor staan as in sy werklike leefwêreld, is gedraginge en uitinge moontlik wat nooit in die werklikheid toegelaat sal word nie. So kan die kind in sy spel simbolies uiting gee aan sy aggressie en dit "betekent voor hem ontspanning" (22, p.118). Dit beteken egter nie dat die kind in die spelsituasie onbeperkte vryhede geniet nie aangesien sy verhouding tot die werklike wêreld nooit geheel opgehef kan word nie. Vermeer (32, p.181) stel dit as volg: "Achter de speelwereld blijft de werklijkheid. Ze staat er als achtergrond. De speelwereld kan niet buiten haar. Ze heeft haar nodig om in haar intieme samezijn ontworpen te kunnen worden. Die speelwereld is een ontwerp, dat zijn grens vindt in de werklijke wereld".

Die versteurde kind projekteer sy versteurde kommunikasie met die werklikheid in sy spelsituasie. Op hierdie situasie, soos wat dit deur die kind uitgebeeld word, kan die pedoterapeut "inspeel" en die kind bring tot herbetekening van en nuwe singewing aan sy situasie. Na analogie van die oplossing waartoe die kind, op hierdie wyse, in sy spelsituasie kom, belewe hy ook sy werklike situasie as veranderd.

## 2.2 Beeldterapie:

Langeveld (vgl. 15, p.87 - 107) wys daarop dat wanneer 'n kind op terapie aangewese is, daar iets te kort skiet ten aansien van sy kommunikasie met sy leefwêreld. Om hierdie rede moet die kind in die pedoterapeutiese situasie gehelp word om hierdie kommunikasie weer te herstel.

Vanweë versteurde kommunikasie tussen ouer en kind, bevind die kind homself dikwels in lewensituasie wat vir hom

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vreemd is. Aangesien sy ouers nie deur middel van die kommunikasie die nuwe situasie vir hom oopdek en dit sodoende vir hom toeganklik maak nie, blyk dit vir hom vreemd en gee dit aanleiding tot ŉ belewing van onsekerheid en onveiligheid. Elke nuwe situasie hou dan vir hom ŉ bedreiging in aangesien hy vanweë sy verskraalde ervaringsveld, nie by magte is om homself te handhaaf nie. Hy kan nie die betekenis van die situasie verwerk nie en hy beleef dus angs in hierdie situasie. Pretorius (23, p.90) stel dit soos volg: "Hy lewe slegs by die grasie van die angswekkende. Sy bestaan verskraal (ŉ verskraalde dialoog). Hy leef in ŉ konstante bedreigdheid en waag hom nie aan die nuwe nie, want dit eis inset en posisiebepaling. Hy aanvaar alleen die deur-en-deur vertroude". Dit blyk dus dat die kind wat in affektiewe nood verkeer, se belewing van onveiligheid en onsekerheid ontstaan vanweë sy verskraalde dialoog met sy leefwêreld. Om hierdie rede verkies Lubbers (vgl. 23, p.10 - 11) ŉ ander kommunikasiemiddel as die taal, naamlik die beeld. Kommunikasie deur die beeld is ŉ middel om die kind te bereik wat geestelik verdwaal het, wat losgeraak het van die bekende moontlikhede tot kommunikasie wat die daaglikse lewe bied. Nijkamp (22, p.118) sê skilder- en tekenwerk "Heeft een ontspannende werking". Die angs wat daar by die gestoorde kind aanwesig is, word dus verbreek. In sy beelde gee die kind iets van homself weer, naamlik"zijn visie, de weergave van zijn wereldbeeld ... een weerspiegelin van het wezen van het kind zelf" (22, p.213). Dit blyk dus dat die beeldterapie nie slegs die kind van sy angs bevry nie, maar dat dit ook die geleentheid bied tot verdere diagnostisering aangesien die kind homself daarin weergee.

Voordat pedoterapeutiese hulp aan die kind verleen kan word, moet die pedoterapeut tot ŉ ontmoeting met die kind kom. "Deur middel van ŉ kind se spontane tekening (beeldende ekspressie) word ŉ medium geskep, waardeur ŉ pedoterapeut en ŉ kind in dialoog met mekaar kan tree en so mekaar ontmoet" (33, p.16). Dit geskied eers sodra die kind begin beleef dat die pedoterapeut insig in, en begrip van sy tekenwerk het, want dan eers bestaan die moontlikheid van gevoelsmatige binding tussen kind en pedoterapeut (vgl. 17, p.15). Aan die hand van sy tekeninge openbaar die ontspoorde kind aan die pedoterapeut, hoe hy homself en die wêreld om hom beleef. Dit stel hom ook in staat om sy versteurde

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



belewinge simbolies weer te gee en hy word sodoende bevry van sy angs. In die pedoterapeutiese situasie word die kind ook in staat gestel om vele van sy probleme te bowe te kom. Deur aan 'n ander dit toe te ken wat hy nie in homself kan aanvaar nie, projekteer hy sy eie belewinge van onveiligheid en angs op 'n onpersoonlike derde figuur. Projeksie is 'n "spiegelervaring met mijn afgeweerde zelf ... We stellen in de projectie de ander gelijk aan onszelf, omdat we onszelf als een ander zouden willen stellen" (18, p.42). Projeksie kan dus as "afweer" beskou word. Aan die hand van beeldende ekspressie, word die kind in die veilige geborgenheid by die pedoterapeut, op indirekte wyse met die spieëlbeeld van sy afgeweerde self gekonfronteer. Ook sy angs en onsekerheid word in sy beeld op 'n konkrete wyse uitgedruk en sodoende word dit meer aanvaarbaar aangesien die kind homself daarteen kan verdedig. Die veilige geborgenheid wat die pedoterapeut bied en sy simpatieke meelewing, gee aan die kind die geleentheid om sy angsbeeld rustig te eksploreer want "die kind voel veilig by 'n ander wat sy angs nie deel nie" (23, p.91). In die pedoterapeutiese situasie gee die kind dan saam met die pedoterapeut nuwe betekenis (symmorfose beteken om saam betekenis te gee) aan die beangstigende. Deur symmorfose (vgl. 23, p.90) kom die kind na die voorbeeld van die pedoterapeut, tot versoening met die beangstigende.

Wanneer die kind in staat is om self met die beangstigende om te gaan, het die teenwoordigheid van die pedoterapeut oorbodig geword aangesien die kind dan in staat is om self 'n oplossing vir sy probleme te vind.

## 2.3 Gespreksterapie.

Die gesprek is die mees direkte wyse van kommunikasie in die pedoterapie. Hoewel dit nie die hoofvorm van kommunikasie by spel- en beeldterapie is nie, is hulle moeilik te bedink daarsonder. Die potensieel te voreë skoolverlater in die onderhawige studie, is 'n hoërskoolkind wat oor 'n bogemiddelde intelligensie beskik, en aangesien hy reeds oor die taal beskik om sy probleem te kommunikeer kan met hom in gesprek getree word daaroor en daarom is gespreksterapie die aangewese vorm van pedoterapie in hierdie geval.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In die pedoterapeutiese gespreksituasie moet die pedoterapeut deurgaans verantwoording doen van die pedagogiese toelaatbaarheid van sy optrede. Daarom is dit nodig dat die werklike essensies van die opvoedingsituasie ook in die pedoterapeutiese gespreksituasie gerealiseer sal word. Om hierdie rede noem Landman (9, p.47) die pedoterapeutiese gespreksituasie 'n besondere pedagogiese situasie. Om dus met die kind in gesprek te kan tree moet die pedoterapeut die leefwêreld van die kind betree om sodoende tot 'n ontmoeting met hom te kom. Deur die stigting van 'n gemeenskaplike wêreld, neem die pedoterapeutiese gesprek dan sy aanloop vanuit die leefwêreld van die kind, vanuit die bekende na die onbekende en beangstigende. Dus is die eerste voorwaarde vir die gesprek, en daarom ook die pedoterapeutiese gesprek "een gemeenschappelijke constituering van wereld" (27, p.146). Die gesprek is mede-deling (vgl. 23, p.95) aan mekaar vanuit die gemeenskaplike wêreld. Dit impliseer dat albei partye deel het aan die gesprek, dat dit nie 'n alleenspraak (deur die pedoterapeut) is nie en dat die kind ook verantwoordelikheid aanvaar vir sy aandeel daaraan.

Die gesprek is meer as 'n blote mededeling, dit is "een deel-neming aan elkaars innerlijke"(27, p.149). Dit is dus 'n openbaarmaking van die wese van die kind. Die pedoterapeutiese gesprek moenie 'n geforseerde gesprek wees waarin die kind gedwing word om sy mees intieme belewinge openbaar te maak nie. Dit moet 'n vertroude, liefdevolle samesyn wees wat vir die kind geen bedreiging inhou nie.

In die pedoterapeutiese gespreksituasie moet daar ook leiding aan die kind gegee word sodat hy sal leer om volgens die eise van behoorlikheid te leef. Deur die simpatieke leiding van die pedoterapeut "leer (die kind) onderskei tussen die norme waarvolgens hy tot nou toe geleef het en ander norme waarvolgens hy voortaan wil af moet leef. Die adolessent leer homself sien soos ander hom sien. Hy leer enersyds sien hoe hy <u>is</u> en andersyds hoe hy <u>moet wees</u> - hy word dus bewus gemaak van die vrugbare spanning tussen <u>is</u> en <u>behoort te wees</u>" (23, p.103).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aangesien gespreksterapie die vorm van pedoterapie is wat gebruik is by die hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater (kyk Hoofstuk III, p.63), is die res van die bespreking hoofsaaklik toegespits op gespreksterapie. Dit impliseer egter nie dat die pedoterapeutiese momente wat volg, nie op die ander pedoterapievorme betrekking kan hê nie.

## 3. Moontlikheidsvoorwaardes vir gespreksterapie.

Die potensieel te vroeë skoolverlater, as jeugdige wat nie genormeerde antwoord op die appèl wat in die pedagogies-didaktiese situasie tot hom gerig word nie (vgl. 16, p.1), moet deur middel van gespreksterapie begelei word tot die verantwoordbare aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

Die pedoterapeutiese gespreksituasie is 'n besondere opvoedingsituasie wat die wordingsversnelling van die kind as onmiddellike doel en die volwaardige volwassenheid van die kind as einddoel het. In hierdie pedoterapeutiese situasie moet die pedoterapeut voortdurend verantwoording doen van die pedagogiese toelaatbaarheid van sy optrede. Die doel van die steungewing in die pedoterapeutiese situasie is om veranderinge met die oog op die potensieel te vroeë skoolverlater se toekoms te bewerkstelling (vgl. 9, p.46) sodat hy gestalte sal gee aan die eis om sy verstandelike moontlikhede optimaal te verwerklik.

Voordat daar enige sprake van 'n doelgerigte pedoterapeutiese gespreksituasie kan wees, is daar eers sekere moontlikheidsvoorwaardes waaraan voldoen moet word. Volgens Pretorius (23, p.63) is hierdie moontlikheidsvoorwaardes, wat ook pedoterapeutiese beginsels genoem kan word, die volgende:

i) die vertroue van die kind wen ;
ii) vertroue in die kind toon ;
iii) aanvaarding van die kind toon ;
iv) eerbied toon vir sy waardigheid ;
v) belangstelling, besorgdheid en simpatie toon ;
vi) die kind veilig en geborge laat voel ;
vii) 'n stabiele affektiewe relasie met die kind opbou ;

viii) die kind steun in sy nood ;

ix) begrip toon aan die kind ;

x) gesag uitoefen oor die kind, dus eise en grense stel ;

xi) norme en waardes voorhou.

Kortom kom die moontlikheidsvoorwaardes vir die terapeutiese gespreksgebeure dus neer op die realisering van die vertrouens-, begrypings- en gesagsverhouding.

Die pedoterapeut moet op so 'n wyse met die potensieel te vroeë skoolverlater bemoeienis maak dat hy hom daardeur steun tot oorwinning oor sy inspanningloosheid in die leersituasie en tot afweer van sy angs. Hy moet dus gesteun word tot die afvoering van sy versteurde affektiewe belewinge en sodoende gebring word tot 'n belewing van stabiliteit. Langs hierdie weg ontstaan daar by die potensieel te vroeë skoolverlater 'n gepreformeerde veld vir distansiëring tot die geordende gnosties-kognitiewe niveau (vgl. 26, p.26). Om hom egter tot hierdie niveau te bring, is dit noodsaaklik dat die pedoterapeut 'n gemeenskaplike wêreld sal konstitueer wat aan die potensieel te vroeë skoolverlater die sekerheid en veiligheid sal bied vanwaar hy paties bereid sal wees om sy probleemgebied te eksploreer. Hierdie pedoterapeutiese steungewing moet op so 'n wyse geskied dat die potensieel te vroeë skoolverlater daarmee instem en die terapeutiese situasie as veilige tuiste beleef.

In hierdie gemeenskaplike wêreld kan die pedoterapeut en die potensieel te vroeë skoolverlater saam-wees omdat die daar-wees van die een nie moontlik is sonder die daar-wees van die ander nie, want dan sou daar geen sprake van onsheid kan wees nie. "Die outentieke daar-wees van die pedoterapeut is steeds 'n wees met 'n oopwees vir die puber-in-nood as moontlikheidsvoorwaarde van sy eie eksistensie en as moontlikheidsvoorwaarde vir pedoterapie. Die pedoterapeutiese gespreksituasie is dan 'n in-die-wêreld-wees-met-mekaar wat moontlik gemaak word deur 'n besondere onderlinge verhouding (die pedoterapeutiese verhouding) waardeur teenwoordigheid-vir-mekaar (omgang) 'n teenwoordigheid-met-mekaar (ontmoeting) dus outentieke teenwoordigheid word" (9, p.48).

In die pedoterapeutiese situasie leer die potensieel te vroeë skoolverlater en die pedoterapeut mekaar ken. Die potensieel te

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vroeë skoolverlater as kind-in-nood, beleef homself nou as begrepe deur die pedoterapeut en hy staan dus nou nie meer alleen teenoor sy probleem nie. Deur sy verhouding met die pedoterapeut word sy eensaamheid deurbreek en ontstaan daar 'n gemeenskaplike wêreld waarin hy sy lewe met die pedoterapeut kan deel.

Deur die stigting van hierdie onsheidsruimte, beleef die potensieel te vroeë skoolverlater geborgenheid en veiligheid. Hy beleef dat hy in vertroue aanvaar word deur die pedoterapeut en daarom is hy ook bereid om sy probleem met hom te deel. Deur die realisering van die vertrouensverhouding word die potensieel te vroeë skoolverlater gesteun om sy hulpbehoewendheid te bowe te kom en word hy die geleentheid gebied om self-iemand te wees.

Realisering van die vertrouensverhouding begunstig ook die identifikasiegebeure in die pedoterapie. Die potensieel te vroeë skoolverlater identifiseer hom met die waardes en norme soos wat dit deur die pedoterapeut aan hom voorgehou en voorgeleef word. Die gesag waarmee die norme en waardes aan hom voorgehou word, gee aan hom normatiewe sekerheid, vastheid en geborgenheid. Realisering van die vertrouensverhouding lei die kind dus tot paties-affektiewe sekerheid (vgl. 23, p.65).

Die laaste moontlikheidsvoorwaarde vir gespreksterapie is dat die pedoterapeut hom weer van die potensieel te vroeë skoolverlater sal moet distansieer nadat die wordingsvertraging uitgewis is en hy sodoende in staat gestel is om sy verstandelike moontlikhede optimaal te aktualiseer.

## 4. <u>Verloop van die gespreksterapeutiese gebeure.</u>

Aangesien die pedoterapeutiese situasie in wese 'n pedagogiese situasie is en daarom die werklike essensies van die pedagogiese gebeure moet vertoon, sal daar sprake wees van 'n duidelike verloop in die pedoterapeutiese gebeure. Dit is dus noodsaaklik dat die pedagogiese verloopstrukture (vgl. 14, p.66 - 71) in die pedoterapeutiese gespreksituasie met die potensieel te vroeë skoolverlater gerealiseer sal word. Aangesien die pedoterapeutiese gespreksituasie nie 'n gewone pedagogiese situasie is nie maar wel 'n besondere pedagogiese situasie, word die pedagogiese verloopstrukture aangeval en vervleg met die volgende pedagogiese handelingsvorme (vgl. 30, p.48):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.1 In kommunikasie tree met die potensieel te vroeë skoolverlater.

Reeds tydens die diagnostisering van die potensieel te vroeë skoolverlater se probleem, tree die pedoterapeut op indirekte wyse aan die hand van diagnostiseringsmedia, met hom in kommunikasie. Die diagnostisering het dus reeds pedoterapeutiese waarde aangesien die kind se eensaamheid deur die teenwoordigheid van die pedoterapeut deurbreek word en hy in sy omgang met die diagnostiseringsmedia die geleentheid kry om op indirekte wyse van sy angs ontslae te raak. Die pedoterapeut plaas homself dus in die gemeenskaplike wêreld by die kind in sy nood. Hy skep 'n omgangsituasie waarin die potensieel te vroeë skoolverlater uitgenooi word om uit vrye wil met hom in kommunikasie te tree (vgl. 33, p.70).

Voordat die pedoterapeut hom op pedagogiese wyse met die potensieel te vroeë skoolverlater bemoei, moet die omgang situasie eers oorgaan in 'n werklike ontmoeting, geïnisieer deur die pedoterapeut, met die doel om hulp aan die kind te verleen. Deur die inleiding van die kommunikasie, word 'n gemeenskaplike onsheidsruimte betree waarin hul by-mekaar-wees oorgaan in 'n met-mekaar-wees. Vanuit hierdie veilige ruimte, waar die kind se angsbelewinge verminder word, is hy bereid om saam met die pedoterapeut te waag en sodoende kan die kommunikasie tot volle vergestalting kom. Deur die versterking van die kommunikasie tussen pedoterapeut en potensieel te vroeë skoolverlater, kan die pedoterapeut die opvoedingsmomente, wat in die ontmoetingsituasie sigbaar word, benut en sodoende die kind in sy nood steun. Deur die kommunikasie voel die potensieel te vroeë skoolverlater homself begrepe en is hy bereid om sy versteurde affektiewe belewinge aan die pedoterapeut te openbaar. Hy word wel nog met sy probleem gekonfronteer, maar nou in die veilige geborgenheid by die pedoterapeut (vgl. 23, p.90). Aangesien hy saam met die pedoterapeut sy probleem eksploreer, kom die potensieel te vroeë skoolverlater tot 'n herbelewing as herbetekening van sy probleem.

In hierdie ontmoetingsituasie neem die pedoterapeut die verantwoordelikheid vir die wordingsversnelling van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



potensieel te vroeë skoolverlater op hom, sodat die bereikte wordingsniveau van die kind weer in ooreenstemming gebring kan word met die bereikbare wordingsniveau. Die pedoterapeut moet egter aan die potensieel te vroeë skoolverlater die geleentheid gee en hy moet dit ook van hom vereis, om self verantwoordelikheid te aanvaar vir sy aandeel aan die pedoterapeutiese gebeure. Hierdeur gaan die ontmoeting oor in 'n engagement waarby albei betrokkenis die verantwoordelikheid aanvaar vir wat mag voortvloei uit die ontmoeting (vgl. 14, p.69).

## 4.2 Die potensieel te vroeë skoolverlater laat handel.

Die pedoterapeut laat die potensieel te vroeë skoolverlater tydens die pedoterapeutiese gebeure met spesifieke terapeutiese materiaal (taalformulering in die geval van gespreksterapie) sistematies handel. Aangesien die kind wat op pedoterapie aangewese is, te kort skiet ten opsigte van sy kommunikasie met sy leefwêreld, is dit dikwels nodig dat hy aangespoor en aangemoedig moet word om met die pedoterapeutiese materiaal om te gaan. Langs hierdie weg moet hy dus gesteun word om sy versteurde kommunikasie te herstel, en die beste middel daartoe is juis die kommunikasie in die pedoterapeutiese gespreksituasie (vgl. 5, p.16). Dit is dan ook slegs met voortdurende aansporing en waardering van 'n kind se vertellinge dat 'n pedoterapeut 'n kind kan steun en help in die eksplorasie van sy wêreld en die ontdekking van sy probleem (vgl. 33, p.73).

Die pedoterapeut moet instemming verleen wanneer die kind op positiewe wyse met die terapeutiese materiaal omgaan. Hy moet waardering betuig indien die kind in ooreenstemming met behoorlikheidseise handel aangesien dit die deurbreking van die probleemsituasie begunstig. Deur die goedkeuring van die pedoterapeut, beleef die potensieel te vroeë skoolverlater dat hy aanvaar word soos wat hy is en met die probleem wat hy het en daarom is hy bereid om saam met die pedoterapeut sy probleemgebied te verken en sodoende word hy in staat gestel om sy probleem self onder woorde te bring.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.3 Die potensieel te vroeë skoolverlater nie laat handel nie.

Dit is ook nodig dat die pedoterapeut van tyd tot tyd sekere beperkinge en verbiedinge sal stel sodat die potensieel te vroeë skoolverlater kan kom tot kennis van goed en kwaad en hy kan leer om aan die eise van behoorlikheid te voldoen. Aangesien die pedoterapeutiese situasie 'n besondere pedagogiese situasie is, moet die gesagsverhouding ook in die pedoterapeutiese gebeure gerealiseer word en daarom mag die pedoterapeut nie nalaat om die verkeerde af te keur nie. Deur die stel van verbiedinge en beperkinge word die kind gelei tot affektiewe stabiliteit aangesien hy gelei word tot insig in sy probleem (vgl. 33, p.75). Dit hou nie in dat die kind se probleemhandelinge hom verbied word nie, maar hy word juis daarmee aanvaar en deur die indirekte kommunikasie word hy beskerm teen 'n direkte konfrontasie met die probleem wat sy verwerklikingsmoontlikhede te bowe gaan (vgl. 23,p.73). Sodoende word hy indirek tot insig in sy probleem gebring en word hy met die steun van die pedoterapeut in staat gestel om dit te oorkom.

Om te voorkom dat die potensieel te vroeë skoolverlater te afhanklik en sodoende 'n replika van die pedoterapeut se persoonsbeeld word (vgl. 33, p.76), is dit die taak van die pedoterapeut om hom weer van die kind te distansieer sodat die kind self met doelgerigtheid sy wêreld verder kan eksploreer.

## 5. Kriteria ter evaluering van die gespreksterapeutiese gebeure.

In die pedoterapie, en daarom ook in die gespreksterapie, as besondere opvoedings- en heropvoedingsgebeure, gaan dit steeds om die opvoeding van die kind. Daarom sal die pedoterapeutiese situasie die werklike essensies van 'n opvoedingsituasie moet vertoon. By implikasie hou dit dus in dat die pedoterapie dieselfde einddoel as die opvoeding voor oë het.

Aangesien daar deur die gespreksterapie gepoog word om die potensieel te vroeë skoolverlater op sy bereikbare wordingsniveau te plaas, is dit nodig dat daar van tyd tot tyd bepaal sal word in watter mate daar aan hierdie doel beantwoord word. Daar moet dus

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kriteria opgestel word aan die hand waarvan die gespreksterapeutiese gebeure geëvalueer kan word. "Die primêre kriterium hier is die vraag of die kind deur die pedoterapeut gehelp word om sy bestemming (volwassenheid) te bereik" (23, p.73). Deur die gespreksterapie moet die potensieel te vroeë skoolverlater begelei word "totdat hy beoefenaar word van die normbeeld van volwassenheid" (11, p.46). In die pedoterapeutiese situasie moet die algemeen geldige inhoude van volwassenheid gedurig voor oë gehou word.

Aangesien die pedoterapie, en in hierdie geval die gespreksterapie, die volwassenheid van die potensieel te voreë skoolverlater as einddoel het, kan die pedagogiese doelstrukture (vgl. 12, p.167) soos volg (vgl. 23, p.73 - 74) tot pedoterapeutiese kriteria omstel word aan die hand waarvan die gespreksterapeutiese gebeure geëvalueer kan word:

5.1 Word die potensieel te vroeë skoolverlater, as kind-in-nood, gesteun tot ŉ betekening van die sinvolheid van sy eie bestaan ?

Die potensieel te vroeë skoolverlater is ŉ kind wat nie die verantwoordelikheid aanvaar om sy verstandelike moontlikhede optimaal te verwerklik nie. Om hierdie rede kan hy nie sy bestaan as sinvol beleef nie, aangesien die begryping van die sin van die lewe ŉ groot mate van verantwoordelikheid veronderstel (vgl. 21, p.61).

Volgens Frankl (8, p.8) is "bewustzijn en verantwoordelijkzijn de funadamentele bestanddelen van het menselijk bestaan". In die gespreksterapie met die potensieel te vroeë skoolverlater, moet die pedoterapeut homself dikwels afvra of hy deur sy pedoterapie die kind bring tot hierdie bewussyn van sy verantwoordelik-syn.

Die potensieel te vroeë skoolverlater moet in die pedoterapeutiese situasie her-opgevoed word sodat hy sy bestaan sal beleef as ŉ verantwoordelik-wees ten opsigte van die verwerkliking van sy verstandelike moontlikhede. Deur wekking van die kind se gewete, sy waardebesef en sy verantwoordelikheidsin, kom hy geleidelik tot insig in die sin van sy lewe (vgl. 21, p.57).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hy moet dus gebring word tot 'n anderse betekenisgewing aan sy bestaan.

Deur die pedoterapie moet die potensieel te vroeë skoolverlater tot die besef gebring word dat hy nie die een is wat aan die lewe eise mag stel nie maar dat hyself moet antwoord op die eise van behoorlikheid. Hy word deur die lewe bevra en hy moet op die lewe antwoord — hy moet die lewe verantwoord (vgl. 6, p.56). Die lewe bied die geleentheid tot die aanvaarding van verantwoordelikheid.

Deur bewuswording van sy verantwoordelikheid ten opsigte van die behoorlikheidseise, kan die potensieel te vroeë skoolverlater sin en inhoud aan sy lewe gee en kan hy sodoende sy bestaan verantwoord.

## 5.2 Kom die potensieel te vroeë skoolverlater in die pedoterapie tot selfbeoordeling en selfgebrip ?

Om die potensieel te vroeë skoolverlater te brind tot die vryheid om sy verantwoordelikheid te aanvaar, naamlik om sy verstandelike moontlikhede optimaal te verwerklik, is dit noodsaaklik dat hy in die pedoterapeutiese gespreksituasie in 'n toenemende mate tot begryping en beoordeling van sy verstandelike moontlikhede gebring sal word. Hy moet met homself gekonfronteer word sodat hy kan kom tot begryping van homself in sy noodsituasie en die handelinge waardeur hy, met behulp van pedoterapeutiese steungewing, in staat is om sy noodsituasie te deurbreek.

Deur die gesprekster apie moet die potensieel te vroeë skoolverlater begelei word tot meerdere selfbegryping. Dit impliseer "'n begryping van die eie wêreldverhoudinge en die verpligtinge wat dit inhou" (9, p.50). Deur die steungewing van die pedoterapeut "kan die puber-in-nood (in hierdie geval die potensieel te vroeë skoolverlater) kom tot kennis aangaande sy eie kan-wees, dus van wat hy behoort te wees en te word" (9, p.50). Na mate sy selfbegryping toeneem en hy onder die indruk van sy eie moontlikhede kom, kom hy tot die besef dat hy sy eie noodsituasie kan deurbreek en dat hy sy moontlikhede kan aanwend tot die stigting van nuwe wêreldverhoudinge.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Om te kan bepaal of die potensieel te vroeë skoolverlater kom tot selfbeoordeling en selfbegrip op kinderlike niveau, moet die pedoterapeut homself dus afvra of hy die kind lei tot begryping van sy eie positiewe menslike moontlikhede en tot kennis van wat sy pligte is en welke verantwoordelikhede van hom geëis kan word.

5.3 Word die potensieel te vroeë skoolverlater in sy menswaardingheid raakgesien en word hy gesteun tot agting vir menswaardigheid ?

Die kind is iemand wat self iemand wil wees (Langeveld). Volgens hierdie uitspraak van Langeveld blyk dit dat die hunkering tot self-iemand-wees 'n algemeen menslike verskynsel is en wat dus ook by die potensieel te vroeë skoolverlater teenwoordig sal wees. Om hierdie rede is dit dus noodsaaklik dat hy as besondere persoon (individu), in sy andersheid, deur die pedoterapeut raakgesien sal word. "Die individualiteit van die kind kom te voorskyn, nie net op grond van die feit dat hy van ander syndes onderskei kan word nie, maar in die besonder omdat hy 'n eie wyse van in-die-wêreld-wees is"(13, p.25). Dit hou in dat die pedoterapeut die potensieel te vroeë skoolverlater, as unieke, eenmalige wese wat 'n eie leefwêreld stig, in sy waardigheid as mens moet raaksien en as sodanig moet be-ag. Moustakas (19, p.5) stel dit as volg: "The therapist considers all the child's ways and values with respect because they are the child's... In every aspect of the relationship the child is seen as an individual with an ever-present capacity for self-determination".

Nie alleen moet die potensieel te vroeë skoolverlater as menswaardig be-ag word nie, maar sal hy "deur opvoeding (heropvoeding) in toenemende mate sy eie menswaardigheid moet ontdek (her-ontdek) en voortdurend bevestig deur sy unieke wyse van in-die-wêreld-wees" (3, p.32). Om tot 'n besef van eie waarde te kom, moet hy in die pedoterapeutiese gespreksituasie gesteun word om in ooreenstemming met sekere waardes te lewe. Hy moet ook gebring word tot die aanwending van hierdie waardes as norme waarvolgens hy wil lewe. Om oor agting vir sy eie menswaardigheid te beskik, beteken dat hy sal weet dat hy die taak het om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



waardes te realiseer. Hier is dus sprake van taakaanvaarding en daarom moet die potensieel te vroeë skoolverlater in 'n toenemende mate tot die besef gebring word dat hy selgs dan menswaardig lewe wanneer hy sy pligte vervul. Die plig om sy verstandelike moontlikhede optimaal te realiseer, moet dus aan hom voorgehou word. Die pedoterapeut moet ook aan die potensieel te vroeë skoolverlater die geleentheid gee "om self die waardevolle (waardes) te leer ken, te verwerklik en as norme aan te wend, dus om sy menswaardigheid te "oefen" sodat hy uiteindelik as volwassene menswaardigheid op 'n selfstandige en verantwoordelike wyse sal beoefen" (10, p.57).

In die heropvoedingsituasie moet die potensieel te vroeë skoolverlater nie slegs begelei word tot die ontdekking van die eie menswaardigheid nie, maar moet hy ook gelei word tot agting vir die andersheid van ander. Slegs as waarde - erkennende en waarde-verwerklikende wese sal hy agting hê vir die anderse wyse waarop sy medemens waardes verwerklik en sal hy sodoende nie sy medemens as middel tot 'n doel gebruik en hom daardeur van sy menswaardigheid ontneem nie.

Deur die agting wat die pedoterapeut vir die menswaardigheid van die potensieel te vroeë skoolverlater openbaar, wek hy agting by hom vir sy eie menswaardigheid asook vir die menswaardigheid van sy medemens.

## 5.4 Geskied pedoterapie met die oog op die potensieel te vroeë skoolverlater se uiteindelike sedelik - selfstandige besluitvorming en handeling ?

Aangesien geen mens die wêreld as volwassene binnekom nie, is hy op opvoeding tot volwassenheid aangewese. Voordat daar egter van enige opvoeding sprake kan wees, is daar sekere moontlikheidsvoorwaardes waaraan voldoen moet word. Die volwassene, as opvoeder, moet die kind, as opvoedeling, ken, hom vertrou en 'n definitiewe doel met hom voor oë hê. Die kind daarenteen moet gehoorsaam wees aan die gesag van die volwassene en hy moet vertrou dat die volwassene hom kan begelei tot volwassenheid. Dit blyk dus dat daar 'n intieme verhouding tussen volwassene en kind sal moet ontstaan. Die volwassene

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is egter nie alleen verantwoordelik vir dit wat mag voortvloei uit hierdie opvoedingsverhouding nie; die kind moet ook verantwoordelikheid aanvaar vir sy aandeel aan hierdie verhouding. Aangesien die kind 'n sedelike wese is wat oor 'n eie kies- en keurvermoë beskik, is hy nie slegs in staat om die verantwoordelikheid vir sy eie dade te dra nie, maar kan hy ook deur eie kraginspanning sy besluite tot uitvoer bring (vgl. 6, p.55).

Vanweë opvoedingstekorte is die potensieel te vroeë skoolverlater egter nie in staat om selfstandig keuses te maak nie en kan hy ook nie verantwoordelikheid vir sy keuses aanvaar nie. Daarom moet die pedoterapeut hom in die pedoterapeutiese gespreksituasie steun om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy aandeel aan die pedoterapeutiese verhouding. Slegs langs hierdie weg kan hy kom tot die aanvaarding van sy verantwoordelikheid ten opsigte van alle verhoudinge soos deur hom aangegaan en tot selfstandige uitvoering van sy besluite en pligte.

In die pedoterapeutiese gespreksituasie moet die potensieel te vroeë skoolverlater die geleentheid gebied word om selfstandig keuses te maak en besluite te neem en om selfstandig uitvoering aan hierdie besluite te gee, maar daar moet veral van hom geëis word om die verantwoordelikheid vir die uitkoms van sy dade te aanvaar. Hy moet dus tot die besef gebring word dat die verantwoordelikheid ten opsigte van sy besluite 'n persoonlike verantwoordelikheid is en dat hy dit nie mag ontduik of op 'n ander mag afskuif nie. Dit impliseer dat hy moet leer om in ooreenstemming met die eise van behoorlikheid op te tree.

Om dus tot uiteindelike sedelik--selfstandige besluitvorming en handeling te kom, moet die potensieel te vroeë skoolverlater deur die pedoterapeut gesteun word "om trou te bly aan sy beslissings en om uitvoering te gee aan sy keuses sodat hy ook self die iemand kan word wat hy behoort te wees" (10, p.72).

## 5.5 <u>Word die eis tot verantwoordelikheid aan die potensieel te vroeë skoolverlater gestel ?</u>

Soos reeds gemeld is die potensieel te vroeë skoolverlater

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n kind wat op onverantwoordelike en onverantwoordbare wyse die skool wil verlaat. Dit blyk dus dat dit hom veral aan verantwoordelikheid ontbreek. Louw (16, p.10) stel dit dan ook dat die mees uitstaande kenmerk van die potensieel te vroeë skoolverlater seker sy weiering is tot die aanvaarding van groter verantwoordelikheid. Daarom is dit noodsaaklik dat die eis tot die opneem van verantwoordelikheid in die pedoterapeutiese gespreksituasie aan die dikwels nie-verantwoordelike potensieel te vroeë skoolverlater gestel sal word. Hy moet dus gesteun word tot die aanvaarding van volle verantwoordelikheid vir die keuses wat hy maak. Hy moet die geleentheid gebied word tot bewuswording van sy verantwoordelikheid ten opsigte van die ontwerp van sy eie leefwêreld.

Die term verantwoordelikheid hang ten nouste saam met die term "antwoord". "Deur die mens as verantwoordelikheid te bestempel, is om hom as antwoordende wese te sien" (25, p.47). Dit impliseer dat die mens se lewe nie 'n soeke na antwoorde is nie, maar dat sy lewe antwoord is op elke situasie waarin hy hom bevind. Die lewe verg dus 'n antwoord van die mens in elke lewensituasie. Die lewe besit dus 'n eisestellende karakter en die mens moet antwoord op hierdie eise. In die pedoterapeutiese gespreksituasie moet daar by die potensieel te voreë skoolverlater verantwoordelikheid ten opsigte van sy lewenstaak gekweek word. Hy moet bewus gemaak word van sy bevraagdheid as mens. Verantwoordelikheid is dus erkenning en aanvaarding van sy lewenstaak as opdrag (vgl. 25, p.48).

In die pedoterapeutiese gespreksituasie moet daar in toenemende mate aan die potensieel te vroeë skoolverlater die moontlikheid gebied word tot die aanvaarding van die uitkoms van sy eie keuses. Dit moet van hom vereis word dat hy in 'n toenemende mate verantwoordelikheid sal aanvaar vir sy aandeel aan die stigting van die heropvoedingsverhoudinge in die pedoterapeutiese situasie sodat hy uiteindelik as volwassene verantwoordelikheid vir al sy verhoudinge met ander sal aanvaar.

Deur die gesprekterapie moet die potensieel te vroeë skoolverlater daarvan bewus gemaak word dat hy sal moet antwoord op die behoorlikheidseise ten opsigte van die aktualisering van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sy verstandelike moontlikhede.

Indien die pedoterapeut steeds sy einddoel met die potensieel te vroeë skoolverlater voor oë hou, sal hy van tyd tot tyd moet bepaal of hy hom genoeg geleentheid bied om sy verantwoordelikhede onder toesig te "oefen" sodat hy dit uiteindelik as volwassene selfstandig sal kan beoefen.

5.6 Word norme en waardes in die pedoterapie gerealiseer sodat die potensieel te vroeë skoolverlater hom daarmee kan identifiseer ?

Die potensieel te vroeë skoolverlater is dikwels vanweë verskraalde opvoedingsbemoeienis, nie by magte om tussen goed en kwaad te onderskei nie. "Gevolglik moet die pedoterapie daarop gerig wees om die versteurde kind te help om bekwaam te word tot sedelike selfbepaling in ŉ morele orde. Die kind wat nie kan onderskei tussen waardes nie, sal ŉ swak insig hê in die behoorlikheidseise van die lewe" (6, p.56). Die pedoterapeut moet aan die potensieel te vroeë skoolverlater ŉ bepaalde rangorde van waardes voorhou sodat hy ŉ eie normsisteem van wat reg en goed is kan opbou. "Sonder die normatiewe is daar geen sprake van opvoeding (heropvoeding resp pedoterapie) nie, want die opvoeder (pedoterapeut) wil die kind (potensieel te vroeë skoolverlater) lei tot volwassenheid, en volwassenheid staan in direkte verband met die normatiewe" (11, p.62).

Uit bogenoemde blyk dit dus dat die pedoterapeut "sommige van sy waardes op die kind sal oordra. Die pedoterapeut moet egter bewus – opsetlik sy persoonlike antwoord op ŉ situasie, sy standpunt, sy stellingname aan die kind voorhou" (23, p.60). Aangesien die potensieel te voreë skoolverlater ŉ ontspoorde nie-volwassene is, kan hy nie aan homself oorgelaat word om sy eie waardes te ontdek nie.

Volgens Frankl (8) gaan dit in die pedoterapie by uitstek om waardes en norme. Deur die realisering van waardes, kry die menslike bestaan betekenis. "Vir sover hy (die mens) waardes verwesenlik, gee dit sin aan sy bestaan" (25, p.44). Deur die voorlewing van die norme deur die pedoterapeut en om van die kind te verwag om die norm, ter wille van die norm self, na te leef,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



ervaar die kind dus die sin en betekenis van sy lewe.

Indien die pedoterapeut dus 'n ware heropvoedingsituasie wil konstitueer, sal hy moet bepaal of hy in so 'n mate die normatiewe voorleef en voorhou dat dit vir die potensieel te voreë skoolverlater genoeg aansporing tot onvoorwaardelike norm-identifikasie is. Alleen wanneer hy die norm ter wille van die norm self leef "sal hy (die potensieel te vroeë skoolverlater) nie meer kind wees nie, maar 'n volwassene wat die behoorlikheid vir ander sal kan voorleef" (10, p.39).

## 5.7 Kom die aangeleentheid van lewensopvatting in die pedoterapie met die potensieel te vroeë skoolverlater ter sprake ?

Soos reeds aangetoon gaan dit in die pedoterapie hoofsaaklik om waardes en norme. Geen pedoterapie is moontlik sonder waardes nie aangesien dit die inhoud van die pedoterapie vorm. Daarom is dit dan ook duidelik dat die pedoterapeut se eie hiërargie van waardes 'n baie pertinente rol sal speel in sy pedoterapeutiese bemoeienis met die potensieel te vroeë skoolverlater. In der waarheid moet die pedoterapeut as volwassene, vanuit sy eie lewensbeginsels sy eie stellingname in sekere situasies aan die potensieel te vroeë skoolverlater voorhou. Dit impliseer nie dat hy sy eie waardesisteem op die potensieel te vroeë skoolverlater moet afdwing nie, maar dat die kind deur nalewing van die voorbeeld, sal kom tot 'n eie stellingname teenoor en opvatting van die lewe.

Uit bogenoemde spreek dit dus dat die potensieel te vroeë skoolverlater, na analogie van die waardes soos aan hom voorgehou, 'n eie rangorde van waardevoorkeur moet opbou wat verband hou met die volkseie lewensopvatting. Hy moet gesteun word sodat hy die lewenswerklikheid in die regte perspektief sien en aan sekere waardes meer prominensie sal verleen as aan ander (vgl. 28, p.34). Sy rangorde van waardevoorkeur sal in ooreenstemming moet wees met die eise van behoorlikheid soos wat dit deur die groep waarin hy is, voorgestaan word. Om dus uiteindelik as volwassene te kan leef, moet die potensieel te vroeë skoolverlater onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan die behoorlike soos wat dit deur die pedoterapeut aan hom voorgehou word, asook aan sy eie lewensopvatting waaruit sy eie rangorde van waardevoorkeur spreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hieruit spreek dan ook die eisestellende karakter van die lewensopvatting. Die mens en daarom ook die potensieel te vroeë skoolverlater, is voortdurend onder die verpligting om in ooreenstemming met die behoorlikheidseise te lewe. Die mens se lewensopvatting eis van hom dat sy lewe in alle situasies in 'n bepaalde rigting sal verloop. Landman (14, p.106) stel dit dan ook dat 'n lewensopvatting nie iets vir 'n spesifieke geleentheid is nie, "maar dit gebied die mens om van 'n geleentheid iets te maak, en wel in dié sin dat dit hom voortdurend oproep tot 'n besondere wyse van handeling in alle omstandighede met die behoorlikheidseise wat uit die bepaalde lewensopvatting spreek en oproep".

Op grond van die behoorlikheidseise wat spreek uit sy lewensopvatting, is die mens daarop gerig om te voldoen aan hierdie eise en om steeds meer in ooreenstemming te leef met die behoorlikheidseise. Die lewensopvatting is dus 'n ideële aangeleentheid wat die mens as onafsluitbare wese onderweg hou na die idee van die mens (vgl. 14, p.108).

Lewensopvatting is dus 'n belangrike aangeleentheid in die hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater. Die daarstelling van 'n eie lewensopvatting impliseer dat die potensieel te vroeë skoolverlater nie meer die behoorlike sal doen net omdat die pedoterapeut dit van hom verwag nie, maar ter wille van die behoorlikheid self.

## 6. Die essensies van gespreksterapie.

Die potensieel te vroeë skoolverlater skiet te kort ten opsigte van sy kommunikasie met sy leefwêreld, en veral met sy leerwêreld. Vanweë hierdie versteurde kommunikasie is sy bereikte wordingsniveau nie in ooreenstemming met sy bereikbare wordingsniveau nie. Deur die simpatieke steungewing van die pedoterapeut en met die kommunikasie as hulpmiddel, kan hy gelei word tot verantwoordelike en verantwoordbare taakaanvaarding in sy kommunikasie met sy leerwêreld.

Om in gesprek te tree met die potensieel te vroeë skoolverlater, moet die vertrekpunt vir die gesprek geneem word vanuit 'n gemeenskaplik gekonstitueerde wêreld. "Slechts wanneer wij samen kunnen

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opgaan in één wereld, wanneer wij samen in deze wereld kunnen zijn, wordt ons woord over dize wereld mogelijk" (27, p.144). Dit is dus die same-syn wat die gesprek moontlik maak.

Aangesien die pedoterapeut met die intiemste belewinge van die potensieel te vroeë skoolverlater omgaan, moet hy versigtig wees dat hy nie die kind gedwonge laat voel om dit wat hy nie openbaar gemaak wil hê nie, openbaar te maak nie. "Die voorwaarde tot het gesprek is het geheim van de ander. Dit geheim is het verborgene in hem, dat het gesprek indirect communiceert" (27, p.153).

Die laaste vorwaarde vir die gesprek is die ongelykheid van twee mense, die asimmetrie (vgl. 23, p.99) van die gespreksgenote. Dit is dus juis die ongelykheid tussen die potensieel te vroeë skoolverlater en die pedoterapeut wat die kommunikasie moontlik maak wat die potensieel te vroeë skoolverlater in staat stel om sy kommunikasie met sy leerwêreld te herstel.

Aan die hand van Van der Berg se deurskouing van die gesprek, formuleer Pretorius (23, p.98 - 99) die volgende werklike essensies van die pedoterapeutiese gesprek:

i) Die vertrekpunt van die pedoterapeutiese gespreksituasie is die pedagogiese situasie ;

ii) die kwaliteit van die kommunikasie word bepaal deur die kwaliteit van die samesyn tussen kind en pedoterapeut ;

iii) die pedagogiese begrypingsverhouding word in die gespreksituasie gerealiseer ;

iv) die pedagogiese vertrouensverhouding word gerealiseer ;

v) vir die realisering van pedoterapeutiese beïnvloeding hoef die pedoterapeut nie altyd lyflik teenwoordig te wees nie ;

vi) die pedoterapeutiese gesprek moet 'n tweespraak en nie 'n toespraak wees nie ;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vii) elke gespreksterapeutiese situasie is 'n unieke situasie ;

viii) in die gespreksterapeutiese situasie word waardes gerealiseer ;

ix) die gemeenskaplik gekonstitueerde wêreld word saam geëksploreer ;

x) die pedoterapeut sien die kind se woorde as sy hoorbare "innerlike". Hy rig hom dus op die kind-in-nood se uitinge van sy belewing in verband met sy probleemsituasie ;

xi) die pedoterapeut se ontmoetende blik dien as verryking van die kind ;

xii) die voorwaarde vir die gesprek is die geheim van die ander ;

xiii) die kind kom moeilik tot die ekspressie van sy versteurde patiesaffektiewe belewinge ;

xiv) die voorwaarde vir gespreksterapie is die asimmetrie van die kind en die pedoterapeut ;

xv) die pedoterapeut moet 'n bepaalde distansie handhaaf tussen hom en die kind.

Bogenoemde is die werklike essensies waaraan die pedoterapeutiese gesprek moet voldoen om as sodanig beskou te word. Indien enige van hierdie essensies sou ontbreek, sou sodanige situasie nie as 'n gespreksterapeutiese situasie beskou kon word nie.

## 7. Sintese.

Soos aan die begin van die hoofstuk aangedui, is die potensieel te vroeë skoolverlater, as kind-in-nood, op pedoterapie aangewese om sy noodsituasie te deurbreek. Aangesien hy 'n kind met bogemiddelde verstandelike moontlikhede is, is gespreksterapie die aangewese vorm van pedoterapie aan die hand waarvan hy gelei moet word om die kommunikasie met sy leerwêreld te herstel. Om hulp aan die potensieel

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



te vroeë skoolverlater te kan bied, moet die pedoterapeut sy leefwêreld betree en saam met hom 'n veilige onsheidsruimte konstitueer vanwaar hulle gesamentlik die probleem van die potensieel te vroeë skoolverlater kan ondersoek. In die verloop van dic pedoterapeutiese gebeure is dit noodsaaklik dat die pedoterapeut van tyd tot tyd sal bepaal in watter mate hy in sy doel (die uiteindelike volwassenheid van die potensieel te vroeë skoolverlater) met die pedoterapie slaag. Hy sal dus van bepaalde kriteria gebruik moet maak aan die hand waarvan die pedoterapeutiese gebeure geëvalueer kan word.

Deur middel van die gespreksterapie bring die pedoterapeut die potensieel te vroeë skoolverlater tot 'n herbelewing as herbetekening van sy gesitueerdheid en sodoende kom hy tot nuwe singewing daarvan. Langs hierdie weg word hy begelei tot sy bereikbare wordingsniveau.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 8. VERWYSINGS.

1. Bondesio, M.J. : Die kenrelasie tussen die potensiële skoolverlater en die onderwyser as ortopedagogiese opgawe vir die hoërskool, Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, U.P., 1970.

2. Botha, T.R. : Die dualiteit in die leerverhoudinge van die potensiële skoolverlater, R.G.N., Publikasiereeks Nr. 28, 1973.

3. Du Plessis, P.J.J. : Sosiopedagogiek; opvoedingswerklikheid en maatskaplike werklikheid, Mc Graw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1974.

4. Dumont, J.J. : "Orthopedagogiek, Pedotherapie en Opvoeding" in S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek, Vol. 3 Nr. 2, Desember 1969.

5. Faure, J.S.M. : 'n Moderne pedagogiese benadering van spel, Opvoedkundige Monografieë Nr. 7, H.A.U.M., Pretoria - Kaapstad, 1963.

6. Faure, J.S.M. : Die pedagogiese diagnostisering van gedragsmoeilike kinders deur middel van spel, met verwysing na bepaalde pedagogiese kriteria, Opvoedkundige Monografieë Nr. X, H.A.U.M., Pretoria, 1966.

7. Ferreira, G.V. : 'n Pedokliniese ondersoek na die vasgelopenheid van die skoolverlater in sy leerwêreld as beleweniswêreld, Ongepubliseerde M.Ed verhandeling, U.P. 1968.

8. Frankl, V.E. : Medische Zielzorg, Erven. J. Bijleveld, Utrecht, 1959.

9. Landman, W.A. : "Pedagogiese kriteria by die gespreksterapie" in: Psychologia, Pedagogica Sursum !, U.U.B., Stellenbosch, 1970.

10. Landman, W.A. : Leesboek vir die Christenopvoeder, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, Derde uitgebreide druk, 1974.

11. Landman, W.A. en Gous, S.J. : Inleiding tot die fundamentele pedagogiek, Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg, 1969.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



12. Landman, W.A. en Kilian, C.J.G. : Leesboek vir die opvoedkunde student en onderwyser, Juta en Kie, Kaapstad - Johannesburg, 1972.

13. Landman, W.A., Kilian, C.J.G. en Roos, S.G.: Denkwyses in die opvoedkunde, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1971.

14. Landman, W.A., Roos, S.G. en Liebenberg, C.R. : Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, U.U.B., Stellenbosch 1971.

15. Langeveld, M.J. : Bevrijding door beeld-communicatie, Nederlandsche tijdschrift voor de psigologie, Nieuwe reeks deel X, 1955.

16. Louw, W.J., Smit, W.J., Ferreira, G.V. en Botha, T.R. : Die problematiek van skoolverlating, Opvoedkundige Studies, Nr. 64, Universiteit van Pretoria.

17. Lubbers, R. : Het beeld als communicatiemiddel in de Pedotherapie, Uitgave van het Paedagogische Instituut der Rijksuniversiteit te Utrecht. J.B. Walters, Groningen Acta Paedagogica Ultrajectina XX, 1960.

18. Lubbers, R. : Voortgang en nieuw begin in de opvoeding, Van Goreum, Assen, 1966.

19. Moustakas, C.E. : Psychotherapy with children, Harper & Row, Publishers, N.Y., Evanston and London, 1959.

20. Nel, B.F. : Druiping by skoolleerlinge ; 'n Sosiaal pedagogiese studie, Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg, 1945.

21. Nel, B.F. : Die grondbeginsels van 'n Pedagogies - verantwoorde pedoterapie, Jubileumlesings, H.A.U.M., Pretoria - Kaapstad, 1963.

22. Nijkamp, W.M. : De kleuter in de gemeenschap, J.B. Walters, Groningen, Zevende ongewijzigde druk, 1968.

23. Pretorius, J.W.M. : Grondslae van die pedoterapie, Mc Graw - Hill Boekmaatskappy, 1972.

24. Putter, J.H. : Die ontoereikende verwerkliking van die opvoedingsgebeure as aanleiding tot te vroeë skoolverlating, Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, U.P. 1973.

25. Schoeman, S.J. : Pedagogiese momente by die antropologie van V.E. Frankl, Serie Verdiept Inzicht Nr. 17, Amsterdam, 1961.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



26. Sonnekus, M.C.H. (red) : Psigopedagogiek. 'n Inleidende oriëntering, Universiteituitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk, Stellenbosch/Grahamstad, 1973.

27. Van den Berg, J.H. : "Het gesprek", in: Persoon en wereld, (Red) Van den Berg, J.H. en Linschoten, J., Bijleveld, Utrecht, 1969.

28. Van der Stoep, F. : Didaktiese grondvorme, Academica, Pretoria/Kaapstad, 1969.

29. Van der Stoep, F. (red) : Die Lesstruktuur, McGraw - Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1973.

30. Van Gelder, L. : Een orientatie in de orthopedagogiek, Walters, Groningen, 1962.

31. Van Wyk, S. : Die opvoedingsbetekenis van kinderspel, Butterworths, Durban, 1974.

32. Vermeer, E.E.A. : "Discussie over het spel", in: Persoon en wereld, (Red) Van den Berg, J.H. en Linschoten, J., Bijleveld, Uitrecht, 1969.

33. Vorsatz, J.M.D. : Die aanwending van beeldende ekspressie en beeldende projeksie as terapeutiese hulpmiddele by kinders, Opvoedkundige Studies Nr. 37, U.P. 1963.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK III

## DIE WERKWYSE EN UITKOMS VAN DIE ONDERSOEK

### 1. INLEIDING

#### 1.1 Die empiriese ondersoek.

ŉ Groep van 181 hoërskoolleerlinge, vanaf st. 6 - st. 9, is by die empiriese ondersoek betrek met die oog op moontlike hulpverlening aan hierdie potensieel te vroeë skoolverlaters. Hierdie groep leerlinge is uit 12 verskillende hoërskole in Pretoria verkry. Drie van hierdie skole word in ŉ laer-, drie in ŉ hoër- en ses in ŉ gemiddelde sosio-ekonomiese omgewing aangetref.

Deur bemiddeling van die verskillende wyksinspekteurs is die skoolhoofde genader en is die belangrikheid van die probleem van te vroeë skoolverlating onder hulle aandag gebring. Die hoofnavorser het die skoolhoofde per brief van die ondersoek, en die doel daarvan, in kennis gestel en ŉ beroep op hulle samewerking in die verband gedoen. Hulle is versoek om die potensieel te vroeë skoolverlaters, wat betrek sou word, vir die navorser gereed te kry. Die vereistes waaraan hierdie leerlinge moes voldoen, is ook in die brief uiteengesit. Na selektering van die groep wat pedoterapie sou ontvang (vergelyk Hoofstuk III, p.60) is ook ŉ brief aan die ouers van die betrokke leerlinge gerig waarin die ondersoek en die doel daarvan, aan hulle bekend gestel is. Van hulle is ook verneem of dit vir hulle moontlik sou wees om hul kind een middag per week na die Kinderleiding-instituut van die Universiteit van Pretoria te neem vir hulpverlening. Uit die antwoorde hierop het dit geblyk dat dit vir die meeste nie moontlik was nie. Om hierdie rede het die hoofnavorser die betrokke onderwysowerhede genader en is toestemming verkry om die pedoterapie by die skole, en wel in skooltyd, te doen. Dit het meegebring dat die navorser elke week al die betrokke skole moes besoek.

Die brief aan die skoolhoofde is opgevolg deur ŉ persoonlike besoek van die navorser. ŉ Tyd is toe bepaal waarop die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



navorser en die potensieel te vroeë skoolverlaters, wat deur die hoofde aangewys sou word, mekaar sou ontmoet en waartydens sekere selekteringsmedia ingeskakel sou word.

1.2 Afgrensing van die potensiële skoolverlaters.

Die skoolhoofde is versoek om vyf leerlinge uit elke standerd van st. 6 - st. 9 aan te wys wat oor die hoogste intelligensiesyfers beskik maar wat skolasties nie in ooreenstemming daarmee presteer nie. Daar is dus gepoog om 20 potensieel te vroeë skoolverlaters uit elke skool te betrek.

Uit die samewerking wat van die skoolhoofde in hierdie verband verkry is, was dit duidelik dat hulle deeglik bewus was van die ernstigheid en dringendheid van die te vroeë skoolverlatingsprobleem. Verder het ook geblyk dat die uitkenning van hierdie leerlinge nie ernstige probleme oplewer nie. Die potensieel te vroeë skoolverlater word dus as sodanig herken en die skoolhoof, as volwasse opvoeder, is bewus daarvan dat hy ŉ verantwoordelikheid teenoor hierdie kind-in-nood het (vgl. 13, p.17). Dit is egter veral ten aansien van die hulpverlening aan hierdie hulpbehoewende kinders dat daar ŉ groot mate van onkunde in hoërskole bestaan. Dit is egter verblydend dat hierdie kinders wel uitgeken word sodat, waar daar wel opgeleide ortopedagoë beskikbaar is, pedoterapeutiese hulp aan hulle verleen kan word.

Die verspreiding, volgens intelligensiesyfer, van die leerlinge wat betrokke was, word in die ondergestaande tabel aangedui. Die intelligensiesyfers is met behulp van die Nuwe Suid-Afrikaanse Groepskaal van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing bepaal en is van die skoolhoofde verkry.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## T A B E L   I

### VERSPREIDING VAN POTENSIEEL TE VROEË SKOOLVERLATERS

| I.K. | 105-109 | | 110-114 | | 115-119 | | 120-124 | | 125-129 | | 130-134 | | 135-139 | | 140 + | | TOTAAL | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| GESLAG | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D | S | D |
| ST | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | 3 | 3 | 3 | 7 | 1 | 4 | 4 | 2 | 2 | | 2 | 1 | | | | | 15 | 17 |
| 7 | 3 | 2 | 4 | 7 | 5 | 5 | 4 | 6 | 3 | | 5 | 2 | 2 | | | | 26 | 22 |
| 8 | 2 | 1 | 1 | | 4 | 8 | 6 | 11 | 2 | 3 | 2 | 2 | 1 | | | | 18 | 25 |
| 9 | | | 5 | 1 | 11 | 1 | 7 | 2 | 10 | 5 | 4 | 1 | 1 | 1 | 1 | | 39 | 11 |
| 10 | | | | | | | 2 | 1 | 1 | | 1 | | 1 | | 1 | 1 | 6 | 2 |
| TOTAAL | 8 | 6 | 13 | 15 | 21 | 18 | 23 | 22 | 18 | 8 | 14 | 6 | 5 | 1 | 2 | 1 | 104 | 77 |
| GROOT TOTAAL | | | | | | | | | | | | | | | | | 181 | |

Uit bostaande tabel kan ook gesien word dat al die leerlinge wat betrokke was, oor bogemiddelde verstandelike moontlikhede beskik het.

### 1.3 Selektering van die pedoterapiegroep.

Die potensieel te vroeë skoolverlaters, soos deur die skoolhoofde aangewys, is op 'n vooraf bepaalde datum deur die navorser by die skool ontmoet. Die leerlinge is daarop gewys dat hulle verstandelik bogemiddeld is maar dat hulle skolastiese prestasies nie daarmee in ooreenstemming is nie. Die doel van die ondersoek is ook aan hulle verduidelik, naamlik om hulle te steun tot die optimale aktualisering van hul verstandelike moontlikhede. Hulle is versoek om hul volle samewerking te gee en om die vraelyste wat sou volg, eerlik te beantwoord.

As selekteringsmedia* is van die Rotter Onvoltooide Sinnemedium en die P.H.S.F. - Verhoudingevraelys gebruik gemaak.

---

* Aangesien al die media wat in hierdie ondersoek gebruik is, reeds in ander werke (vgl. 1 - 4,7,11,15 en 16) volledig bespreek is, word dit nie weer hier gedoen nie.

Laasgenoemde vraelys gee ŉ beeld van die kind se persoonlike-, huislike-, sosiale- en formele verhoudinge. Uit die gegewens soos verkry uit hierdie twee vraelyste kon ŉ voorlopige persoonsbeeld van elke potensieel te vroeë skoolverlater saamgestel word. Deur middel van ŉ fenomenologiese evaluering van wat hy van homself in die beantwoording van die vraelyste openbaar het, is ŉ voorlopige leefwêreldbeeld van die potensiële skoolverlater verkry asook van die wyse waarop hy verhoudinge binne sy leefwêreld stig. Wanneer ŉ kind ŉ sin as volg voltooi: "Ek haat my ouers" òf "Die toekoms hou vir my baie in as ek van die huis af kan wegkom" is dit duidelik dat hy die verhouding met sy ouers as ontoereikend beleef.

Uit die aard van die saak is dit duidelik dat al die leerlinge wat deur die skoolhoofde aangewys was, nie ook by die terapiegroep ingeskakel kon word nie. Die rede hiervoor is dat dit net nie moontlik is om aan so ŉ groot groep leerlinge individuele hulpverlening te bied nie. Al die leerlinge was dan ook nie ewe geskik vir die doel van die pedoterapie nie. Dit was dus nodig om ŉ aantal leerlinge te selekteer en dit is gedoen deur eerstens die volgende leerlinge uit te skakel:

a) alle leerlinge met ŉ Intelligensie Kwosiënt van 119 en minder ;

b) alle st. X - leerlinge wat deur skoolhoofde ingesluit is ondanks die feit dat slegs om st. 6 - 9 leerlinge gevra is ;

c) alle st. VI leerlinge. Uit gesprekke met skoolhoofde het dit geblyk dat dit nog nie vir hulle duidelik was wie wel onderpresteerders is nie ;

d) alle leerlinge wie se situasie onophefbaar was, soos byvoorbeeld waar die ouers geskei is en dit die oorsprong van die probleem blyk te wees (radikale vervreemding tussen gesinsgenote kan hier ook opgemerk word) ;

e) alle leerlinge wie se ouers nie bereid was om ŉ onderhoud met die navorser te voer nie en sodoende mee te help om hul kind te steun tot optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede ;

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



f) alle leerlinge wat duidelik nie eerlik was in die beantwoording van die vraelyste nie. Hier is veral gelet op die gegewens soos verkry uit die Gewensdheidskaal (vgl. 16, p.8) van die P.H.S.F. - Verhoudingevraelys wat 'n aanduiding gee van die erns of eerlikheid waarmee 'n persoon die vraelys beantwoord.

Die verspreiding, volgens intelligensiesyfer en standerd, van die leerlinge wat toe wel by die pedoterapiegroep betrek is, het soos volg daaruit gesien.

TABEL Ia

VERSPREIDING VAN PEDOTERAPIEGROEP

| I.K. GESLAG | 120-124 S | 120-124 D | 125-129 S | 125-129 D | 130-134 S | 130-134 D | 135-139 S | 135-139 D | 140 + S | 140 + D | TOTAAL S | TOTAAL D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ST. | | | | | | | | | | | | |
| 7 | 2 | | | | 1 | 1 | | | | | 3 | 1 |
| 8 | | 6 | | | | | | | | | | 6 |
| 9 | | | 1 | 3 | 2 | | 1 | | | | 4 | 3 |
| TOTAAL | 2 | 6 | 1 | 3 | 3 | 1 | 1 | | | | 7 | 10 |
| | | | | | | | | | GROOT TOTAAL | | 17 | |

Aangesien die leerlinge wat by die pedoterapiegroep betrokke was oor 'n groot area versprei was en die hulpverlening by die skole moes plaasvind, is daar, vanweë die navorser se beperkte tyd, gepoog om meer as een leerling by 'n skool te betrek. Waar daar slegs een leerling by 'n skool was wat aan al die vereistes voldoen het, moes hy/sy noodgedwonge uitgeskakel word. Daar is egter seker gemaak dat die skole verteenwoordigend was van alle sosio-ekonomiese groepe.

Langs hierdie weg is 17 leerlinge uit agt verskillende skole geselekteer aan wie hulp verleen is. Hierdie leerlinge is een maal per week, vir 'n periode van 35 minute by die skool besoek en met elkeen is van 9 - 12 terapeutiese gesprekke gevoer. Hierdie gesprekke was oor 'n tydperk van ses maande versprei en is deur kwartaalseksamens en skoolvakansies onderbreek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


## 2. Pedoterapie aan die potensieel te vroeë skoolverlaters.

### 2.1 Organisatoriese prosedure.

Na selektering van die pedoterapiegroep is die skoolhoofde weer besoek en is die name van die leerlinge wat by die groep betrek sou word, aan hulle bekend gemaak. Die ouers van hierdie leerlinge is ook van die ondersoek en die doel daarvan in kennis gestel. Aangesien dit vir die meeste ouers nie moontlik was om hul kinders na die Kinderleidinginstituut van die Universiteit van Pretoria te neem vir hulpverlening nie, moes dit een maal per week by die skole plaasvind.

Uit die gegewens soos verkry uit die selekteringsondersoek kon 'n voorlopige persoonsbeeld van elke leerling saamgestel word. Om egter 'n volledige persoonsbeeld* van dié wat by die pedoterapiegroep betrokke was, te verkry, is alkeen van hulle individueel diagnosties ondersoek. Eerstens is 'n historisiteitsgesprek met die ouers van elke leerling gevoer met die doel om hulle siening te verkry van die wyse waarop die kind in die verlede verhoudinge gestig het. Uit hierdie gesprek is ook 'n beeld verkry van die gesinstruktuur waarbinne elke kind homself bevind, van sy fisiese-, affektiewe- en normatiewe wording asook van sy primêre- en sekondêre pedagogiese situasie.

Na die historisiteitsgesprek met die ouers is elke potensieel te vroeë skoolverlater individueel met behulp van diagnostiseringsmedia ondersoek waardeur hy homself op indirekte wyse openbaar het. Deur sy antwoorde op die Rorschach - inkvlekmedium, die grafiese ekspressie medium, projeksie- en expressiemedia (T.A.T., The Michigan Picture Test** en die Symonds Picture-story Test***) asook op enkele vraelyste soos die

---

* Persoonsbeeld: Die verkryging hiervan berus op die inskakeling van fundamentele metodes soos die pedagogiese gesprek, pedagogiese observasie, omgang en ontmoeting met gepaardgaande inskakeling van verkenningsmedia, naamlik die historisiteitsgesprek, intelligensiemedium, Hermann Rorschach - inkvlekmedium en projeksie- en ekspressiemedia.

** Uitgegee deur Science Research Associates, Chicago, 1953.

*** Uitgegee deur Bureau of Publications of the Colombia University, New York, 1949.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


I.P.A.T - angsskaal, die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys en die 19 - Veld Belangstellingsvraelys (vgl. 1 - 4,7,11,15 en 16) openbaar die potensieel te vroeë skoolverlater die wyse waarop hy verhoudinge stig binne sy leefwêreld asook sy belewing van hierdie verhoudinge. Langs hierdie weg kon dus deurgedring word tot die faktore wat aanleiding gegee het tot die versteuring van sy leerverhoudinge en die onderaktualisering van sy verstandelike moontlikhede en kon ŉ volledige persoonsbeeld verkry word.

Uit hierdie diagnostiseringsondersoek het dit geblyk dat daar ŉ groot aantal aanleidende faktore (vergelyk Hoofstuk I) is en dat die oorsprong van die probleem in baie gevalle in die gesinsituasie self te vinde was. ŉ Versteurde verhouding tussen die potensieel te vroeë skoolverlater en een of albei sy ouers, ŉ versteurde vader-moeder verhouding, oorbeskerming of verwerping gee byvoorbeeld aanleiding tot angs en onsekerheid wat die moontlikheid van opitmale verstandelike aktualisering tot ŉ minimum beperk. Om hierdie rede is daar bo en behalwe die historisiteitsgesprek, een of meer begeleidende gesprekke met die ouers gevoer waarin hulle gewys is op hulle aandeel aan hul kind se gebrekkige skolastiese prestasie. Aangesien hulle samewerking van die grootste belang is vir die doel van die pedoterapie, is die ouers begelei tot beter begryping van die gebeure in die opvoedingsituasie. Deur die anderse opvoeding wat hieruit voortgespruit het, is ŉ gepreformeerde veld vir pedoterapie geskep wat dit vir die pedoterapeut moontlik gemaak het om die potensieel te vroeë skoolverlater te steun tot herbetekening van en nuwe singewing aan sy situasie.

## 2.2 Hoofmomente uit die verloop en inhoud van die pedoterapie.

Wanneer daar van pedoterapie gepraat word, word daarmee bedoel die heropvoeding van die ontspoorde kind met die doel om hom te bring tot ŉ herbelewing as herbetekening van sy gesitueerdheid (vgl. 12, p.40). Aangesien die pedoterapeutiese gebeure binne die pedagogiese situasie plaasvind, sal dit ook aan al die moontlikheidsvoorwaardes moet voldoen wat aan die opvoedingsgebeure gestel word. Pedoterapie is nie iets wat buite die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opvoedingsituasie staan nie, in wese is dit opvoeding en wel heropvoeding (vgl. Hoofstuk II, p.31). Dit hou dus in dat die verhouding- en verloopstrukture met behulp van pedagogiese bedrywighede in die pedoterapeutiese situasie gerealiseer moet word sodat die einddoel, naamlik die volwassenheid van die ontspoorde kind, bereik kan word.

Vervolgens word 'n beeld gegee van die verloop van die pedoterapeutiese gesprekke met die potensieel te vroeë skoolverlaters wat by hierdie ondersoek betrokke was. Dit moet egter hier baie duidelik gestel word dat hierdie slegs riglyne is. Aangesien elke mens 'n unieke wese is en dus in die pedoterapie voorsiening daarvoor gemaak moes word, was die verloop in al die gevalle nie noodwendig soos hieronder beskryf nie.

Landman (vgl. 10, p. 42 - 71) onderskei die volgende essensies van bogenoemde strukture:

1. Verhoudingstrukture.

   a) Vertrouensverhouding.
   b) Gesagsverhouding.
   c) Begrypingsverhouding.

2. Verloopstrukture.

   a) Pedagogiese omgang.
   b) Pedagogiese ontmoeting.
   c) Opneem van bemoeienisverantwoordelikheid (Engagement).
   d) Pedagogiese bemoeienis.

      i) Ingryping.
      ii) Instemming.

   e) Terugkeer na pedagogiese omgang.
   f) Periodieke verlating.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


3. Pedagogiese bedrywighede (vgl. 9, p.135 - 137).

a) Betekening met toenemende verantwoordelikheid.
b) Geleidelike wegbreek van inspanningloosheid.
c) Genormeerde voor- en nalewing.
d) Pedagogiese waag met mekaar.
e) Dankbaarheid vir geborgenheid.
f) Aanspreeklikheid vir verhoudinge.
g) Hoop op toekomstige volwassenheid.
h) Ontwerp van moontlikhede tot volwassenheid.
i) Geleidelike vervulling van bestemming.
j) Toenemende agting vir menswaardigheid.
k) Volwassenheid deur toenemende selfbegryping.
l) Verowering van vryheid tot verantwoordelikheid.

Bostaande strukture is nie losstaande van mekaar in die pedagogiese situasie nie en daarom is hulle ook ten nouste vervleg in die pedoterapeutiese gebeure. Reeds tydens die selekteringsondersoek was daar pedagogiese omgang aangesien die navorser, as volwassene, en die potensieel te vroeë skoolverlaters, as opvoedelinge, by mekaar in dieselfde ruimte was. Hulle was bewus van mekaar se teenwoordigheid en daar was dus reeds sprake van 'n gesagsverhouding.

Die eerste twee of drie pedoterapeutiese gesprekke is hoofsaaklik daaraan gewy om tot 'n ontmoeting met die potensieel te vroeë skoolverlater te kom. Dit het dus nie soseer gegaan om die inhoud van hierdie gesprekke nie maar die pedoterapeut moes bou aan 'n vertrouensverhouding sodat die by-mekaar-wees kon oorgaan in 'n intieme met-mekaar-wees. Daar moes 'n veilige onsheidsruimte gestig word vanwaar die leerling bereid sou wees om te waag en om saam met die pedoterapeut, sy probleem te eksploreer. Tydens hierdie eerste paar gesprekke is die leerling ook gewys op sy goeie verstandelike moontlikhede en is hy gesteun om in 'n toenemende mate die verantwoordelikheid te aanvaar vir die optimale aktualisering daarvan.

Uit hierdie eerste pedoterapeutiese gesprekke het dit ook geblyk dat slegs vier van die leerlinge wat by die pedoterapiegroep betrokke was, in 'n mate 'n metode gehad het waarvolgens

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hulle gestudeer het. Ten aansien van hierdie saak is daar vervolgens aan hulle leiding gegee en deur die implementering van verantwoordbare studiemetodes (vgl. 5 en 6) is daar gepoog om hierdie leerlinge te laat wegbreek van hul inspanningloosheid. Die feit dat hulle wel die metode aangepak het, was reeds ŉ aanduiding daarvan dat die vertrouensverhouding reeds tot so ŉ mate gevestig was dat hulle bereid was om saam met die pedoterapeut te waag. Deur steungewing in die keuse van ŉ beroep, is die potensieel te vroeë skoolverlater gehelp in die ontwerp van sy moontlikhede tot volwassenheid.

Namate die vertrouensverhouding meer intens geraak het, het die potensieel te vroeë skoolverlater soms self oor sy probleem begin gesels. Wanneer sodanige heropvoedingsmomente sigbaar geword het moes die pedoterapeut die aanspreeklikheid opneem om oor te gaan tot pedoterapeutiese bemoeienis. Die moment staan bekend as engagement. Daarmee word bedoel "ŉ ontmoeting waarin albei betrokkenis by die verloop van die opvoedingsgebeure verantwoordelikheid op hulle neem vir wat voortvloei uit die pedagogiese ontmoeting" ( 10, p. 22). Die leerling word nie slegs gesteun tot die opneem van verantwoordelikheid vir sy aandeel aan die heropvoedingsgebeure nie maar die norm, die behoorlike word deur die pedoterapeut aan hom voorgeleef. Deur die nalewing van hierdie norm sal hy "geleidelik beweeg in die rigting van die inspanning wat van ŉ volwassene verwag word" (8, p.39).

Na die sigbaarwording van heropvoedingsmomente en engagement, word pedoterapeutiese bemoeienis moontlik. Dit is gedoen deur ingryping of afkeuring van die afkeurenswaardige en instemming of goedkeuring van die goedkeurenswaardige. Dit het dus gepaard gegaan met ŉ intensivering van die gesagsverhouding. Dit het ingehou dat die pedoterapeut eise en grense moes stel; hy moes wat behoort te wees en wat kan wees, in die pedoterapie laat geld (vgl. 12, p.66).

Na die voltrekking van pedoterapeutiese bemoeienis moes sou gou moontlik teruggekeur word na omgang om sodoende aan die potensieel te vroeë skoolverlater die geleentheid te gee om homself te wees. Dit gee hom ook die geleentheid om dit wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die pedoterapeut uitgegaan het te verwerk en te kom tot groter selfkennis.

Die pedoterapeut en die potensieel te vroeë skoolverlater kon nie permanent in mekaar se teenwoordigheid bly nie. Hulle moes ook periodiek die pedoterapeutiese situasie verlaat en vir korter of langer tydperke skei. Hierdie skeiding het aan die leerling die geleentheid gebied om die skeiding te "oefen" sodat latere algehele skeiding moontlik gemaak kon word. Dit het hom ook die geleentheid gegee om homself te wees en sy self-iemand-wees te laat gedy. Hierdie periodieke skeiding het dit ook vir die pedoterapeut duidelik gemaak in watter mate die leerling homself reeds met die norm vereenselwig het, dus hoe geslaagd sy hulpverlening was en waaraan hy nog aandag moes gee.

## 2.3 <u>Ouerbegeleiding</u>

Uit die volgende tabel kan 'n beeld verkry word van watter faktore (vgl. Hoofstuk I, p.5 - 12 ) aanleiding gegee het tot elke leerling wat by die terapiegroep betrokke was, se probleem van potensieel te vroeë skoolverlating.

<u>TABEL II</u>

<u>AANLEIDENDE FAKTORE</u>

| NAAM | PRIMêRE OPVOEDING-SITUASIE | SKOOL-SITUASIE | MILIEU | ARBEIDS-MARK | PERSOON-STRUKTUUR | ORGANIESE PROBLEME |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ANNA | | | | | | X |
| ANNETJIE | X | | | | | |
| ANNEMARIE | X | | | | | |
| CECILIA | X | | | | | |
| CORNA | | X | | | | |
| DAAN | | | | | X | |
| ELIZE | X | | | | | |
| FRIK | X | | | | | |
| JOHAN | | | | | X | |
| JOHANNES | | | X | | | |
| MARIAAN | X | | | | | |
| MARIANA | X | | | | | |
| MARIA | X | | | | | |
| MARTIN | X | | | | | |
| PAULUS | | X | | | | |
| RIA | X | | | | | |
| ROELF | | | X | | | |
| TOTAAL | 10 | 2 | 2 | 0 | 2 | 1 |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die verspreiding van al die leerlinge (181 leerlinge wat betrokke was) oor hierdie probleemvelde, sien soos volg daaruit.

TABEL II a

AANLEIDENDE FAKTORE

| | PRIMÊRE OPVOEDING-SITUASIE | SKOOL-SITUASIE | MILIEU | ARBEIDS-MARK | PERSOON-STRUKTUUR | ORGANIESE PROBLEME |
|---|---|---|---|---|---|---|
| TOTAAL | 108 | 36 | 15 | 3 | 11 | 8 |
| PERSENTASIE VAN TOTAAL | 59,7 | 19,9 | 8,3 | 1,6 | 6,1 | 4,4 |

Uit bostaande tabelle kan duidelik gesien word dat die oorsprong van die meeste van hierdie leerlinge se probleme in die primêre pedagogiese situasie gevind kan word. Hierdie leerlinge verteenwoordig 59,7% van die totaal. Om hierdie rede is daar in die begeleidende gesprek met die ouers gepoog om hulle aan die hand van die volgende verhoudingstrukture (vgl. 10 p.42-66) tot insig te bring in die opvoedingsgebeure.

Verhoudingstrukture.

i) Vertrouensverhouding.

Dit veronderstel dat daar 'n wedersydse vertroue tussen die volwassene, as opvoeder, en die kind asook tussen die opvoeders van die kind sal wees — dat hulle mekaar sal aanvaar en dat die kind as persoon beag sal word sodat hy tot die besef van sy eie waardigheid kan kom.

ii) Gesagsverhouding.

In die opvoedingsituasie staan die kind onder die gesag van die opvoeder en ook onder die gesag van die norm. Deur die verwerkliking van die gesagsverhouding word van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kind verwag om sy verantwoordelikhede in 'n toenemende mate op homself te neem.

iii) Begrypingsverhouding.

Die opvoeder moet oor 'n grondige kennis van die kind beskik. Hy moet die wese van die kind begryp en hy moet ook oor kennis van die bestemming van die kind beskik.

Na die potensieel te vroeë skoolverlaters diagnosties ondersoek is, is 'n onderhoud met elke betrokke leerling se ouers gereël waarin die uitkoms van die ondersoek met hulle bespreek is. Bogenoemde strukture het as basis gedien om die ouers te begelei tot insig in die opvoedingsgebeure.

Aangesien baie van die ouers nie besef het dat hul kind 'n onderpresteerder, en daarom 'n potensieel te vroeë skoolverlater, is nie, was hierdie 'n uiters moeilike aangeleentheid waarin met die grootste versigtigheid te werk gegaan moes word. Om 'n antagonistiese houding by die ouers te voorkom, kon hulle nie direk met hul aandeel aan hul kind se onderprestasie gekonfronteer word nie, maar moes dit op 'n taktvolle wyse onder hul aandag gebring word.

Tydens hierdie begeliedende gesprek met die ouers is die erns van die te vroeë skoolverlatingsprobleem aan hulle verduidelik. Die hoogs bruikbare mannekrag wat daardeur verlore gaan en die implikasies (vgl. Hoofstuk I, p. 12 - 21) daarvan is met hulle bespreek. Hulle is ook daarop gewys dat hul kind oor goeie verstandelike moontlikhede beskik en tog in teenstelling daarmee onderpresteer. Dit is ook baie duidelik aan hulle gestel dat hy/sy, vanweë hierdie vasgelopenheid in die skoolsituasie, die gevaar loop om sy skoolloopbaan op 'n onverantwoordelike wyse te wil staak voor suksesvolle voltooiing daarvan. Verder is aan die ouers genoem dat hul kind se gebrekkige skoolvordering die direkte uitvloeisel van sy labiele affektiewe belewinge is wat meebring dat hy op paties - affektiewe niveau stagneer en dus nie tot gnostisering op 'n hoër niveau kan kom nie (vgl. 14, p.24).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Tydens die gesprek is daar geleidelik meer in die rigting van die eintlike rede vir die leerling se onderprestasie beweeg, naamlik die versteurde onsheid in die primêre pedagogiesesituasie. Die verskillende verhoudingstrukture, soos hierbo genoem, is met die ouers bespreek ten einde hulle te begelei tot beter insig in die opvoedingsgebeure. Daar is veral klem gelê op die besondere verhoudingstruktuur ten aansien waarvan daar in 'n spesifieke geval, te kort geskiet is. So is daar dan in 'n geval waar dit veral die vertrouensverhouding is wat misloop, daarop gewys dat die kind as mens raakgesien moet word en as sodanig beag moet word. Dit moet ook vir hom duidelik wees dat hy onvoorwaardelik as kind aanvaar word, dat sy ouers bereid is om 'n verhouding met hom te stig en hom tot volwassenheid te begelei en dat hulle 'n veilige versorgingsruimte vir hom skep ondanks sy gebreke en tekortkominge. Hy moenie beleef dat hy slegs aanvaar word wanneer hy skolasties goed presteer nie. Afhangende dus van wat die oorsprong van die probleem was, is sake soos 'n gebrekkige of 'n te streng gesagsverhouding, oorbeskerming of verwerping, agting vir menswaardigheid, begryping van die wese van die kind, ensovoorts met die ouers bespreek.

In gevalle waar dit geblyk het dat die ouers nie na behore tot insig in die opvoedingsgebeure begelei is nie, is verdere begeleidende gesprekke met hulle gevoer. Deur middel van die vermeerderde insig van die ouers in die probleem van hul kind, tesame met die steun van die pedoterapeut, is die potensieel te vroeë skoolverlater gesteun tot herbetekening van sy gesitueerdheid op grond van die positiewe belewing daarvan.

## 3. <u>Die uitkoms van die empiriese ondersoek.</u>

Onderstaande tabel gee 'n beeld van die skolastiese prestasies van die potensieel te vroeë skoolverlaters in die pedoterapiegroep soos wat hulle voor, tydens en na die hulpverlening presteer het. Die mate van onderprestasie wat daar was, kan ook afgelei word as elke leerling se intelligensiesyfer in aanmerking geneem word. <u>Daar moet ook hier daarop gewys word dat alhoewel die skolastiese vordering die primêre oogmerk met die hulpverlening was, dit nie as die enigste beskou moet word nie. Alhoewel daar hier nie volledig daarop ingegaan word nie, blyk veral uit die maatskaplike werkster (kyk Hoofstuk</u>

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## TABEL III

## SKOLASTIESE PRESTASIES

| NAAM | ST | TOTALE I.K. | 1973 | | 1974 | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 4e KWARTAAL | | 1e KWARTAAL | | 2e KWARTAAL | | 3e KWARTAAL | | 4e KWARTAAL | |
| | | | KLAS | EIE | KLAS | EIE | KLAS | EIE | KLAS | EIE | KLAS | EIE |
| ANNA | 9 | 125 | 49 | 48 | | | | A | 46 | 49 | 46 | 49 |
| ANNEMARIE | 8 | 121 | 50 | 44 | | | 48 | 48 | | | 47 | 50 |
| ANNETJIE | 9 | 128 | 49 | 47 | | | 48 | 48 | 47 | 50 | 47 | 53 |
| CECILIA | 8 | 120 | 49 | 43 | 46 | 47 | 45 | 41 | 47 | 46 | 45 | 49 |
| CORNA | 7 | 134 | 58 | 58 | | | 63 | 54 | 58 | 57 | 60 | 53 |
| DAAN | 9 | 131 | 49 | 54 | | | 47 | 62 | 46 | 58 | 46 | 60 |
| ELIZE | 8 | 121 | 57 | 50 | 58 | 44 | 48 | 48 | 48 | 48 | 49 | 49 |
| FRIK | 9 | 128 | 49 | 53 | 46 | 43 | 46 | 50 | | | 45 | 49 |
| JOHAN | 9 | 136 | 49 | 52 | | | 47 | 40 | 46 | 42 | 46 | 41 |
| JOHANNES | 7 | 120 | 53 | 46 | 59 | 54 | 51 | 43 | 47 | 40 | 51 | 44 |
| MARIAAN | 8 | 120 | 57 | 40 | 58 | 50 | 48 | 48 | 48 | 49 | 49 | 46 |
| MARIANA | 8 | 124 | 53 | 50 | 47 | 43 | 45 | 39 | 47 | 41 | 48 | 45 |
| MARIA | 8 | 123 | 49 | 36 | 46 | 40 | 46 | 50 | | | 45 | 49 |
| MARTIN | 9 | 133 | 48 | 44 | 46 | 45 | 49 | 55 | 49 | 56 | 45 | 49 |
| PAULUS | 7 | 120 | 56 | 42 | 60 | 40 | 63 | 38 | | | | A |
| RIA | 9 | 128 | 49 | 45 | 46 | 42 | 46 | 48 | | | 45 | 47 |
| ROELF | 7 | 130 | 58 | 58 | | | 63 | 58 | 58 | 58 | 60 | 57 |

IV, p.102 ) se verslae dat daar ten opsigte van hierdie leerlinge se stellingname teenoor hul gesinsituasie, pedagogiese vordering was.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opmerkinge.

i) Die standerd wat aangedui is, is die standerd waarin die leerling gedurende 1974 was.

ii) Waar daar geen punte aangedui word nie, is dit omdat daar nie by daardie skool gedurende die betrokke kwartaal eksamen geskryf is nie.

Uit bostaande tabel kan die mate van onderprestasie baie duidelik afgelei word. Wanneer elke potensieel te vroeë skoolverlater se intelligensiesyfer met sy eie skolastiese prestasie vergelyk word en as die klasgemiddeld ook in berekening gebring word, is dit duidelik dat nie een van hierdie leerlinge naastenby in ooreenstemming met sy verstandelike moontlikhede presteer het nie. Indien verder in aanmerking geneem word dat hier gebruik gemaak word van die klasgemiddeld en nie die standerdgemiddeld nie, spreek die mate van onderprestasie nog duideliker aangesien hierdie leerlinge, vanweë hul volgehoue gebrekkige skoolvordering, reeds in 'n klas saam met gemiddelde of ondergemiddelde leerlinge geplaas is. Die erns van die potensieel te vroeë skoolverlatingsprobleem spreek ook opnuut uit bogenoemde gegewens.

Hier moet ook op die tendens gewys word dat daar veral in twee gevalle gedurende die verloop van die pedoterapie (wat gedurende die tweede en derde kwartaal van 1974 plaasgevind het) 'n verbetering in die leerlinge se skolastiese prestasie was, maar dat daar weer agteruitgang ingetree het na die afsluiting van die pedoterapie. Dit dui dus daarop dat hierdie leerlinge nog nie die volle verantwoordelikheid vir die optimale aktualisering van hul verstandelike moontlikhede aanvaar het nie of dat hul situasie nog onveranderd is en dat hulle dit nie sonder die leiding van die pedoterapeut kan verwerk nie.

Uit Tabel III blyk dat:

i) twee van die leerlinge, naamlik Maria en Martin skolasties met meer as 10% gemiddeld verbeter het gedurende die twee kwartale waarin hul pedoterapie ontvang het. By Martin

is daar egter weer 'n duidelike daling te bespeur direk na afsluiting van die pedoterapie. Wanneer die klasgemiddeld in aanmerking geneem word, verbeter Maria van 13% onder klasgemiddeld tot 4% bo klasgemiddeld (kyk Hoofstuk IV);

ii) die volgende agt leerling met 5 - 10% gemiddeld verbeter het:

| | |
|---|---|
| ANNEMARIE, | ELIZE, |
| ANNETJIE, | FRIK, |
| CECILIA, | MARIAAN en |
| DAAN | RIA ; |

iii) die volgende vier leerlinge se skolastiese prestasie in verhouding tot die klasgemiddeld ongeveer konstant gebly het:

| | |
|---|---|
| ANNA, | MARIANA en |
| JOHANNES, | ROELF ; |

iv) die volgende drie leerlinge, ondanks die hulpverlening, se skolastiese prestasie steeds gedaal het :

| | |
|---|---|
| CORNA, | PAULUS |
| JOHAN en | |

Daar het dus by 58,8% van die potensieel te vroeë skoolverlaters wat pedoterapie meegemaak het, 'n verbetering in die aktualisering van hul verstandelike moontlikhede ingetree. Verder is dit interessant om daarop te let dat die aanleidende faktore tot ses van laasgenoemde sewe leerlinge se probleem buite die primêre opvoedingsituasie gevind kan word (vgl. Tabel II, p.68). Dit mag daarop dui dat daar moontlik te min klem hierop gelê is in die terapeutiese situasie of dat dit moeiliker is om die skoolsituasie, die milieu of die persoonstruktuur te verander sodat die effek daarvan minder labiliserend van aard is.

Wanneer die uitkoms van hierdie ondersoek geëvalueer word aan die hand van die kriteria soos uiteengesit in Hoofstuk II (p. 42-51), blyk dit dat meer as die helfte van bogenoemde leerlinge:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



i) gesteun is tot die betekening van die sinvolheid van hul bestaan en daarom skolasties beter presteer het ;

ii) gekom het tot selfbeoordeling en selfbegrip, veral ten opsigte van hul verstandelike moontlikhede ;

iii) gekom het tot groter agting vir hul eie menswaardigheid en moontlikhede ;

iv) hulle met die norm, ten opsigte van die aktualisering van hul verstandelike moontlikhede, geïdentifiseer het ;

v) die verantwoordelikheid aanvaar het vir die aktualisering van hul moontlikhede;

vi) weggebreek het van hul inspanningloosheid en beweeg in die rigting van uiteindelike sedelik-selfstandige besluitvorming en handeling en tot die vorming van 'n eie lewensopvatting.

## 4. Samevattende opmerkings.

Daar is in hierdie hoofstuk gepoog om 'n beeld te gee van die verloop en uitkoms van die hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlaters wat by hierdie ondersoek betrokke was.

Wanneer opnuut in aanmerking geneem word dat met elke potensieel te vroeë skoolverlater slegs 9 - 12 pedoterapeutiese gesprekke gevoer is en dat dit met allerlei onderbrekings (eksamens, vakansies) gepaard gegaan het, dan is die moontlikheid nie uitgesluit nie dat die uitwerking van die hulpverlening nog beter sou gewees het indien die intensiteit daarvan hoër kon gewees het, in die sin dat dieselfde aantal pedoterapeutiese gesprekke oor 'n korter termyn gestrek het. Die leerlinge wat nie skolasties verbeter het nie, wou waarskynlik ook verbeter het indien die hulpverlening langer volgehou was. Hier moet ook weer daarop gewys word dat die skolastiese prestasie van hierdie leerlinge nie as die enigste kriterium gebruik moet word ter evaluering van die pedoterapeutiese gebeure nie, maar dat ook hulle herbelewing en nuwe singewing aan hul situasie in aanmerking geneem moet word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



5. Verwysings.

1. Bondesio, M.J. : Die kenrelasie tussen die potensiële skoolverlater en die onderwyser as ortopedagogiese opgawe vir die hoërskool, Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling, U.P., 1970.
2. Botha, T.R. : Die dualiteit in die leerverhoudinge van die potensiële skoolverlater, R.G.N. Publikasiereeks Nr. 28, 1973.
3. Botha, T.R. : 'n Sosio-ortopedagogiese perspektief op die leefwêreld van die swaksiende kind met verwysing na enkele belewingsmomente. Pedagogiek Studies Nr. 75, U.P. 1973
4. Ferreira, G.V. : 'n Pedokliniese ondersoek na die vasgelopenheid van die skoolverlater in sy leerwêreld as beleweniswêreld, Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling, U.P., 1968.
5. Guinery, M. : How to study, George Allen & Unwin Limited, London, 1967.
6. Heese, K.W. : Studie : hoe om te studeer, Pro Ecclesia - Drukkery, Stellenbosch, 1940.
7. Kotzé, J.M.A. : Die leerwereld van die breinbeskadigde kind as beleweniswêreld : 'n Psigologies - pedagogiese evaluering, Ongepubliseerde D.Ed. - proefskrif, U.P. 1968.
8. Landman, W.A. : Leesboek vir die Christen opvoeder, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1974.
9. Landman, W.A. en Kilian, C.J.G. : Leesboek vir die opvoedkundestudent en onderwyser, Juta en Kie Bpk., Kaapstad/Wynberg/Johannesburg, 1972.
10. Landman, W.A., Roos, S.G. en Liebenberg, C.R. : Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, Universiteituitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, Derde druk, 1972.
11. Louw, W.J. : 'n Verkenning van die leefwêreld van die skoolverlater, Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1967.
12. Pretorius, W.J.M. : Grondslae van die Pedoterapie, McGraw - Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1972.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



13. Putter, H.J.: Die ontoereikende verwerkliking van die opvoedingsgebeure as aanleiding tot te vroeë skoolverlating, Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling, U.P. 1973.

14. Sonnekus, M.C.H. (red) : Psigopedagogiek. 'n Inleidende oriëntering, Universiteituitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1973.

15. Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing : Handleiding vir die 19 - Veld-Belangstellingsvraelys, Instituut vir Psigometriese navorsing, Pretoria, 1971.

16. Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing : Handleiding vir die P.H.S.F. - Verhoudingevraelys, Instituut vir Psigometriese navorsing, Pretoria, 1971.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK IV

## ŉ PEDAGOGIESE PERSPEKTIEF OP ENKELE POTENSIEEL TE VROEË SKOOLVERLATERS WAT BY DIE PEDOTERAPIEGROEP BETROKKE WAS

### 1. INLEIDING.

In die vorige hoofstuk is ŉ uiteensetting gegee van die werkwyse, verloop en uitkoms van die ondersoek. Daar is gewys op die wyse waarop potensiële skoolverlaters betrek is en die pedoterapiegroep geselekteer is. Verder is daar gepoog om ŉ beeld te gee van enkele algemene sake uit die inhoud van die pedoterapeutiese gesprekke met die potensieel te vroeë skoolverlaters asook van die gesprekke met die ouers van hierdie kinders. Ten slotte is die uitkoms van die pedoterapeutiese gesprekke op die skolastiese prestasies van hierdie kinders met behulp van ŉ tabel aangetoon.

Vervolgens sal drie potensieel te vroeë skoolverlaters wat by die pedoterapiegroep betrokke was, volledig bespreek word (vgl. Hoofstuk III, p.60). In hierdie bespreking sal gewys word op die faktore wat aanleiding gegee het tot hul onderprestasie op skool asook op die inhoud en verloop van die pedoterapie in elke geval.

### 2. Persoonsbeelde van enkele potensieel te vroeë skoolverlaters.

#### 2.1 Maria

##### 2.1.1 Identifikasiedata.

i) Naam : Maria
ii) Ouderdom: 15 jaar 7 maande
iii) Skool : ŉ Skool in ŉ hoër sosio-ekonomiese omgewing.
iv) Standerd: 8.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.1.2 Historisiteitsbeeld.

Maria is die vierde oudste van sewe kinders waarvan vier dogters en drie seuns is en wat almal ongeveer een jaar in ouderdom van die volgende een verskil. Op grond van hierdie geringe ouderdomsverskille blyk dit dat sy as baba nie veel aandag van haar moeder ontvang het nie. Uit die gesprek met die ouers blyk dit dan ook dat daar nie sterk affektiewe bindinge tussen hulle en hul kinders bestaan nie.

Vanweë sy professionele beroep geniet Maria se vader 'n redelike mate van sosiale aansien en as gesin ontbreek dit hulle geensins aan materiële middele nie. Die moeder werk die afgelope vier jaar as ontvangsdame en boekhoudster vir haar man. Gedurende die onderhoud het dit dan ook baie duidelik geblyk dat haar man se beroepstatus 'n baie pertinente rol in haar lewe speel. Ook die vader het dit duidelik gestel dat hy 'n besige man is en die onderhoud as 'n vermorsing van tyd beskou. Hy is van mening dat Maria se "luiheid", soos hy dit stel, om te leer en haar "liefde vir kêrels" die enigste rede vir haar gebrekkige skoolvordering is.

Alhoewel sy baie min belangstelling in haar skoolwerk toon, verdiep Maria haarself in buitemuurse aktiwiteite soos sang-, klavierlesse en sport. Sy werk nie volgens 'n vasgestelde studierooster nie en indien sy wel sover kom om te studeer, lees sy die studiemateriaal slegs een maal deur. Sy was gedurende haar hele skoolloopbaan 'n onderpresteerder en sy het dan ook standerd agt gedruip. Dit het meegebring dat haar jonger suster nou in dieselfde standerd as sy is. Maria deel ook tuis 'n kamer met hierdie suster van haar wat volgens haar ouers, 'n baie pligsgetroue (ten opsigte van haar skoolwerk) en netjiese kind is. Dit gee dikwels aanleiding tot struwelinge, veral as sy Maria aanspreek oor haar skoolwerk of slordigheid want laasgenoemde kap dan altyd terug met: "Moenie my wil domineer nie !"

Ondanks haar hardkoppigheid en onwilligheid om haar op behoorlike wyse op die leerstof te rig, beskryf Maria se ouers haar tog as liefdevol en vergewingsgesind. As sy egter nie haar

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sin kry nie, is sy geneig om te sê dat hulle nie vir haar omgee nie of dat hulle nie vir haar lief is nie. Verder is sy baie selfstandig en kom geheel onafhanklik voor.

Ten aansien van die normatiewe blyk dit dat Maria redelik hoë eise aan haarself stel. Sy is ŉ gereelde kerkganger wat poog om Christelik te lewe. Haar ouers gaan egter nooit kerk toe nie en sy probeer soms om hulle te "hervorm". Ernstige huislike geskille ontstaan dan ook dikwels aangesien haar een broer in die teologie studeer en die ouers nie daarmee tevrede is nie. Maria tree gewoonlik vir hom in die bresse en dit vertroebel die verhouding met haar ouers. Ondanks die feit dat sy gereeld die kerk besoek, beweer haar ouers dat sy soms leuens vertel om haarself in ŉ beter lig te stel.

Maria se gesagsaanvaarding is nie baie goed nie, en, alhoewel sy nie direk in opstand kom teen haar vader se gesag nie, maak sy meestal soos sy wil. Sy sê soms sy sal ŉ opdrag uitvoer maar doen dit dan tog nie. Dit hang grootliks van die aard van die opdrag af en of sy "lus" het om dit te doen alvorens sy dit wel doen. Sy is soms geweldig parmantig en gedurende die afgelope jaar het sy nog lyfstraf daaroor van haar vader gekry.

Uit die gesprek met die ouers was dit verder ook duidelik dat die gesinsverhoudinge nie baie goed is nie. Maria en haar moeder kry dikwels woorde oor haar onwilligheid om haar skoolwerk te doen asook oor haar slordigheid en onverantwoordelikheid. Haar ouers is ook nie ten gunste van die verhouding wat sy met ŉ manstudent het nie en het hom dan ook die huis belet. Dit is ŉ aangeleentheid waaroor Maria baie ongelukkig is en wat bydra tot haar belewing van haar gesitueerdheid as baie ongunstig. Die enigste persoon in die gesin met wie sy goed oor die weg kom is haar broer wat vir predikant studeer en vir wie sy ŉ groot mate van bewondering toon.

Hoewel Maria redelik goed met haar skoolmaats oor die weg kom, beweeg sy in ŉ buiteskoolse vriendekring wat hoofsaaklik uit studente bestaan. Dit bied aan haar ŉ ruimte waarin sy kan ontvlug van die skoolsituasie waarin sy nie belangstel nie en wat sy as "benede" haar beskou.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.1.3 Intelligensie-analise.

Volgens die inligting wat van die skoolhoof verkry is, behaal Maria op die Nuwe Suid-Afrikaanse Groepskaal ŉ intelligensiesyfer van 120. Om die betroubaarheid van hierdie syfer te kontroleer is die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal ook ingeskakel. Hierop behaal sy ŉ syfer van 123 op die volle skaal met ŉ verbale syfer van 122 en ŉ nie - verbale syfer van 120.

Uit ŉ verdere evaluering van Maria se verstandelike moontlikhede, blyk dit dat dit kwalitatief ook besonder goed is. Hiermee word bedoel dat die wyse en die niveau waarop sy antwoorde verstrek, besonder hoog is. Op die Hermann Rorschach - inkvlekmedium behaal sy ŉ F+ van 88 persent en haar antwoorde op die projeksie- en ekspressiemedia getuig daarvan dat sy daartoe in staat is om haar gedagtes effektief en op ŉ hoë niveau uit te druk. As nou in aanmerking geneem word dat haar affektiewe belewinge uiters versteurde is en dus as ŉ remmende faktor beskou moet word, kan met ŉ redelike mate van sekerheid aangeneem word dat haar intelligensie moontlikhede waarskynlik nog heelwat hoër lê as wat die syfers aandui. As haar affektiewe belewinge gestabiliseer kan word, kan verwag word dat haar intelligensiesyfer nog sal verbeter.

2.1.4 Projeksie- en ekspressiemedia.

Die gegewens soos verkry uit die media wat tydens die selekteringsondersoek ingeskakel is, naamlik die Rotter Onvoltooide Sinnemedium en die P.H.S.F. - Verhoudingevraelys, dui daarop dat Maria in ŉ huislike situasie vasgevang is wat sy as uiters labiliserend beleef. Dit blyk dat haar verhouding tot haar ouers asook die ouers se verhouding onderling tot mekaar, uiters versteurd is. Hierdie ongunstige situasie gee aanleiding tot spanning, angs en onsekerheid by Maria wat stremmend inwerk op haar stigting van formele didaktiese verhoudinge. Sy beleef die huislike situasie as ŉ inperking van haar persoonlike vryhede en dit gee aanleiding tot opstandigheid en aggressiwiteit teenoor haar ouers. Sy probeer hierdie situasie ontvlug deur deelname aan ŉ "studentewêreld" en ŉ soeke na plesier.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ter toeligting van bogenoemde, word daar gewys op haar beantwoording van die volgende sinne uit die Rotter Onvoltooide Sinnemedium:

i) Tot my spyt het ek in 'n ongelukkige huisgesin groot geword.
ii) Snags in my bed dink ek aan hoe dit sou wees as ons 'n gelukkige huisgesin was.
iii) My senuwees is op hol as ek by die huis kom.
iv) Ek is spyt oor die gesindheid in my ouerhuis.
v) Die gelukkigste oomblik is wanneer daar 'n bietjie vrede in ons huis is.

Bogenoemde dui veral op Maria se negatiewe belewing van haar ouerhuis en dit soeke na 'n "bietjie vrede" tuis.

Die volgende gee 'n beeld van Maria se belewing van die verhouding tussen haar vader en moeder:

i) My grootste vrees is dat my ouers sal skei.
ii) Toe ek 'n kind was het my ouers nie so baie baklei nie.
iii) Daar is niks wat my so ontstel as my ouers wat altyd baklei.

Uit die volgende blyk Maria se belewing van die verhouding tussen haar en haar ouers en veral die verhouding tot haar moeder:

i) Ek voel 'n behoefte aan ouerliefde.
ii) Die enigste struikelblok in my lewe is my ouers.
iii) Ek haat my ouers soms.
iv) 'n Moeder is daar om 'n kind se lewe te vergal.
v) Ek wonder soms hoekom my ma my nog nie vermoor het nie.

Bogenoemde gee 'n duidelike beeld van Maria se belewing van haar gesitueerdheid. Ondanks die labiliserende uitwerking wat hierdie situasie op haar het, blyk dit dat sy daartoe in staat is om self tot die kern van haar probleem deur te dring. Dit dien ook nog as verdere bewys van haar goeie verstandelike moontlikhede. Die temas, soos blyk uit bostaande sinne, spreek ook baie duidelik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



uit die media wat tydens die individuele ondersoek ingeskakel is.

ŉ Analise van Maria se antwoorde op die Hermann Rorschach - inkvlekmedium, dui daarop dat haar affektiewe lewe grootliks gelabiliseer is. Hier is ook duidelik sprake van angs en onsekerheid en uit ŉ fenomenologiese analise van die antwoorde kan afgelei word dat sy haar situasie as bedreigend beleef. Haar belewing van haar huislike situasie as bedreigend en inperkend gee aanleiding tot aggressie wat teen haar gesitueerdheid gerig is. Dit is dan ook geen verrassing dat sy nie kan kom tot die stigting van bindende medemenslike verhoudinge nie. Bogenoemde faktore gee aanleiding tot haar vasgelopenheid in die skoolsituasie.

Ondanks ongunstige antwoorde soos "baklei" (vgl. plaat 2) en "bloed" (vgl. plaat 2 en 9) wat blyk uit ŉ tematiese ontleding van haar antwoorde op die Hermann Rorschach-inkvlekmedium, is daar tog ŉ positiewe tendens in die bewegingsantwoorde wat sy gee en haar goeie verhouding tot die realiteit te bespeur.

Uit die grafiese ekspressiemedia en ook uit die tematiese appersepsiemedia blyk dit dat Maria haar verhouding tot ander en veral haar verhouding tot haar moeder, as ongunstig beleef. Sy vertel die verhaal van ŉ moeder wat "nors en ontevrede" is met haar dogter se keuse van ŉ nuwe rok (vgl. "Michigan Picture Test", plaat B 2) asook van ŉ moeder wat ŉ "witbroodjie" bederf terwyl die ousus met "afsku" toekyk (vgl. "Symonds Picture-Story Test", plaat 1). Hieruit spreek dan ook haar belewing daarvan dat haar vryheid ingeperk word en dat haar moeder nie aan haar die geleentheid bied om self te kies en sodoende self iemand te word nie.

ŉ Selfondersoekvraelys, naamlik die I.P.A.T. - Angsskaal (bepaal die mate van angs wat daar by die persoon teenwoordig is aan die hand van vyf "komponente van angs" (vgl. 4, p.16), bring aan die lig dat Maria nie daartoe in staat is om die situasie waarin sy haarself bevind, te verwerk nie. Dit gee aanleiding tot agterdogtigheid, nie net teenoor gesinslede nie maar ook teenoor ander sodat ook haar medemenslike verhoudinge verder daardeur benadeel word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit ŉ fenomenologiesé ontleding van hierdie vraelys blyk dit dat sy haar ouers baie selde bewonder en hulle as onredelik beskou vanweë die eise wat hulle stel. Die ontoereikende ouer-kind verhouding en die onveilige gesinsituasie, wat aan haar geen steun tot volle ontplooiing bied nie, gee aanleiding daartoe dat Maria baie onafhanklik voorkom. Dit moet egter gesien word as ŉ skynselfstandigheid waaragter sy haar belewinge van onsekerheid en onveiligheid probeer verberg.

2.1.5 Samevattende Persoonsbeeld.

Maria is ŉ dogter met bogemiddelde verstandelike moontlikhede maar vanweë labiele paties-affektiewe belewinge kan sy hierdie moontlikhede nie optimaal aktualiseer nie. Hierdie versteurde patiese belewinge het hul oorsprong in die gesinsituasie wat as baie ongunstig en inperkend deur Maria beleef word. Sy is van mening dat dit in haar ouerhuis hoofsaaklik gaan om die status van haar vader en dat daar nie veel vir die kinders omgegee word nie. Sy beleef dat sy nie deur haar ouers aanvaar word nie en dat hulle, en veral haar moeder, haar in alles wat sy doen, teëgaan. As die vierde van sewe kinders is dit duidelik dat sy nooit veel aandag van haar ouers ontvang het nie en is daar min sprake van toereikende affektiewe bindinge tussen hulle. As hiermee saam in aanmerking geneem word dat sy die verhouding tussen haar ouers as ongunstig beleef, is dit duidelik waarom sy die gesinsituasie as bedreigend beleef. Die onsekerheidsbelewing wat spruit uit die belewing van vrees dat haar ouers kan skei of dat haar moeder haar kan "vermoor", gee aanleiding tot aggressie en ŉ skynselfstandigheid aangesien dit ŉ wyse is waarop sy haarself kan handhaaf en wat aan haar ŉ mate van sekerheid verleen.

Vanweë hierdie labiliserende gesinsmilieu kan Maria haar nie op gnostiese-kognitiewe wyse op die formele leeropgawe rig nie. Sy loop haar dus in die skoolsituasie vas en druip dan ook standerd agt met die verdere ontstellende gevolg dat haar jonger suster nou saam met haar in dieselfde standerd is. Haar ouers openbaar geen insig en simpatie met hierdie probleem van haar nie en sy beleef dit dat sy deur hulle verwerp word aangesien sy nie aan die eise wat ten opsigte van skoolwerk aan haar gestel word, kan voldoen nie. Dit bring mee dat sy die skool- en huiswerksituasie afwys en daarvan probeer ontvlug deur ŉ soeke na prestasie in buiteskoolse aktiwiteite soos sang, klavierlesse en sport.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Dit is verder ook duidelik dat daar by Maria ŉ soeke na erkenning en ouerliefde is. Aangesien sy beleef dat sy dit nie by haar ouers kry nie, soek sy dit by haar broer deur ŉ skynbeeld van godsdienstigheid voor te hou. Saam met haar studentevriend probeer sy egter haar situasie verder ontvlug deur deelname aan jolige studenteaktiwiteite.

Gesien vanuit die kompleksiteit van haar probleem is daar in die pedoterapie aan Maria die nodige erkenning gegee en is sy daartoe gesteun om in ŉ toenemende mate, die verantwoordelikheid te aanvaar om haar verstandelike moontlikhede optimaal te aktualiseer. Ook haar ouers is begelei tot insig in hul aandeel aan haar onderprestasie.

### 2.1.6 Hulpverlening.

Hulpverlening aan Maria het een maal per week gedurende skoolure geskied en altesaam 10 pedoterapeutiese gesprekke is met haar gevoer. Die doel van die eerste paar pedoterapiesessies was om tot ŉ ontmoeting met haar te kom. Die gesprekke het hoofsaaklik om haar skolastiese prestasies gedurende die voorafgaande eksamen gesentreer, terwyl haar wyse van studie en haar planne vir die toekoms ook bespreek is.

Tydens hierdie eerste paar gesprekke het dit aan die lig gekom dat Maria geen vaste studieprogram het nie en indien sy wel by haar skoolwerk uitkom, dan lees sy dit slegs een maal deur. Sy neem aan ŉ groot aantal buiteskoolse bedrywighede deel en doen byna nooit huiswerk nie. Ten aansien van haar toekomsperspektief blyk dit dat, alhoewel sy nie ŉ definitiewe beroep in gedagte het nie, sy besef dat sy haar skoolloopbaan sal moet voltooi aangesien haar ouers van haar verwag om ŉ kursus aan ŉ universiteit te volg.

Gedurende die verdere verloop van die hulpverlening is daar gepoog om Maria te wys op haar goeie verstandelike moontlikhede en haar verantwoordelikheid ten opsigte van die verwerkliking daarvan. Dit is as ŉ talent aan haar voorgehou wat sy, netsoos haar sang en sport, tot volle ontplooiing moet laat kom. ŉ Studiemetode (vgl. Hoofstuk III, p.67) is bespreek met die doel om Maria meer aktief by haar skoolwerk te betrek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Teen die einde van die derde terapiesessie het Maria self oor haar verhouding met haar ouers begin praat en het dit aan die lig gekom dat hulle baie statusbewus is. Sy het ook genoem dat haar ouers se houding teenoor haar broer en haar mansvriend haar baie ongelukkig stem. Probleme in hierdie verband is nou gereeld bespreek en daar is gepoog om haar te begelei tot beter insig in die optrede van haar ouers. Sy is ook daarop gewys om verantwoordelikheid te aanvaar vir haar eie aandeel aan hierdie verhouding. Langs hierdie weg is daarin geslaag om haar te laat insien dat sy en haar vriend nie gedurende weeksaande moet uitgaan nie en het sy meer aandag aan haar skoolwerk begin bestee. Haar ingesteldheid teenoor haar ouers het ook begin verander.

Op grond van die begeleidende gesprek met Maria se ouers het ook hulle opvoedingsbenadering verander. Dit het ŉ meer gunstige gesinsituasie meegebring en Maria het dan ook teenoor die pedoterapeut opgemerk dat dit tuis "beter gaan".

Dit het ŉ stabiliserende uitwerking op haar affektiewe belewinge gehad en tesame met die vermeerderde aandag aan haar skoolwerk, het sy skolasties beter begin presteer. Die pedoterapeut het sy goedkeuring geheg aan selfs die geringste mate van verbetering om sodoende aan haar die steun en erkenning te gee waarna sy soek.

Deur die toenemende aanvaarding van haar verantwoordelikheid ten opsigte van die verwerkliking van haar verstandelike moontlikhede en deur die meer gunstige gesinsituasie wat geskep is deur die gesprek met haar ouers, is Maria gesteun tot groter inspanning ten opsigte van haar skoolwerk en dus tot beter skolastiese prestasie.

### 2.1.7 Ouerbegeleiding.

Aangesien daar geen sin in die hulpverlening sou wees indien die oorsprong van die probleem steeds sou bly voort bestaan nie, is ŉ gesprek met Maria se ouers gevoer met die doel om hulle tot insig te bring ten opsigte van hul aandeel aan die feit dat sy skolasties onderpresteer.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

In die gesprek is María se goeie verstandelike moontlikhede aan hulle voorgehou en in teenstelling daarmee haar swak skoolprestasies (36% gemiddeld einde eerste jaar st. 8 — vgl. Tabel III, Hoofstuk III). Dit is aan hulle gestel dat ŉ stabiele paties-affektiewe belewing ŉ voorvereiste is vir distansiëring tot gnosties-kognitiewe niveau. Dit spreek dus vanself dat sy op grond van haar gesitueerdheid wat labiele affektiewe belewing bevorder, op paties-affektiewe niveau stagneer en nie na behore kan oorgaan tot ŉ intensionele gerigtheid op die formele opgawe van die didaktiese situasie nie.

Om die ouers tot beter insig in die pedagogiese situasie te begelei, is die pedagogiese verhoudingstrukture (Landman) aan hulle voorgehou. Daar is veral klem gelê op die begrypingsverhouding aangesien dit baie duidelik was dat hulle veral ten aansien daarvan gefouteer het. Hulle toon min begrip vir die labiliserende uitwerking wat Maria se onsuksesvolle skooljaar op haar gehad het. Ook die feit dat haar jonger suster nou in dieselfde standerd as sy is, is nie as ŉ probleemveld deur hulle geïdentifiseer nie. Die ouers is verder daarop gewys dat hulle haar ten aansien van hierdie saak moet steun en moet toon dat hulle haar nog aanvaar ondanks die feit dat sy gefaal het.

Maria soek na erkenning en aanvaarding en aangesien sy dit nie kan verkry deur haar akademiese prestasies nie, poog sy om deur sport en sang die goedgesindheid van haar ouers te verkry. Hierdie buiteskoolse aktiwiteite bied ook aan haar die geleentheid tot ontvlugting uit die skoolsituasie waar sy haar verstandelike moontlikhede nie optimaal verwerklik nie. Sy hou ŉ skynbeeld van selfvertroue en onafhanklikheid voor waaragter sy haar onsekerheid en angs probeer verberg.

Verder is die ouers daarop gewys dat hul verhouding tot mekaar en hul houding teenoor Maria, ŉ grondrede vir haar gebrekkige skoolvordering is. Die voortdurende onenigheid tussen vader en moeder gee aanleiding tot belewinge van vrees dat hulle sal skei en tot onsekerheidsbelewing oor wat die toekoms vir haar inhou. Daar bestaan nie ŉ toereikende samehorigheidsgevoel in die gesin nie en dus ook nie ŉ veilige onsheidsruimte vanwaar sy bereid is om haar op gnosties-kognitiewe niveau te waag nie. Hierdie posisie word vererger deur die versteurde ouer - kind

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhouding en sy beleef veral die verhouding met haar moeder as bedreigend en inperkend en dit gee aanleiding tot opstandigheid.

In hierdie gesprek is die ouers dus veral gevorm tot groter begrip vir Maria sodat hulle haar kan steun tot die optimale verwerkliking van haar verstandelike moontlikhede. Deur konsekwente simpatieke gesagsleiding moet sy begelei word tot kennis van die goedkeurens- en afkeurenswaardige. Die verhouding tussen die ouers moet verbeter en aan Maria moet die geleentheid gegee word om daardie vryhede te beoefen waarvoor sy reeds verantwoordelikheid kan aanvaar.

2.1.8 Uitkoms van die pedoterapie.

Uit Tabel III (Hoofstuk III) is dit duidelik dat daar by Maria 'n groot verbetering in haar skoolvordering was. Sy druip st. 8 in 1973 met 'n gemiddelde persentasie van 36%. Ondanks die feit dat die leerstof nou nie meer onbekend vir haar is nie, behaal sy in die eerste eksamen van 1974 slegs 40% gemiddeld (6% onder klasgemiddeld). Gedurende die tweede kwartaal het die hulpverlening 'n aanvang geneem en sy verbeter met 10% gemiddeld tot 4% bó klasgemiddeld. Aan die einde van 1974 handhaaf sy hierdie persentasie ondanks die feit dat sy geen hulpverlening gedurende die vierde kwartaal ontvang het nie. Sy vorder dus van 13% onder klasgemiddeld tot 4% bo klasgemiddeld, dus 'n algehele verbetering van 17%.

Die hulpverlening wat sy ontvang het en die begeleidende gesprek met haar ouers het 'n stabiliserende uitwerking op Maria se belewinge van haar gesitueerdheid gehad. Dit het aan haar die basis gebied vanwaar sy haarself meer intensioneel op die leerstof kon rig. Hoewel nog nie op die bereikbare niveau nie, was daar tog 'n duidelike verbetering in haar skolastiese prestasies te bespeur. Haar aanvaarding van die verantwoordelikheid ten opsigte van die verwerkliking van haar verstandelike moontlikhede bring mee dat sy nie meer as potensieel te vroeë skoolverlater bestempel kan word nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.2 Martin.

### 2.2.1 Identifikasiedata.

i) Naam : Martin
ii) Ouderdom : 17 jaar 1 maand.
iii) Skool : ŉ Skool in ŉ gemiddelde sosio-ekonomiese omgewing.
iv) Standerd : 9

### 2.2.2 Historisiteitsbeeld.

Martin is die tweede oudste van drie kinders en die enigste seun in die gesin. Sy vader is ŉ kontrakteur en sy moeder is ŉ huisvrou vanaf sy geboorte. Aangesien hy in ŉ hegte gesin grootgeword het, het hy van kleins af die aandag en belangstelling van sy ouers geniet.

Uit die historisiteitsgesprek met sy ouers blyk dit baie duidelik dat hulle bekommerd is oor Martin se gebrekkige skoolvordering. Volgens hulle is ook sy onderwysers van mening dat hy heelwat beter kan presteer. Hy is egter ŉ kind wat selfstandig voorkom en nooit om enige hulp met sy skoolwerk vra nie.

Alhoewel hy ŉ seun is wat aan heelwat buitemuurse sportbedrywighede, soos sokker, atletiek en swem deelneem, is hy baie pligsgetrou ten opsigte van sy skoolwerk. Hy bestee elke middag minstens ŉ uur aan huiswerk en werk ook saans na ete. Wat die ouers veral onrustig stem is dat hy, ondanks hierdie feit, standerd sewe gedruip het en tans slegs daarin slaag om "kop bo water te hou". Dit blyk dus dat, hoewel hy oor ŉ studieprogram beskik, Martin skolasties nog onderpresteer.

Soos reeds vermeld het Martin binne ŉ hegte gesin grootgeword. Dit ouers is baie gelukkig getroud en die verhouding met hul kinders is goed. Veral pa en seun is soos vriende en doen alles saam. Martin kom ook baie goed met sy susters oor die weg. Die verhouding met sy jonger suster is veral goed en hy tree altyd beskermend teenoor haar op. Hy het ook heelwat vriende by die skool en een wat gereeld by hom kom kuier. Ook met sy

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderwysers kom hy goed oor die weg en hulle praat met lof van hom as persoon. Hulle is egter van mening dat hy skolasties beter kan presteer.

Martin is 'n seun wat hoë standaarde aan homself stel en hy verwag ook van sy vriendin om daaraan te voldoen. Hy weet wat sy ouers van hom verwag en hy probeer hulle deur sy optrede tevrede stel. Hy is baie verantwoordelik, eerlik en betroubaar en sal byvoorbeeld nooit laat wees vir 'n afspraak nie.

Die vader is die gesagsfiguur in die huis en Martin aanvaar hom as sodanig. Aangesien hy 'n gehoorsame kind is, het daar nog nooit onenigheid ontstaan nie en was dit nog nooit vir sy vader nodig om hom te straf nie. Soms is hy effens opstandig teen sy moeder se gesag maar voer tog gereeld haar opdragte uit. Ook by die skool ondervind die onderwysers geen probleme met hom ten aansien van gesagsaanvaarding nie.

Dit blyk dus dat Martin in 'n redelik gunstige gesinsmilieu verkeer maar op grond van 'n deeglike diagnostiese analise is dit duidelik dat daar tog faktore is wat aanleiding gee tot sy onbevredigende skoolvordering en dus tot potensieel te vroeë skoolverlating.

### 2.2.3 Diagnostiseringsondersoek.

Uit die intelligensie-ondersoek blyk dit dat Martin oor baie goeie verstandelike moontlikhede beskik. Vir die doel van hierdie ondersoek is van die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele skaal (vgl. 1, p. 223 - 231), soos opgestel deur die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, gebruik gemaak waarop Martin 'n totaaltelling van 133, 'n verbale syfer van 123 en 'n nie-verbale syfer van 141 behaal. Hierdie bevinding strook ook met gegewens soos verkry uit die Rorschach-inkvlekmedium en die wyse waarop hy die taal beheers. As nou opnuut in aanmerking geneem word dat hierdie seun standerd sewe gedruip het, spreek dit vanself dat hy gerem word ten aansien van die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die media, soos ingeskakel tydens die selekteringsondersoek, het aan die lig gebring dat Martin sy vasgelopenheid in die skoolsituasie baie intens beleef. Die volgende sinne illustreer hierdie stelling baie duidelik:

i) I failed to get through std. 7.
ii) At school I try to work but cannot cope.
iii) My greatest fear is examinations.
iv) Sometimes I feel like strangling school teachers.
v) I would not like to know what lies ahead of me.
vi) The future is going to be too much to cope with.

Hieruit blyk nie slegs sy vasgelopenheid in die skoolsituasie nie, maar ook die onsekerheid oor wat die toekoms vir hom inhou en sy huiwerigheid om die verantwoordelikhede wat dit sal meebring, te aanvaar. Hierdie bevindinge word versterk deur die gegewens soos verkry uit die Verhoudingevraelys waaruit blyk dat Martin se wêreldverhoudinge gekenmerk word deur ontoereikende belewinge ten aansien van selfvertroue en selfbeheer en dat die stigting van formele verhoudinge, soos in die skoolsituasie van hom vereis word, vir hom problematies is. Vanweë sy gebrekkige belewinge ten aansien van selfvertroue en onsekerheid is hy nie bereid om homself te waag met die vreemde leerstof en die onderwyser nie.

Uit die grafiese ekspressiemedia en uit ander tematiese media spreek veral Martin se onsekerheid en sy algehele afhanklikheid van sy ouers. Hy vertel die verhaal van ŉ seun van nege jaar wat hom in die skoolsituasie vasloop en dat hy deur sy ouers in ŉ ander skool geplaas word ("Michigan Picture Test", plaat 3). Ook die verhaal van ŉ elfjarige seun wie se ouers in ŉ lugaanval gedood word en dat die seun self ook later sterf aangesien hy sonder ouers geen warm klere en kos het nie en hy nie in staat is om vir homself te sorg nie ("Michigan Picture Test", plaat 8B). Die hoofrol in Martin se verhale word telkens deur ŉ jong seuntjie vertolk en sy menstekening (figuur I) is dan ook ŉ jong seun met ŉ speelgoed rewolwertjie, waaruit sy infantiliteit en onsekerheid weer eens duidelik blyk. Ook die weglating van die voete openbaar sy lewensonsekerheid (vgl. 2, p.70). Hy maak ook ŉ tekening van ŉ huis (figuur II) met tralies voor die vensters wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




FIGUUR I

A YOUNG BOY



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

FIGUUR II



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moontlik daarop kan dui dat hy sy huislike situasie as inperkend beleef.

Martin se onsekerheid asook sy afhanklikheid van ander, spreek duidelik uit die gegewens soos verkry uit die I.P.A.T.-angsskaal (vgl. 4). Hy is baie onseker van sy optrede voor ander en dit blyk ook dat hy meer van hulle goedgesindheid afhanklik is as wat hulle van syne is.

### 2.2.4 Samevattende persoonsbeeld.

Martin is 'n seun met uitstekende verstandelike moontlikhede maar wat op grond van paties-affektiewe remminge nie in staat is tot die optimale aktualisering daarvan nie.

Aangesien sy ouers intens in hom belangstel en wel in so 'n mate dat hulle hom oorbeskerm, beleef hy sy huislike situasie as inperkend. Hulle het geen besef van hoe goed sy verstandelike moontlikhede werklik is nie en word die verantwoordelikhede waartoe hy reeds in staat is, nie aan hom toegeken nie. Dit bring onsekerheid en opstandigheid mee maar aangesien die verhouding met sy ouers eintlik goed is, bly hierdie opstandigheid latent. Die ongewenste spanning wat hieruit voortspruit verhoed dat hy, ondanks sy gereelde studietye, hom op toereikende wyse op die leerstof kan rig en loop hy hom dus vas in die skoolsituasie. Aangesien hy nie op skool kan vorder nie, kom hy in opstand daarteen en vandaar dan ook sy verduisterde toekomsperspektief en sy vrees vir die verantwoordelikhede wat die toekoms mag meebring.

Martin se ouers is dus besig om hom te "versmoor" met hul intense belangstelling eerder as om hom daardeur te steun tot die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

### 2.2.5 Hulpverlening.

Martin is 'n aangename seun met wie in 'n relatief kort tydperk tot 'n ontmoeting gekom is. Reeds tydens die tweede pedoterapiesessie het hy spontaan aan die gesprek deelgeneem. Altesaam nege pedoterapeutiese gesprekke is met hom gevoer. Uit die eerste gesprek het geblyk dat hy vasgestelde studietye het

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en dat die metode waarvolgens hy studeer, goeie resultate behoort te lewer. Hy het egter ook gekla dat hy nie op sy werk kan konsentreer nie.

Uit die gegewens soos verkry uit die selekteringsondersoek, was dit duidelik dat Martin nie bewus was van wat presies aanleiding gegee het tot sy gebrekkige skolastiese prestasies nie en daarom moes sy probleem op ŉ indirekte wyse met hom bespreek word. Vir hierdie doel is die verhaal van die seuntjie wie se ouers in ŉ lugaanval gedood is (kyk p.91), as uitgangspunt geneem. Deur Martin in die plek van die seuntjie te plaas en hom te steun om te skuil en vir homself te sorg, het hy die oorlog oorleef. Die pedoterapeut was saam met hom in alle gevaarsituasies en hy kon dus ingryp en "red" wanneer Martin self nie ŉ oplossing gehad het nie. Hy kon dus toenemend veiligheid beleef by die pedoterapeut en dit het die belewing van vertroue meegebring wat nodig was om self ŉ oplossing vir sy probleme te vind (vgl. 3, p.91), — nie net in die verhaal nie maar ook in die werklike lewe. Dit is ook aangehelp deur sy ouers se veranderde optrede teenoor hom nadat ŉ begeleidende gesprek ook met hulle gevoer is. Met hulle samewerking is groter verantwoordelikheid aan hom toegeken en is daar ook klem gelê op sy verantwoordelikheid ten opsigte van die aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

In die begeleidende gesprek met die ouers is Martin se uitstekende verstandelike moontlikhede onder hulle aandag gebring. Hulle is daarop gewys dat hulle deur hul oormatige bemoeienis hom die geleentheid ontneem om self iemand te wees. Hulle oorbeskerming en die feit dat hulle alles vir hom wil doen, maak hom onseker en onwillig om hom te waag aan die uitdaging wat die skoolsituasie inhou. Aangesien hy skolasties nie kan vorder nie, beleef hy die skoolsituasie as bedreigend en kom hy daarteen in opstand. Daar is dus ŉ beroep op Martin se ouers gedoen om daardie verantwoordelikhede wat hy reeds kan dra, aan hom op te dra. Deur dit te doen kon hulle sy selfvertroue verstewig aangesien hy langs hierdie weg self tot die besef kon kom dat hy daartoe in staat is om iets te doen. So is hy dus gesteun tot toenemende bereidheid om hom op die onbekende, formele leeropgawe te rig.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 2.2.6 Uitkoms van die pedoterapie.

Ondanks die feit dat Martin se probleem op indirekte wyse gekommunikeer is, het hy skolasties verbasend vinnig verbeter (vgl. Hoofstuk III, Tabel III). Soos reeds vermeld, het hy standerd sewe gedruip en het hy voor die aanvang van die pedoterapie, onder klasgemiddeld presteer. Hy slaag standerd agt met 44% wat 4% onder klasgemiddeld was. Gedurende die eerste eksamen in standerd nege is daar ŉ geringe verbetering maar met die tweede eksamen, na die aanvang van die hulpverlening, verbeter hy met 10% teenoor ŉ verbetering van slegs 3% in die klasgemiddeld. Ook met die derde eksamen is daar ŉ verdere verbetering te bespeur. Hy verbeter dus vanaf 4% onder die klasgemiddeld tot 7% bo die klasgemiddeld. Gedurende die vierde kwartaal, waarin hy geen hulpverlening ontvang het nie, kom daar egter ŉ skerp daling in Martin se skolastiese prestasie voor.

Dit blyk dus dat Martin gedurende die tydperk waarin hulp aan hom verleen is, in ŉ toenemende mate die verantwoordelikheid vir die aktualisering van sy verstandelike moontlikhede aanvaar het. Tydens die skeiding na afloop van die pedoterapie, blyk dit egter dat hy nog nie in staat is tot selfstandige besluitvorming nie en dat hy nog van die steun van die pedoterapeut afhanklik is. Met langduriger hulpverlening sou Martin waarskynlik tot optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede gesteun kon word.

## 2.3 Ria.

### 2.3.1 Identifikasiedata.

| | | |
|---|---|---|
| i) | Naam : | Ria |
| ii) | Ouderdom : | 16 jaar 1 maand. |
| iii) | Skool : | ŉ Skool in ŉ gemiddelde sosio-ekonomiese omgewing. |
| iv) | Standerd : | 9. |

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 2.3.2 Historisiteitsbeeld.

Ria is die jongste van drie dogters waarvan die oudste reeds werk en die tweede oudste besig is met verdere studies aan 'n universiteit. Haar vader is verbonde aan 'n staatsdepartement waar hy 'n taamlike senior posisie bekleë en haar moeder het tot kort voor hierdie ondersoek as snelskriftikster gewerk. Sy het voldag begin werk direk nadat Ria skool toe is en vir ongeveer een en 'n half jaar was die kinders op die bediende aangewese. Daarna het sy slegs halfdag gewerk.

Hoewel Ria oor 'n eie kamer en lessenaar beskik, bestee sy nie veel tyd aan haar skoolwerk nie. Sy doen wel haar huiswerk maar studeer slegs die dag vóór 'n toets of eksamen. Toe sy jonger was het haar ouers haar dikwels hieroor aangespreek maar nou verwag hulle dat sy self die verantwoordelikheid daarvoor moet aanvaar. Sy probeer dan ook die indruk skep dat sy ten opsigte van haar leerwerk, onafhanklik is en sy raak aggressief as hulp aangebied word. Aangesien sy dus hoofsaaklik op haarself aangewese is, het sy nooit besonder goed op skool presteer nie. Alhoewel sy meestal in haar kamer is, bring sy die grootste gedeelte van haar tyd deur met musiek en lees. Sy kry ook onderrig in Spaanse danse en dit blyk dat sy heelwat meer daarin belangstel as in haar skoolwerk.

As puberteitsdogter, word Ria deur haar ouers as stil, onseker en effens aggressief beskryf. As jonger kind was sy meer liefdevol van geaardheid. Sy is ook dikwels nukkerig, veral as sy 'n opdrag moet uitvoer soos byvoorbeeld om koffie te maak. Hoewel sy nie in direkte opstand teen haar ouers se gesag kom nie, aanvaar sy dit baie teësinnig en haar moeder moet dikwels opdragte herhaal. Indien 'n argument tussen haar en haar ouers ontstaan, onttrek beide die ouers hulle aangesien Ria gewoonlik die oorhand kry. Haar vader is die mening toegedaan dat kinders nie aan dissipline "gekluister" moet wees nie en dat hulle ook die geleentheid gegun moet word om hulle kant van 'n saak te stel.

Hoewel Ria deur haar ouers as effens onverantwoordelik bestempel word omdat sy nie altyd hul opdragte uitvoer nie, beskou hulle haar tog as 'n persoon wat volgens behoorlikheidseise leef.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sy ken die verskil tussen reg en verkeerd en as gelowige en gereelde kerkganger, poog sy om haarself van die verkeerde te onthou. Sy is 'n eerlike dogter wat slegs in uiterste gevalle 'n leuen sal vertel. Haar ouers probeer ook om die goeie aan haar voor te hou en voor te leef.

Dit blyk dat Ria nie altyd baie goed met haar onderwysers oor die weg kom nie. Sy het dan ook Duits as (keuse) vak gelos aangesien sy en die onderwyseres mekaar nie kon vind nie. Met haar skoolmaats kom sy egter baie goed klaar en sy het veral twee vriendinne met wie sy reeds baie lank bevriend is. Hoewel sy soms saam met seunsvriende uitgaan hou sy nie baie daarvan nie aangesien hulle te ernstig raak na haar sin. Die verhouding met haar susters is nie goed nie en veral sy en die suster net ouer as syself kom van kleins af nie klaar nie. Uit die gesprek met die ouers blyk dit dat hierdie dogter as klein kindjie dikwels siek was en dat Ria dan hulle aandag moes ontbeer. Hulle is ook van mening dat die twee oudste dogters 'n "groep" vorm en dat Ria nie daarby ingesluit word nie. Die verhouding tussen Ria en haar moeder is ook nie wat dit behoort te wees nie. As rede hiervoor voer die moeder aan dat sy begin werk het kort nadat Ria skool toe is. Die kind was dus dikwels op die hulp van haar vader aangewese. As jongste kind het hy haar nogal bederf en dikwels vertroetel maar later het sy begin om dit af te wys en tans tree sy redelik aggressief teenoor hom op. Dit blyk dus dat die gesinsverhoudinge, vanuit pedagogiese oogpunt, ontoereikend is.

Die historisiteitsgesprek het ook aan die lig gebring dat Ria se skoolvordering gedurende haar hele skoolloopbaan redelik gebrekkig was. Ondanks die feit dat haar ouers van haar verwag om self die verantwoordelikheid vir haar skoolwerk te aanvaar, bestee sy nie veel aandag daaraan nie en stel sy meer belang in musiek en in haar Spaanse danslesse. Aangesien sy so min tyd aan huiswerk bestee kom sy dikwels in botsing met haar onderwysers en is die verhouding tussen hulle nie baie goed nie.

In geheel gesien blyk dit dat Ria se verhouding tot die persone in haar leefwêreld ontoereikend is. Haar belewing van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie versteurde verhoudinge gee aanleiding tot onsekerheid en dus tot die ontoereikende verwerkliking van haar verstandelike moontlikhede en tot haar vasgelopenheid in die skoolsituasie.

### 2.3.3 Diagnostiseringsondersoek.

Uit ŉ analise van Ria se beantwoording van die Nuwe Suid-Afrikaanse Individuele Skaal, het aan die lig gekom dat sy oor uitstekende intellektuele moontlikhede beskik. Sy behaal ŉ syfer van 128 op die volle skaal, ŉ verbale syfer van 122 en ŉ nie-verbale syfer van 132. Hierdie bevinding word ook gestaaf met ŉ intelligensiesyfer van 125 (behaal op ŉ groepskaal) soos vanaf die skool verkry. As in aanmerking geneem word dat hierdie dogter aan die einde van haar standerd agt-jaar onder haar klasgemiddeld (45% teenoor ŉ klasgemiddeld van 49%) presteer het, is dit baie duidelik dat sy nie haar verstandelike moontlikhede optimaal aktualiseer nie.

Die selekteringsondersoek het aan die lig gebring dat sy haar vasgelopenheid in die skoolsituasie intens beleef en dat sy daarom ook nie van die skool hou nie. Sy beleef haar gesinsituasie as bedreigend en dit blyk dat haar verhouding tot haar ouers en susters nie na wense is nie. Die feit dat sy nie gesag aanvaar nie, soos wat geblyk het uit die historisiteitsgesprek met die ouers, word ook uit hierdie gegewens bevestig. Dit is dan ook geen verrassing dat daar by Ria ŉ sterk begeerte is om van haar gesinsituasie te ontvlug nie.

Die wyse waarop sy die volgende sinne uit die Rotter Onvoltooide Sinnemedium voltooi het, gee ŉ duidelike beeld van haar belewing van haar leer- en skoolsituasie:

i) <u>Ek is spyt</u> dat ek sekere vakke geneem het.
ii) <u>Ek kan nie</u> konsentreer as die onderwysers iets verduidelik nie.
iii) <u>Tot my spyt</u> moet ek erken dat ek nie lief is vir leer nie.
iv) <u>My grootste gebrek</u> is om myself sover te kry om te leer.
v) <u>Ek wens</u> ek is uit die skool.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Haar belewing van haar gesinsituasie en die versteurde ouer - kind asook suster - suster verhouding kan uit die volgende afgelei word:

i) Ek voel ongelukkig.
ii) Ek verdra nie om saam met my ouers te eet nie.
iii) My vriende weet dat ek probleme met my ouers het.
iv) Mense wat my nie verstaan nie is my ouers.
v) Ek vererg my vir my ouers en susters.
vi) Ek kon nooit my ouers vertrou nie.
vii) Die enigste struikelblok is my ouers.
viii) Ek het geen tyd vir my suster nie.
ix) Ek haat dit om iets saam met my suster te doen.
x) Dit walg my as my pa iets doen.
xi) My vader irriteer my.
xii) 'n Moeder is iemand wat moet verstaan en liefde gee.
xiii) Ek sal nooit vergeet dat my ma eenkeer gesê het dat dit beter sal wees as ek weg is nie.

Uit die grafiese ekspressiemedia spreek haar onsekerheid baie duidelik. Die versteurde ouer - kind verhouding en die gebrek aan identifikasie met die moeder blyk oor hieruit. Ook die tematiese media bring hierdie versteurde verhouding onder die aandag. Die begeerte om uit haar situasie te wil ontvlug blyk ook uit Ria se geneigdheid om fantasieverhale te vertel (vgl. Symonds Picture-Story Test, plaat B 8).

2.3.4 Samevattende persoonsbeeld.

Ria is 'n dogter wat oor uitstekende verstandelike moontlikhede beskik maar wat vanweë haar labiele paties-affektiewe belewinge dit nie optimaal kan verwerklik nie. Op grond van 'n versteurde onsheidsbelewing, wat spruit uit 'n ongunstige gesin-situasie, kan sy nie haarself op gnosties-kognitiewe niveau op die leerstof rig nie. Haar gesinsituasie bied nie aan haar die veiligheid vanwaar sy haar leerwêreld kan eksploreer nie. Aangesien sy haar in die skoolsituasie vasloop en dit intens beleef, wys sy hierdie situasie af en is daar 'n duidelike onvlugtings-tendens by haar te bespeur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Uit die diagnostiseringsondersoek asook uit die historisiteitsgesprek, is dit duidelik dat die moeder-dogter en die suster-suster verhouding nie na wense is nie. Ria moes op 'n vroeë ouderdom, toe sy aan die begin van haar skoolloopbaan gestaan het, dikwels die aandag van haar moeder ontbeer. Hierdie aangeleentheid is vererger deur die feit dat haar moeder dikwels tikwerk tuis gedoen het en dat haar ouer suster, vanweë haar siekte, meer aandag as sy gekry het. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die kommunikasie tussen moeder en dogter verskraal het en dat daar weinig oueridentifikasie plaasgevind het.

Vanweë haar suster se siekte moes Ria voortdurend met haar meeding om die aandag van haar ouers. Dit is dan ook die rede waarom Ria dit so "haat" om iets saam met haar suster te doen. Alhoewel sy byvoorbeeld baie beter as haar suster in musiek is, weier Ria om, soos haar suster, daarvan 'n loopbaan te maak. Sy verkies Spaanse danse aangesien slegs <u>sy</u> daarin presteer en dit dus nie vir haar nodig is om om die aandag en aanvaarding van haar ouers mee te ding nie.

Daar is ook nie veel sprake van 'n verantwoordbare gesagsverhouding tuis nie. Daar word te veel aan Ria se eie verantwoordelikheidsbesef oorgelaat en die ouers onttrek hulle eerder as om tot 'n konfrontasie met haar te kom. Hulle besef nie dat sy nog 'n kind is nie en daarom nog nie in staat is om heeltemal selfstandig keuses te maak nie. Hulle steun haar dus nie daartoe om in hul teenwoordigheid en onder hul toesig, verantwoordelikheid te beoefen nie. Aangesien sy nie die aanvaarding van haar ouers beleef nie, aanvaar sy ook nie hulle gesag nie en word die ouer-kind verhouding nog verder versteur.

Dit spreek dus vanself dat Ria deur middel van die pedoterapeutiese gesprekke begelei moes word tot 'n daadwerklike aanvaarding van die verantwoordelikheid om haar verstandelike moontlikhede optimaal te aktualiseer. Sy moes tot die besef gebring word dat sy, ondanks haar probleme, nie aan haar situasie uitgelewer is nie en daarom nie haar verantwoordelikhede mag probeer ontduik nie. Sy moet ook kom tot 'n aanvaarding van haar aandeel aan die ontoereikende verhouding met haar moeder en suster en sy moet poog om dit te verbeter. Ook Ria se ouers

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moes begelei word tot insig in die oorsprong van haar probleem asook tot 'n beter begrip van die opvoedingsgebeure en veral die gesagsverhouding. Om Ria se vertroue terug te wen en deur haar aanvaar te word, moes veral die moeder haarself oopstel en toeganklik maak vir haar dogter.

### 2.3.5 Hulpverlening.

Ria is een maal per week by die skool besoek en altesaam 10 pedoterapeutiese gesprekke is met haar gevoer. Tydens die opvolgwerk het 'n maatskaplike werkster van die Kinderleidinginstituut van die Universiteit van Pretoria ook 'n gesprek met haar gevoer.

Vanaf die eerste gesprek met haar was dit duidelik dat Ria agterdogtig is en dit was dan ook nie voor die vierde gesprek dat die vertrouensverhouding sodanig gevestig was dat sy daaraan begin deelneem het nie. Die eerste drie gesprekke is hoofsaaklik daaraan gewy om tot 'n ontmoeting met Ria te kom. Sy is gewys op haar goeie verstandelike moontlikhede asook op haar verantwoordelikheid ten opsigte van die aktualisering daarvan.

Aangesien daar 'n sterk begeerte by Ria is om uit die skoolsituasie te ontvlug, is tydens die hulpverlening gepoog om haar die skool en die onderwysers in 'n beter lig te laat sien. Die studiemetode waarvan sy gebruik maak, is ook met haar bespreek en die tekortkominge daarvan is aan haar uitgewys. Hoewel sy vasgestelde studietye het, benut sy dit nie effektief nie en leer slegs die dag voor 'n toets of eksamen. 'n Studiemetode (vgl. Hoofstuk III, p.67) is met haar bespreek en sy is versoek om dit by haar eie omstandighede te implementeer.

Dit was egter eers tydens die vierde pedoterapiesessie dat Ria meer openlik begin praat het oor haar afkeur vir die skool en sekere onderwysers. Die pedoterapeut het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om haar te lei tot toenemende aanvaarding van die skoolsituasie en van die gesag van die onderwysers. Op 'n simpatieke wyse is daar gepoog om haar tot die besef te bring van haar aandeel aan die wyse waarop die onderwysers teenoor haar optree, soos byvoorbeeld die feit dat sy so min aandag aan haar skoolwerk bestee.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Geleidelik is daar ook met Ria oor haar huislike omstandighede begin gesels. Dit was duidelik dat sy baie ontevrede was met die feit dat die suster net ouer as syself, "voorgetrek" word. Hieruit het weer eens die ontoereikende verhouding tussen die dogters asook tussen Ria en haar moeder geblyk. Alhoewel Ria probeer voorgee het dat dit haar nie raak nie, was dit duidelik dat sy tog ŉ hegter verhouding met haar moeder begeer. Sy is daarop gewys om meer gehoorsaam en behulpsaam te wees en sodoende die goedgesindheid van haar moeder te verkry. Daar is ook gepoog om haar vader, wat sy as ŉ effense swakkeling beskou vanweë sy halfhartige gesagsuitoefening, in ŉ beter lig te stel.

Uit ŉ gesprek wat die gemelde maatskaplike werkster met Ria gevoer het na afloop van die hulpverlening, kon ŉ duidelike verbetering bespeur word. Die persoonsbeeld wat sy openbaar, wek baie minder kommer as wat die geval was toe die hulpverlening ŉ aanvang geneem het. Sy beleef die skoolsituasie as minder onaangenaam en sy bestee meer tyd aan haar studies. Hoewel sy nie baie openhartig was oor die verhoudinge tuis nie, het sy tog gesê dat die verhouding tussen haar en haar moeder baie verbeter het. Die feit dat sy van plan is om ŉ kursus in kleuteronderwys te volg nadat sy die skoolverlaat het, dui daarop dat haar toekomsperspektief nie meer totaal verduister is nie. Sy wil ook nie meer haar ouerhuis verlaat direk na voltooiing van haar skoolloopbaan nie maar wil eers klaar studeer.

Dit blyk dus dat Ria haar gesin- en skoolsituasie as meer gunstig en nie meer as bedreigend beleef nie en dat sy nie meer probeer om dit te ontvlug nie.

2.3.6 <u>Ouerbegeleiding</u>.

Behalwe die historiseteitsgesprek met die ouers, het die navorser ook ŉ begeleidende gesprek met hulle gevoer waarin die faktore wat aanleiding gegee het tot Ria se onderprestasies op skool, breedvoerig met hulle bespreek is. Tydens die tydperk waarin Ria pedoterapie ontvang het, het die maatskaplike werkster twee gesprekke met die moeder gevoer.

Gedurende die begeleidende gesprek met die ouers het die navorser Ria se uitstekende verstandelike moontlikhede, asook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



affektiewe stabiliteit as voorwaarde vir die optimale aktualisering daarvan, aan hulle voorgehou. Hulle is gewys op die labiliserende uitwerking wat die ontoereikende moeder - dogter verhouding en die gesinsituasie as ŉ geheel, op Ria het. Hierdie situasie rem haar in die aktualisering van haar verstandelike moontlikhede en dit gee dus aanleiding tot haar vasgelopenheid in die skoolsituasie. Aangesien sy nie in die skoolsituasie kan vorder nie, is daar ŉ begeerte by haar om dit te ontvlug.

Die onderskeie verhoudingstrukture (vgl. Hoofstuk III, p.65) is vervolgens bespreek en daar is veral klem gelê op die begrypings- en gesagsverhouding. Die vader is daarop gewys dat hy baie sterker sal moet optree aangesien Ria nog nie selfstandig besluite kan neem nie. Deur simpatieke maar ferm gesagsleiding kan hy haar steun tot die neem van die regte besluit en sodoende aan haar die nodige sekerheid en affektiewe stabiliteit gee. Deur hulle te onttrek aan ŉ argument met Ria word geen probleme opgelos nie, maar openbaar die ouers hulleself as "swakkelinge" in haar oë. Deur ferm dog simpatieke gesagsleiding kan die goedkeurenswaardige aan haar voorgehou word en kan dit sekerheidsbelewing meebring aangesien sy dan weet wat van haar verwag word.

Ook die begrypingsverhouding tussen moeder en dogter is baie deeglik bespreek. Aangesien Ria as jong kind dikwels die aandag van haar moeder moes ontbeer vanweë haar moeder se werksomstandighede of die siekte van haar suster, het sy haarself as nie-aanvaar beleef. Die voortdurend "kompetisie" met haar suster om die aandag van haar moeder, het by Ria ŉ afkeur ten opsigte van haar suster laat ontstaan. Dit is duidelik aan die moeder gestel dat sy nou die een sal wees wat toenadering moet soek en haarself vir Ria toeganklik moet maak.

Hierdie begeleidende gesprek met die ouers is deur die maatskaplike werkster opgevolg en twee verdere gesprekke is met die moeder gevoer. Reeds met die eerste van hierdie twee gesprekke het dit duidelik geword dat die verhouding tussen moeder en dogter besig is om te verbeter. Ria het nou self toenadering gesoek nadat sy die ontluikende verhouding aanvanklik versteur het. Hoewel daar op daardie tydstip nog nie veel sprake van ŉ affektiewe binding was nie, was dit tog duidelik dat die moeder meer insig in Ria se probleme openbaar het en dat sy poog om die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaping tussen hulle, te oorbrug.

Die tweede gesprek, twee maande later, het aan die lig gebring dat die verhouding baie verbeter het. Ria sluit haarself by gesprekke aan en sonder haarself nie meer in haar kamer af nie. Die moeder is veral verheug oor die feit dat Ria nie meer van plan is om die huis direk na voltooiing van haar skoolloopbaan te verlaat nie. Sy is egter bevrees dat Ria nie die studiebeurs waarvoor sy aansoek gedoen het, sal kry nie en wil haar dus daarop voorberei. Die maatskaplike werkster begelei haar egter daartoe om saam met Ria te hoop en indien sy dit dan wel nie kry nie, aan haar te toon dat sy nog as kind aanvaar word.

Hoewel daar soms nog insidente is wat probleme skep, is dit duidelik dat die situasie geheel verander het. Die veranderde gesinsituasie is ʼn situasie waarbinne Ria aanvaarding en sekerheid beleef en dit bied aan haar die veilige onsheidsruimte vanwaar sy haarself gnosties-kognitief op die leerstof kan rig.

### 2.3.7 Uitkoms van die pedoterapie.

Wanneer Ria se skolastiese prestasies voor die pedoterapie vergelyk word met dié daarna (vgl. Hoofstuk III, Tabel III), dan blyk dit dat sy vanaf 4% onder die klasgemiddeld tot 2% bo die klasgemiddeld verbeter het. Daar het dus nie by haar so ʼn skouspelagtige verbetering ingetree soos byvoorbeeld by Maria nie, ondanks die feit dat 10 pedoterapeutiese gesprekke met haar gevoer is en dat die maatskaplike werkster intensiewe opvolgwerk gedoen en twee verdere gesprekke met die moeder gevoer het. Wat egter wel van betekenis is, is die feit dat daar nie ʼn daling ingetree het na beëindiging van die pedoterapie nie.

Dit is dus duidelik dat alle leerlinge nie ewe vinnig skolasties verbeter na pedoterpeutiese bemoeienis nie. Indien weer in aanmerking geneem word dat dit relatief lank geneem het om tot ʼn ontmoeting met Ria te kom, is dit tog moontlik dat sy nog heelwat sou verbeter het indien die hulpverlening langer voortgeduur het. Dit is egter onmoontlik om te sê of dit definitief die geval sou gewees het. Om hierdie rede moet daar gewys word op die noodsaaklikheid van ʼn aantal prognostiese kriteria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aan die hand waarvan daar tot ŉ redelike mate bepaal kan word in hoeverre die potensieel te vroeë skoolverlater sal antwoord op die steun wat hy in die terapeutiese situasie ontvang en of die terapie oor ŉ langer of korter tydperk sal moet strek.

## 3. Samevattende opmerkings.

Die doel van hierdie hoofstuk was om aan die hand van enkele persoonsbeelde die moontlikheid van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater aan te toon. Alhoewel al die leerlinge wat by die pedoterapiegroep betrokke was, onderprestasie as simptoom vertoon het, het dit tog geblyk dat elkeen van hulle in ŉ unieke situasie verkeer en dat die aanleidende faktore tot hul gebrekkige skoolvordering uiteenlopend van aard was. In die laaste instansie kon die meeste van hierdie faktore egter teruggevoer word tot versteurde onsheid in die gesinsituasie wat aanleiding gegee het tot ŉ versteurde uitgaan-na-wêreld.

Ondanks algemene riglyne (vgl. Hoofstuk II, 2.2), was dit in die pedoterapeutiese situasie noodsaaklik dat met elke potensieel te vroeë skoolverlater, op grond van die uniekheid van sy situasie, op ŉ anderse wyse tot ŉ ontmoeting gekom moes word. So is daar byvoorbeeld baie gou tot ŉ ontmoeting met Maria gekom en het sy self die inisiatief geneem in die bespreking van haar probleem. Martin se probleem het anoniem gebly en dit moes op ŉ indirekte wyse bespreek word. In die geval van Ria moes die maatskaplike werkster ŉ groot bydrae lewer ten aansien van die begeleiding van die ouers. Uit hierdie laaste persoonsbeeld blyk dit dan ook baie duidelik dat die maatskaplike werkster wat pedagogies geskoold is, ŉ reuse aandeel kan hê in die opheffing van die onderpresteerder se geneigdheid tot te vroeë skoolverlating. Haar waarde lê veral in die addisionele inligting wat verkry word uit haar huisbesoeke asook in die begeleiding wat sy kan bied aan ouers van potensieel te vroeë skoolverlaters, veral waar dit blyk dat slegs een begeleidende gesprek onvoldoende is.

Dit is noodsaaklik dat die pedoterapeut wat hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater bied, intensief geskool sal wees in die ortopedagogiek en pedoterapie. Hy moet deur middel van diagnostisering kan deurdring tot die kern van elke kind se probleem en hom dan pedoterapeuties steun tot die aanvaarding van die verantwoordelikheid vir die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4. Verwysings.


1. Kotze, J.M.A. : Die leerwêreld van die breinbeskadigde kind as beleweniswêreld : 'n Psigologies - Pedagogiese evaluering, Ongepubliseerde D.Ed - proefskrif. Universiteit van Pretoria, 1968.
2. Nel, B.F. en Esterhuysen, C.H. : Die tekening van die menslike figuur as 'n "projeksie" - tegniek, Opvoedkundige Studies Nr. 22, Werkgemeenskap, U.P. 1958.
3. Pretorius, J.W.M. : Grondslae van die pedoterapie, McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1972.
4. Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Handleiding vir die I.P.A.T. - angsskaal, Instituut vir Psogometriese Navorsing, Pretoria, 1969.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK V

## SAMEVATTING, BEVINDINGE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 1. Inleiding.

In die voorafgaande hoofstukke is daar ŉ beeld gegee van die uitkoms van die ondersoek na die pedoterapeutiese bemoeienis met potensieel te vroeë skoolverlaters. Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal in watter mate daar van pedoterapie gebruik gemaak kan word om die potensieel te vroeë skoolverlater te steun tot optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede en dus tot terugkeer na sy bereikbare wordingsniveau.

Om dit te kon bepaal is pedoterapeutiese hulp aan ŉ aantal geselekteerde potensieel te vroeë skoolerlaters verleen. Deur diagnostisering is ŉ beeld van elkeen van hulle se versteurde belewinge en van die faktore wat aanleiding daartoe gegee het, verkry. In die pedoterapeutiese situasie, waar daar van gespreksterapie gebruik gemaak is, is daar gepoog om hulle te begelei tot insig in hul probleem en tot die oplossing daarvan. Ook met hulle ouers is ŉ aantal begeleidende gesprekke gevoer waarin hulle begelei is tot groter insig in die pedagogiese gebeure en in die probleem van hul kind sodat hulle hul kind ten aansien daarvan kon steun. In enkele gevalle is ook van ŉ maatskaplike werkster gebruik gemaak vir verdere steungewing aan die ouers.

### 2. Samevatting van die ondersoek.

Ter inleiding is daar in hoofstuk I op die erns en omvang van die probleem van potensieel te vroeë skoolverlating gewys. Daar is ook gewys op die ondersoeke en bevindinge van vorige navorsers op hierdie gebied. Enkele probleemvelde wat aanleiding kan gee tot te vroeë skoolverlating is uitgelig. Die rol van die gesin, skool, milieu, die arbeidsmark, die persoonstruktuur en organiese faktore in hierdie verband is volledig bespreek. Vervolgens is daar ook gewys op enkele implikasies van te vroeë skoolverlating. ŉ Land soos Suid-Afrika met sy beperkte mannekragpotensiaal, kan dit nie bekostig om van sy mees bruikbare breinkrag deur onverantwoordelike skoolverlating te verloor nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Op grond van bogenoemde implikasies is daar in hoofstuk II gewys op die noodsaaklikheid van hulp aan die potensieel te vroeë skoolverlater tot die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede. Dit is gedoen deur veral te wys op die aanbevelings van vorige navorsers dat hulp verleen moet word. Die nood aan hulp is verder beklemtoon deur die huidige stand van hulpverlening in hoërskole en die tekortkominge daarvan, uit te lig.

Die verskillende vorme van pedoterapie, wat moontlik ingeskakel kan word ten einde hulp aan die potensieel te vroeë skoolverlater te verleen, is bespreek en dit is aangetoon waarom daar op gespreksterapie as aangewese vorm besluit is. Die moontlikheidsvoorwaardes vir die stigting van 'n pedoterapeutiese verhouding asook die werklike essensies van die pedoterapeutiese gespreksituasie is bespreek.

Aangesien die potensieel te vroeë skoolverlater tot insig in sy probleem en sodoende tot die oplossing daarvan begelei moet word, moet daar 'n intieme verhouding tussen pedoterapeut en kind gekonstitueer word. Om hierdie rede is daar gewys op die verloop in die pedoterapeutiese gebeure.

Aangesien die pedoterapeutiese gebeure nie op toevalligheid berus nie, is dit nodig dat die vordering wat gemaak word, van tyd tot tyd bepaal sal word. Vir hierdie doel is die pedagogiese doelstrukture tot pedoterapeutiese kriteria omskep aangesien die pedoterapie, as besondere opvoedingsgebeure, dieselfde doel met die kind voor oë het as die opvoeding.

Die verloop en uitkoms van die empiriese ondersoek is in hoofstuk III bespreek. Daar is gewys op enkele aspekte rakende organisatoriese prosedure ten aansien van die afgrensing van die potensiële skoolverlaters, die selektering van die pedoterapiegroep en die hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlaters. Enkele riglyne ten aansien van die verloop en inhoud van die pedoterapie asook ten aansien van die ouerbegeleiding is aangetoon. Die uitkoms van die pedoterapie met elke betrokke potensieel te vroeë skoolverlater is met behulp van 'n tabel aangetoon.

Ten slotte is in hoofstuk IV enkele persoonsbeelde volledig

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bespreek. Daar is gewys op dié historisiteitsgesprekke met die ouers en die gegewens uit die diagnostiserings ondersoeke aan die hand waarvan tot 'n totale persoonsbeeld van elke potensieel te vroeë skoolverlater gekom kon word. Verder is gewys op die inhoud van die pedoterapie en die ouerbegeleiding asook op die uitkoms daarvan in hierdie gevalle.

Vervolgens sal die belangrikste bevindinge van hierdie ondersoek aangetoon word aan die hand waarvan enkele gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen sal word.

## 3. Bevindinge.

Uit hierdie ondersoek waarby 181 hoërskoolleerlinge betrokke was en waarvan 17 leerlinge intensiewe hulpverlening ontvang het, het die volgende aan die lig gekom:

### 3.1 Bevindinge ten opsigte van die identifisering van die potensieel te vroeë skoolverlater.

Uit die samewerking wat van die skoolhoofde verkry is, het dit geblyk dat hulle nie probleme ondervind het met die identifisering van vyf potensieel te vroeë skoolverlaters in elke standerd nie. Dat hulle bewus is van die erns van hierdie probleem blyk ook uit hul heelhartige samewerking.

Uit die selekteringsondersoek het aan die lig gekom dat al die leerlinge wat betrokke was, reeds ernstige simptome van potensieel te vroeë skoolverlating toon. Dit blyk dus dat ernstige gevalle van potensieel te vroeë skoolverlating wel by die skole geïdentifiseer kon word.

### 3.2 Bevindinge ten opsigte van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater by die skole.

Ten opsigte van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater by die skole self, bestaan daar min sprake. Daar is veral 'n groot gebrek aan begrip vir die probleme van hierdie leerlinge. Skoolhoofde huldig dikwels menings wat weens die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



veralgemenende aard daarvan, nie altyd pedagogies verantwoordbaar is nie.

Werklike diepgaande diagnostisering ten opsigte van die leerling se probleem, bestaan glad nie.

Uitkenning berus veral op die gebrekkige skoolvordering en duidelik waarneembare gedragsafwykings van die kind. Van werklike diepgaande diagnostisering is daar geen sprake nie. Waar leerlinge wel op grond van bogenoemde as potensieel te vroeë skoolverlaters geïdentifiseer word, word geen wetenskaplik gefundeerde en pedagogies verantwoordbare hulpverlening aan hul gebied nie. Die "hulpverlening" bestaan gewoonlik uit een of ander vorm van straf.

## 3.3 Bevindinge ten opsigte van die onderwysstelsel.

Slegs twee van die 12 betrokke skole beskik oor die dienste van 'n ortopedagoog en een skool oor 'n beroepsoriënteur. Daar bestaan dus slegs by hierdie skole die moontlikheid van diagnostisering en hulpverlening.

Weens die pligte van hierdie onderwysers (hulp met vakkeuses, beroepsleiding aan matrikulante, doseer een of meer akademiese vakke, buitemuurse aktiwiteite, ens.) is dit egter vir hulle ook nie moontlik om intensief aandag te gee aan die groot persentasie potensieel te vroeë skoolverlaters nie.

Voogonderwysers beskik selde oor die kennis om die potensieel te vroeë skoolverlater vroegtydig te identifiseer en onder die aandag van die ortopedagoog te bring.

Die feit dat daar ten spyte van uitbreiding te min kinderleidingklinieke in Onderwysdepartemente bestaan en dat daar 'n tekort aan opgeleide personeel vir hierdie klinieke is, verminder ook die moontlikheid van vroegtydige uitkenning en hulpverlening.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



3.4 Bevindinge ten opsigte van die faktore wat aanleiding gee tot potensieel te vroeë skoolverlating.

Op grond van die ondersoek is bevind dat die volgende aanleiding kan gee tot potensieel te vroeë skoolverlating : die gesin- of primêre opvoedingsituasie, die skoolsituasie, die milieu, die arbeidsituasie, die persoonstruktuur van die potensieel te vroeë skoolverlater self en organiese faktore. Dit is bevind dat die primêre opvoedingsituasie vir bykans 60% van die gevalle van potensieel te vroeë skoolverlating verantwoordelik is en die skoolsituasie vir bykans 20%.

Dit blyk dus dat daar veral by die ouers van hierdie leerlinge 'n groot mate van onkunde bestaan ten aansien van die behoorlike voltrekking van die opvoedingsgebeure. Aangesien hulle in so 'n groot persentasie van die gevalle medeverantwoordelik is vir hul kind se onderprestasie, is hulle dus nie by magte om hulp te verleen nie en meestal dra hulle ook nie kennis van instansies wat wel kan help nie.

'n Groot aantal van die potensieel te vroeë skoolverlaters wat deur die skoolhoofde aangewys is, se situasies het onophefbaar geblyk te wees. Weens egskeidings en die gepaardgaande vervreemding tussen ouer en kind, word die moontlikhede tot verbetering, tot 'n minimum beperk.

3.5 Bevindinge ten opsigte van die uitkoms van die terapie aan die potensieel te vroeë skoolverlaters wat by hierdie ondersoek betrokke was.

Van die 17 potensieel te vroeë skoolverlaters wat pedoterapeutiese hulp ontvang het, het:

i) twee skolasties met meer as 10% gemiddeld verbeter;
ii) agt met 5 - 10% verbeter;
iii) vier relatief konstant gebly en
iv) drie steeds verswak.

Dit blyk dus dat al die leerlinge nie skolasties verbeter het nie. Die wat wel verbeter het, het ook nie almal ewe vinnig

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en ewe veel verbeter nie. Wat egter wel hier betekensvol is, is dat uit die pedoterapeutiese gesprekke geblyk het dat by al die leerlinge 'n verbetering was ten opsigte van hul insig in hul probleem en hul stellingname daarteenoor. Deur die opneem van die verantwoordelikheid ten opsigte van die oplossing van hul probleme is hulle dus gesteun in hul op-weg-wees na volwassenheid en nie net ten opsigte van skolastiese prestasie nie.

## 4. Gevolgtrekkings.

Uit die bevindinge soos verkry uit hierdie ondersoek, kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word:

4.1 Ondanks die feit dat die identifisering van die leerlinge wat by hierdie ondersoek betrokke was, geen ernstige probleme gebied het nie, blyk dit tog dat die potensieel te vroeë skoolverlater nie as sodanig geidentifiseer word voordat hy nie reeds ernstige simptome toon nie. Die erns van die probleem word opnuut onderstreep deur die groot aantal potensieel te vroeë skoolverlaters wat wel deur die skoolhoofde geïdentifiseer kon word en dus reeds ernstige simptome openbaar.

Weens die gebrek aan vroegtydige identifikasie, word die moontlikheid van voorkoming en bekamping, tot 'n minimum beperk.

4.2 Weens die tekort aan pedagogies goed geskoolde onderwysers in elke skool, en weens hul beperkte tyd, is identifikasie van die potensieel te vroeë skoolverlater, die diagnostisering van sy probleem en hulpverlening met die oog op die oplossing daarvan, nie op die peil wat dit behoort te wees nie.

Die kinderleidingklinieke van die Onderwysdepartemente is steeds te min en komprehensiewe eenhede steeds te groot sodat dit nie vir ortopedagoë (skoolsielkundiges) moontlik is om die hulp waartoe hulle in staat is te verleen in die bekamping van die probleem nie.

4.3 Die primêre opvoedingsituasie is die grootste enkele faktor wat aanleiding gee tot die probleem van te vroeë skoolverlating. Die ouers beskik dikwels nie oor die nodige pedagogiese kennis om hul kinders te steun tot die aanvaarding van verantwoordelikheid nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.4 Die uitkoms van die terapie aan die potensieel te vroeë skoolverlaters wat by hierdie ondersoek betrokke was, het aan die lig gebring dat daar 'n verbetering (in skolastiese prestasie) in 60% van die gevalle was. Dit is dus moontlik om die potensieel te vroeë skoolverlater deur middel van pedoterapie te steun tot die verbeterde aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

## 5. Aanbevelings.

Dit kan nie toegelaat word dat die omvang van die potensieel te vroeë skoolverlatingsprobleem toeneem en sodoende die verlies aan blanke mannekrag vergroot nie. Uit die bevindinge van hierdie ondersoek het dit geblyk dat die probleem wel effektief bekamp kan word. Die toepassing van die volgende aanbevelings kan grootliks hiertoe bydra.

### 5.1 Aanbevelings ten opsigte van die identifikasie van die potensieel te vroeë skoolverlater.

Aangesien voorkoming steeds beter as "genesing" is, kan die belangrikheid van vroegtydige identifisering nie oorbeklemtoon word nie. By elke skool moet 'n behoorlike identifikasieprogram geïmplementeer word deur gebruik te maak van diagnostiseringsmedia. Hierdie program veronderstel die nouste samewerking tussen al die onderwysers en ouers. In die onderwyser se opleiding moet daar meer aandag gegee word aan die aspek van identifikasie van potensiële skoolverlaters en hulle moet daarvan bewus gemaak word dat die skool ook 'n rol kan speel in die ontstaan van hierdie probleem. Ouers moet ook elementêre opleiding en vorming ontvang (byvoorbeeld tydens oueraande) ten aansien van die opvoedingsgebeure sodat ook hulle simptome van potensieel te vroeë skoolverlating vroegtydig kan identifiseer.

### 5.2 Aanbevelings ten opsigte van die onderwysstelsel.

Aangesien pedagogies verantwoordbare hulpverlening aan potensieel te vroeë skoolverlaters bykans nie by skole bestaan nie, is dit noodsaaklik dat elke skool minstens oor die dienste van een ortopedagoog beskik wat nie met ander skoolaktiwiteite belas is nie. Deur diagnostisering en hulpverlening moet hy die potensieel te vroeë skoolverlater steun tot die optimale aktuali-

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sering van sy verstandelike moontlikhede. Hy moet egter veral aandag gee aan die vroegtydige identifisering en voorkoming van die probleem.

Die aantal kinderleidingklinieke moet vermeerder word sodat meer gespesialiseerde hulp beskikbaar is, veral by die hulpverlening aan leerlinge wat reeds ernstige probleme openbaar en die skoolsituasie permanent wil verlaat.

## 5.3 Algemene aanbevelings.

Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat 'n maatskaplike werkster 'n waardevolle bydrae kan lewer in die bekamping en opheffing van die potensieel te vroeë skoolverlatingsprobleem. Deur tuisbesoeke kan addisionele inligting bekom word en kan verdere begeleiding aan ouers gegee word. Die insluiting van 'n pedagogies geskoolde maatskaplike werkster (of 'n sosiopedagoog) in die kliniekpersoneel van Onderwysdepartemente, is 'n aangeleentheid wat omstige oorweging behoort te geniet.

Uit die bevindinge het dit geblyk dat 'n aantal leerlinge geen skolastiese verbetering getoon het nie. Aangesien tyd 'n beperkende faktor is en dit nie verspil kan word op leerlinge wie se moontlikhede tot verbetering gering is nie, is dit nodig dat 'n aantal prognostiese kriteria daargestel word aan die hand waarvan die moontlikhede op verbetering bepaal kan word.

Aangesien daar so 'n groot aantal potensieel te vroeë skoolverlaters is wie se situasies, onder andere vanweë vervreemding onophefbaar blyk te wees, is dit noodsaaklik dat ernstig aandag gegee sal word aan die moontlikheid om hierdie kinders-in-nood te steun tot volwassenheid.

Aangesien hierdie ondersoek slegs as eksemplaries beskou moet word, word aanbeveel dat die navorsing op die gebied van hulpverlening aan die potensieel te vroeë skoolverlater meer intensief en meer omvattend voortgesit word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## BIBLIOGRAFIE


1. BONDESIO, M.J.: Die kenrelasie tussen die potensiële skoolverlater en die onderwyser as ortopedagogiese opgawe vir die hoërskool, Ongepubliseerde M.Ed - verhandeling, U.P. 1970.

2. BOTHA, T.R.: Die dualiteit in die leerverhoudinge van die potensiële skoolverlater, R.G.N., Publikasiereeks Nr. 28, 1973.

3. BOTHA, T.R.: Die sosiale lewe van die kind in opvoeding, Pretoria Drukkers, n.d.

4. BOTHA, T.R.: ŉ Sosio-ortopedagogiese perspektief op die leefwêreld van die swaksiende kind met verwysing na enkele belewingsmomente. Pedagogiek Studies Nr. 75, U.P. 1973.

5. BROUWER, W.H. ea.: Schoolkinderen uit sociaal zwakke gezinnen, Groningen, Wolters, 1954.

6. DU PLESSIS, P.J.J.: "Individu en gemeenskap" in: Psychologia, Pedagogica, Sursum!, U.U.B., Stellenbosch, 1970.

7. DU PLESSIS, P.J.J.: Die problematiek van die te vroeg skoolverlatende blanke jeug in die Republiek van Suid-Afrika, Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Publikasiereeks Nr. 19, Pretoria, 1964.

8. DU PLESSIS, P.J.J.: Sosiopedagogiek; opvoedingswerklikheid en maatskaplike werklikheid, McGraw-Hill, Johannesburg, 1974.

9. DUMONT, J.J.: "Orthopedagogiek, Pedotherapie en Opvoeding" in S.A. Tydskrif vir die Pedagogiek, Vol. 3 Nr. 2, Desember 1969.

10. FAURE, J.S.M.: ŉ Moderne pedagogiese benadering van spel, Opvoedkundige Monografieë Nr. 7, H.A.U.M., Pretoria - Kaapstad, 1963.

11. FAURE, J.S.M.: Die pedagogiese diagnostisering van gedragsmoeilike kinders deur middel van spel, met verwysing na bepaalde pedagogiese kriteria, Opvoedkundige Monografieë Nr. X, H.A.U.M., Pretoria, 1966.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




12. FERREIRA, G.V.: 'n Pedokliniese ondersoek na die vasgelopenheid van die skoolverlater in sy leerwêreld as beleweniswêreld, Ongepubliseerde M.Ed verhandeling, U.P. 1968.

13. FRANKL, V.E.: Medische Zielzorg, Erven. J. Bijleveld, Utrecht, 1959.

14. GARBERS, J.G.: Die milieu-gestremde kind, 'n gedugte onderwyskundige uitdaging, soos in Die Unie, Augustus, 1968.

15. GUINERY, M.: How to study, George Allen & Unwin Limited, London, 1967.

16. HEESE, K.W.: Studie : hoe om te studeer, Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, 1940.

17. HOOFSTAD, 2 Junie 1971.

18. KOTZÉ, J.M.A.: Die leerwereld van die breinbeskadigde kind as beleweniswêreld : 'n Psigologies - pedagogiese evaluering, Ongepubliseerde D.Ed. - proefskrif, U.P. 1968.

19. LANDMAN, W.A.: Leesboek vir die Christen opvoeder, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1974.

20. LANDMAN, W.A.: "Pedagogiese kriteria by die gesprekterapie" in: Psychologia, Pedagogica Sursum!, U.U.B., Stellenbosch, 1970.

21. LANDMAN, W.A. EN GOUS, S.J.: Inleiding tot die Fundamentele Pedagogiek, Afrikaanse Persboekhandel, Johannesburg, 1969.

22. LANDMAN, W.A. EN KILIAN, C.J.G.: Leesboek vir die opvoedkundestudent en onderwyser, Juta en Kie Bpk., Kaapstad/Wynberg/Johannesburg, 1972.

23. LANDMAN, W.A., KILIAN, C.G.J. EN ROOS, S.G.: Denkwyses in die opvoedkunde, N.G. Kerkboekhandel, Pretoria, 1971.

24. LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. EN LIEBENBERG, C.R.: Opvoedkunde en opvoedingsleer vir beginners, Universiteitsuitgewers en -boekhandelaars (Edms) Bpk., Stellenbosch Grahamstad, 1971.

25. LANGEVELD, M.J.: Bevrijding door beeld-communicatie, Nederlandsche tijdschrift voor de psigologie, Nieuwe reeks deel X, 1955.

26. LICHTER, S.O.: The drop-outs. The free Press of Glencoe, New York, 1963.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




27. LOUW, W.J.: 'n Verkenning van die leefwereld van die skoolverlater, Ongepubliseerde M.Ed - verhandeling, U.P., 1967.

28. LOUW, W.J., SMIT, W.J., FERREIRA, G.V. EN BOTHA, T.R.: Die problematiek van skoolverlating - In reeks "Opvoedkundige studies" Nr. 64, Fakulteit Opvoedkunde (Werkgemeenskap), Universiteit van Pretoria, s.d.

29. LUBBERS, R.: Het beeld als communicatiemiddel in de Pedotherapie, Uitgave van het Paedagogische Instituut der Rijksuniversiteit te Utrecht. J.B. Walters, Groningen Acta Paedagogica Ultrajectina XX, 1960.

30. LUBBERS, R.: Voortgang en nieuw begin in de opvoeding, Van Goreum, Assen, 1966.

31. MOUSTAKAS, C.E.: Psychotherapy with children, Harper & Row, Publishers, N.Y., Evanston and London, 1959.

32. NEL, B.F.: Druiping by skoolleerlinge; 'n Sosiaal pedagogiese studie, Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg, 1945.

33. NEL, B.F.: Die grondbeginsels van 'n Pedagogies-verantwoorde pedoterapie, Jubileumlesings, H.A.U.M., Pretoria - Kaapstad, 1963.

34. NEL, B.F. EN ESTERHUYSEN, C.H.: Die tekening van die menslike figuur as 'n "projeksie" - tegniek. Opvoedkundige Studies Nr. 22, Werkgemeenskap, U.P. 1958.

35. NIJKAMP, W.M.: De kleuter in de gemeenschap, J.B. Walters, Groningen, Zevende ongewijzigde druk, 1968.

36. PRETORIUS, J.W.M.: Grondslae van die pedoterapie, McGraw-Hill Boekmaatskappy, 1972.

37. PUTTER, J.H.: Die ontoereikende verwerkliking van die opvoedingsgebeure as aanleiding tot te vroeë skoolverlating, Ongepubliseerde M.Ed. verhandeling, U.P. 1973.

38. SCHOEMAN, S.J.: Pedagogiese momente by die antropologie van V.E. Frankl, Serie Verdiept Inzicht Nr. 17, Amsterdam, 1961.

39. SMIT, W.J.: Die gesin as faktor by die etiologie van skoolverlating, Ongepubliseerde M.Ed. - verhandeling, U.P. 1968.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



40. SMITH, F.B.: Die ondergemiddelde leerling : aanleg, persoonlikheid, aanpassing, belangstelling en skolastiese prestasie, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1973.

41. SONNEKUS, M.C.H.: Die leerwêreld van die kind as belewenis-wêreld, U.U.B. (Edms) Bpk., Stellenbosch, 1968.

42. SONNEKUS, M.C.H.: Pedagogiese verwaarlosing as verskynsel in die opvoeding van die puberteitsdogter, soos in Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, Vol. 2 No. 2, Desember 1968.

43. SONNEKUS, M.C.H. ea: Psigopedagogiek. 'n Inleidende oriëntering, U.U.B. (Edms) Bpk., Stellenbosch/Grahamstad, 1973.

44. SUID-AFRIKAANSE RAAD vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Handleiding vir die I.P.A.T. - angsskaal, Instituut vir Psogometriese Navorsing, Pretoria, 1969.

45. SUID-AFRIKAANSE RAAD vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Handleiding vir die 19 - Veld-Belangstellings-vraelys, Instituut vir Psigometriese navorsing, Pretoria, 1971.

46. SUID-AFRIKAANSE RAAD vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Handleiding vir die P.H.S.F. - Verhoudinge-vraelys, Instituut vir Psigometriese navorsing, Pretoria, 1971.

47. VAN DEN BERG, J.H.: "Het gesprek", in: Persoon en wereld, (Red) Van den Berg, J.H. en Linschoten, J., Bijleveld, Utrecht, 1969.

48. VAN DER STOEP, F.: Didaktiese grondvorme, Academica, Pretoria/Kaapstad, 1969.

49. VAN DER STOEP, F. (Red): Die lesstruktuur, McGraw-Hill Boekmaatskappy, Johannesburg, 1973.

50. VAN GELDER, L.: Een orientatie in de orthopedagogiek, Walters, Groningen, 1962.

51. VAN NIEKERK, P.A.: Die beleweniswêreld van die stokkiesdraaier - In reeks "Opvoedkundige Studies" Nr. 64, Fakulteit Opvoedkunde (Werkgemeenskap), Universiteit van Pretoria, s.d.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



52. VAN WYK, S. : Die opvoedingsbetekenis van kinderspel, Butterworths, Durban, 1974.

53. VARNER, S.E.: School drop-outs, Research summary, 1967 - Research division - National Education Association.

54. VENTER, A.J. : Die gesinsituasie as beroepsorientering-situasie, Opvoedkundige Studies Nr. 39, U.P., 1963.

55. VERMEER, E.E.A. : "Discussie over het spel", in: Persoon en wereld, (Red) Van den Berg, J.H. en Linschoten, J., Bijleveld, Uitrecht, 1969.

56. VORSATZ, J.M.D.: Die aanwending van beeldende ekspressie en beeldende projeksie as terapeutiese hulp-middele by kinders, Opvoedkundige Studies Nr. 37, U.P. 1963.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# DIE PROBLEMATIEK VAN TE VROEË SKOOLVERLATING EN DIE MOONTLIKHEID VAN PEDOTERAPEUTIESE HULPVERLENING.

NAAM: Stefanus Francois Marais Crous.

LEIER: Dr. T.R. Botha.

DEPARTEMENT: Psigo-, Sosio- en Ortopedagogiek.

GRAAD: M. Ed.

## SAMEVATTING.

Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal in watter mate die potensieel te vroeë skoolverlater deur middel van pedoterapeutiese hulpverlening gesteun kan word om in ooreenstemming met sy verstandelike moontlikhede te presteer en dus nie oor te gaan tot skoolverlating nie. Om hierdie doel te kon bereik moes die beleweniswêreld van die potensieel te vroeë skoolverlater wat pedoterapie sou ontvang, diagnosties deurskou word om vas te stel watter faktore aanleiding gee tot sy skolastiese onderprestasie. Hierna is ꞌn begeleidende gesprek met die ouers gevoer waarin hul tot insig gebring is in die probleem van hul kind en is ook leiding aan hul verskaf ten aansien van die pedagogiese gebeure. ꞌn Aantal pedoterapeutiese gesprekke is met elke kind gevoer waarin gepoog is om hom te steun tot ꞌn herbelewing as herbetekening van sy gesitueerdheid sodat hy sodoende kan kom tot die aanvaarding van sy verantwoordelikheid ten opsigte van die optimale aktualisering van sy verstandelike moontlikhede.

Die leerlinge wat by hierdie ondersoek betrokke was, is leerling wat vanweë ontoereikende gnosties - kognitiewe stellingname hulle teen die eise van die skoolsituasie vasloop. Hierdie leerlinge is deur die skoolhoofde as onderpresteerders en dus as potensieel te vroeë skoolverlaters geïdentifiseer en deur diagnostisering het dit aan die lig gekom dat verskeie faktore aanleiding gegee het tot hul vasgelopenheid. Onverantwoordelike te vroeë verlating van die skoolsituasie hou vir ꞌn land soos Suid-Afrika verreikende implikasies in aangesien dit van die beste mannekragpotensiaal is wat so verlore

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



gaan. Om hierdie rede is dit noodsaaklik dat hierdie kinders gesteun moet word tot voltooiing van hul skoolloopbane. Uit die empiriese ondersoek het dit geblyk dat die grootste persentasie van hierdie leerlinge die opvoedingsgebeure as labiliserend beleef. Daarom moes die hulpverlening toegespits wees op die toereikende verwerkliking van die opvoedingsgebeure en dus op die stabilisering van hul belewinge. Dit was dan ook nodig om kriteria daar te stel aan die hand waarvan die geslaagdheid van die hulpverlening geëvalueer kon word.

In die ondersoek word aangedui hoe die leerlinge deur middel van diagnostisering, vir die pedoterapiegroep geselekteer is. Algemene riglyne ten aansien van die verloop van die pedoterapie aan die potensieel te vroeë skoolverlaters asook van die begeleiding van hierdie leerlinge se ouers is bespreek. Die faktore wat aanleiding gegee het tot elke leerling se onderprestasie is by wyse van tabelle aangetoon. Hul skolastiese prestasies soos wat hulle voor, tydens en na die terapie presteer het, is ook getabuleer. Die mate van onderprestasie kan ook uit laasgenoemde tabel afgelei word.

Ter nadere toeligting van die verloop en uitkoms van die terapie, is enkele persoonsbeelde bespreek om aan te dui hoe verskillende faktore aanleiding gee tot die probleem van potensieel te vroeë skoolverlating. Vanweë die uniekheid van elke kind se situasie het die verloop en inhoud van die pedoterapie dan ook van kind tot kind verskil. Ook die begeleidende gesprek met die ouers het ondanks sekere riglyne, in elke geval 'n eiesoortige karakter gehad. Die uitkoms van die pedoterapie is in hierdie enkele gevalle breedvoerig bespreek.

Ten slotte is daar enkele aanbevelings ten aansien van die bekamping van en die hulpverlening aan potensieel te vroeë skoolverlaters gemaak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# THE PROBLEM OF PREMATURE SCHOOL LEAVING AND THE POSSIBILITY OF PEDOTHERAPEUTICAL ASSISTANCE.

NAME: Stefanus Francois Marais Crous.

PROMOTOR: Dr. T.R. Botha.

DEPARTMENT: Psycho-, Socio- and Orthopedagogy.

DEGREE: M. Ed.

## SUMMARY.

The purpose of this research is to determine to what extent the potential premature school leaver can be assisted by means of pedotherapy, to perform in harmony with his learning possibilities and refrain from leaving school too early. To achieve this goal the lived-experience of every potential premature school leaver, who has been assisted pedotherapeutically, has to be diagnostically examined to determine the causes which contributed to his inadequate scholastic performance. In an interview the parents are lead to understand his problem and they receive guidance with regard to the pedagogical event. Every child has been pedotherapeutically interviewed a number of times in an attempt to support him to re-experience his situation, and to accept his responsibility with regard to the adequate actualisation of his learning possibilities.

Due to inadequate gnostic-cognitive realisation, all the pupils concerned, ran into trouble in the school situation. All these

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



pupils have been identified by their headmasters as premature school leavers and by means of diagnostication it has been discovered that various causes contributed towards the inadequate actualization of their learning possibilities. Irresponsible premature school leaving has far-reaching effects on a country as South Africa and due to this, the country is deprived of valuable potential manpower. Therefore, it is essential to encourage these pupils to complete their school careers. The empirical research revealed that the larger percentage of these pupils experience the pedagogical event as unstable. Therefore, in the pedotherapeutical assistance, the pedotherapeutist has to pay special attention to the adequate realisation of the pedagogical event and thus to stabilisation of their lived-experience. It is also necessary to set criteria to evaluate the success that has been achieved by the pedotherapy.

In the research it is shown how the pupils of the pedotherapy group have been selected by means of diagnostication. General directives in the course of the pedotherapeutical assistance to the potential premature school leaver as well as in the guidance of the parents of the pupils concerned, are discussed. The causes that contribute towards each pupil's poor scholastic performance, are tabulated. Their performance before, during and after the pedotherapy is also tabulated. The extent to which they under-achieve can also be derived from the latter.

In order to indicate the course and result of the research, a number of practical cases are discussed to illustrate how different factors cause potential premature school leaving. Due to the unique nature of each child's situation the course and content of the pedotherapy differ from child to child. Despite general directives, the interview with the parents, has in every case had a unique nature. The outcome of the pedotherapy in these individual cases is discussed in detail.

Finally a number of recommendations in respect of the prevention of, and the assistance to the potential premature school leavers, are made.